# SALIGIA

A thesis submitted in partial fulfilment of the requirements for the degree of

Master of Arts in Creative Writing

of

Rhodes University

by

**Gideon L. Strydom**

**November 2013**

## Abstract

When her life starts falling apart, a journalist and writer heads for a small rural town. Here the strange and wonderful tales about a local woman ignite her curiosity. As the town's secrets unravel she finds the truth behind all the fantasies. And in fighting her own demons she makes an unusual connection to this woman. She soon realises that this connection holds the key to her own salvation. Or her downfall.

***The only way to deal with an unfree world is to become so absolutely free that your very existence is an act of rebellion – Albert Camus.***

**1.**

Die Kewertjie gee ’n boksprong en backfire met ’n knal voor dit in die stofstraat vrek. Morsdood. Net daar. Ek mik vir die sandstrook langs Leliefontein Algemene Handelaar en hoop die laaste bietjie momentum sal die verdomde kar uit die pad uit kry. Die kar steek voorwiele vas in die sand en bly staan, ronde neus mik vir die winkel en ronde gat hang in die straat. Soos ’n regte inviting hoer! Ek gooi my deur oop. Wat ’n aankoms? Ek arriveer met ’n kanonskoot. Almal kyk, hier is ek. Come get me! Verdomde Fokwagen!

Ek gryp my pakkie Crowns en steek eers troos aan voor ek uitklim. Bliksem! Ek val terug agter die stuur en kyk die man wat skielik hier voor my staan geskok aan.

"Meisiemens, hoe kom jy dan nou vandag so grootoog met ’n hik en ’n knor hier in Leliefontein aan?"

Dis nie ’n man nie, dis ’n oom. Daar's ’n verskil.

"My motor het ’n probleem, Meneer, ek…."

"Oom Salie my kind, Vannewesthuizen, hieso het net die skool ’n meneer. Ok meer haantjie as meneer."

I knew it. Ek ken nog ’n oom as ek hom sien. "Ek's Julia, Oom, Julia Steyl", sê ek en klim uit die kar.

"Julia Steyl, mmmm, nou van watter Steyls is jy?"

O, hy is so oom as wat hulle kom. ’n Man sou my wou impress met allerhande kak raad en scaly suggestions en ’n Meneer sou seker die AA op sy selfoon bel. Nie dat hulle seker operate op sulke godverlate plekke nie. "Oorspronklik van die platteland, Oom, my mense het geboer, maar ek is ’n stadsjapie vandat ek drie was."

"Nou hoe is dit dat Julia Steyl dan nou vandag hier op Leliefontein van alle plekke uitslaan met so ou skedonkie?"

“Ek skryf Oom, vir ’n tydskrif. Ek's hier vir werk. Ek het gehoop my ou Volla sal dit darem maak tot by die gastehuis."

"Gastehuis, my gat! G’n ordentlike mens kan in daai plek loop slaap nie. Nie eers vir ’n middagslapie nie. Nee meisiemens, jy moet eerder by my en die tannie kom bly. Wag jy hier innie winkel dan loop kry ek die bakkie om jou tjor te sleep. Ek sê sommer vir Ma om vir jou solank die kamer reg te kry."

Ek wil nog protesteer, maar Oom Salie is al amper verby die oorkantste hoek van Leliefontein Algemene Handelaar. Net vir ’n oomblik huiwer hy, kyk weer peinsend terug. "Ek weet hoekom is jy hier, dis oor daai anner meisiemens," hoor ek hom voor hy om die hoek verdwyn.

Ek kyk Oom Salie agterna. Great! Moet ek nou by ’n Oom en ’n Tannie gaan bly? Ek sal mos nooit by al die jagse mans uitkom as ek so opgepas gaan word nie. Ek lag vir myself. Asof jy in elk geval iets sou doen! Janine het al my reëlings getref, my kamer by die gastehuis, blykbaar die enigste in Leliefontein, langtermyn bespreek. Ek hoop werklik dat die ou man net oordryf, ek voorsien nie dat ek onbepaald in ’n dump gaan loseer nie. ’n Mens kan tog nie sommer net so by iemand aan huis gaan bly nie. Iemand vreemds.

Ek gooi my Crown neer en trap hom weg in die sand, sluit die Volksie se deur (uit gewoonte) en stap in winkel toe.

Dis ’n tipiese, outydse winkeltjie met ’n groot toonbank wat die hele vertrek in twee deel. Rakke en rakke vol van alles is agter die toonbank met net ’n Coke yskas en chips mandjies aan die voorkant. Hier sal jy alles kry, van ’n bicycle tot ’n dooie poliesman, sou my oupa nou gesê het. In die middel van die toonbank is ’n afskorting en reg teen die oorkantste muur kan jy die oorblyfsels van ’n skeidingsmuur nog duidelik sien. Daar is nog ’n deur wat verder na regs op die stoep uitloop. Mmmmm, die goue era van apartheid. Dis ’n blerrie monument die. Die man op die verste regterkant van die toonbank laat my dink dat dit dalk net ’n lewende monument kan wees. Baie ironies dat hy "regs" is, dink ek terwyl ek ’n Coke uit die yskas haal. Miskien is ek net bevooroordeeld oor alle mense in alle klein plekkies. Die vrou agter die toonbank is besig om vir die man te preek dat 'moet nou nie gaan staan en bier brou

nie, wat wil julle in elk geval met al daai suiker en Yeast maak' en sien my eers toe ek langs hom kom staan en die Coke op die toonbank sit.

"Haai my, hallo," skrik sy, "mens, jy moes my sommer roep dan kom help ek." Ek glimlag vir haar, deels oor die vrou se ongemak en deels oor sy sopas al my gedagtes bevestig het.

"Alles reg, ek het darem gesien u is besig. Help gerus eers die meneer klaar," sê ek en lag amper vir die verbaasde uitdrukking op die vrou se gesig. Ek vang die vinnige blik wat die man my gee. Hy lyk geensins gesteur nie, eintlik heel gemaklik met die vrou.

"Daarsy Frans, jy't mos nou alles" sê die vrou. Die man knik en brom ’n onderlangse groet. Ek kyk hom agterna en vir ’n oomblik omtmoet ons oë wanneer hy omkyk net voor hy op die stoep uitstap. Hy vind dit ook snaaks. Het ek voortydig ’n oordeel gevel?

"Wat is dan fout met jou karretjie, Juffrou? Ek dag amper hulle skiet op ons toe jy hier om die draai kom. Dis R9,00 asseblief. En waar is Salie, wat het hy nou weer daar by jou kar aangevang?"

"Hy het gou sy bakkie gaan haal om my Volksie mee in te sleep…"

"Jou in te sleep? Met sy bakkie?” sy vind dit duidelik amusant. “Waarnatoe my mens? Die naaste plek is oor die 200 kilometer van hier af. Dit sal al ounag wees voor julle daar is."

Ek besef skielik dat ek geen idee het wat Oom Salie beplan het nie. “Nee, ek weet regtig nie. Hy het net aangebied dat ek by hom en sy vrou moet gaan bly. Hy was nie baie vlyend oor die gastehuis nie.”

“Hom en sy vrou? My mens, Alberta is al amper dertien jaar gelede oorlede. Salie se kop is nie meer aldag lekker by nie. En vandat hy daardie gastehuis aan die Erlanks verkoop het, het hy sy mond uit te spoel oor alles wat hulle daar aanvang.”

Ek probeer die skok verberg, femel ’n simpatieke glimlag. " Ek moet nog my weg vind na die gastehuis, ek gaan daar tuis vir ’n tydjie terwyl ek hier werk."

"Werk? Wat kom doen jy op ’n plek soos Leliefontein?

"Ek is ’n skrywer. Ek kom skryf….."

"Ooee mens, party dinge word hier nie eers oor gepraat nie, hoe dan nou nog dit skryf? Is jy die een wat kom skryf oor Evangeli…." Dit is asof daar skielik ’n waaksaamheid insluip in

haar houding. ’n Afstandelikheid met ’n duidelike boodskap: trap fyn, jy’s buite jou vaarwater.

"Nee Mevrou…"

"Evangeli en haar godsverdomde muur."

Ek besef net betyds waarvan die vrou praat. "Ja mevrou, ek…"

"Ag mens, ek is Rina Du Plessis. Noem my maar Tant Riens, almal doen. Jy gaan tog ge-elkgeval nog baie met my moet kom gesels as jy wil weet wat hier aangaan." Die skielike ommeswaai vang my onkant, die uitnodiging in die waarskuwing.

“Ek is Julia Steyl.”

Sy kyk na die twee deure, maak seker dat daar niemand anders is nie voordat sy agter die toonbank inbuk. Wanneer sy weer opkom, sit sy ’n bruinpapierpakkie voor my neer. “Ons het geweet jy kom, almal wag al. Hierdie is vir jou, pas dit mooi op. As jy klaar is daarmee, kan jy dit weer hier by my kom afgee.”

Ek moet by die gastehuis kom. Ek voel duiselig, oorweldig deur die eerste paar minute in hierdie plek. Ek het nog nie eers die veelbesproke muur gesien nie, maar reeds word ek oorval deur raaiselagtigheid.

“Die gastehuis?”

“Ek lui gou vir John Erlank dat hy jou kom kry. Sal hom sommer sê hy moet jou tjorretjie kom insleep daar na die koöperasiewerkswinkel toe. Hennie is regtig baie handig, hy kan enige ding regmaak. Hy’t self ook jare terug so ou Vollatjie gehad as ek reg onthou.”

Ek is dankbaar vir die vanselfsprekendheid waarmee sy beheer neem oor my onmiddellike dilemma. Vir ’n kans om net op my eie te wees. Ek is nou uiters geprikkel. Ek kan dalk hier net iets van maak.

“Maar wie het die pakkie hier gelos?” vra ek toe sy die foon neersit. Ek begin die wit toutjie, netjies en styf om die bruinpapier gebind, versigtig afskuif. Dit is ’n ou gewoonte van my, probeer eers losmaak voor ek knip.

Tant Riens sit haar hand op myne: “Los eers, kind, jy kan dit later doen.” Sy beduie met haar oë na die deur waar Oom Salie nou weer staan: “Wanneer jy alleen is.”

Oom Salie kyk verslae na waar ons twee by die toonbank staan, die pakkie tussen ons. “Alberta is weg met die bakkie en hier buite is ’n ou meisietjie wie se kar gebreek het. Ek kan haar nie help sonder my bakkie nie. Ek wou net kom sê Alberta het die bakkie gevat…”

“Salie kom, ek gee vir jou tee. Dis sy hierdie, dis Julia se kar daarbuite. Alles reg, ek het sommer gereël dat Hennie haar kom help met die kar.” Sy noem nie die Erlanks nie. “Kry jy vir ons die melk daar in die agterste yskas, jy weet mos al, ek sit solank die ketel aan.” In die regterkantste hoek agter die toonbank, agter ’n klein houtafskorting beplak met KitKat- en Boxerplakkate, staan die ketel saam met drie blikke – Coffee, Tea, Sugar.

Wanneer Oom Salie in die stoorkamer verdwyn, skakel sy vinnig ’n nommer op haar selfoon, praat sag: “Salomé, dis Rina. Hy’s weer hier. Dis baie erg vandag.” Oom Salie kom weer tevoorskyn net toe sy groet: “Nee, alles reg, ek maak so. Sien jou dan nou.”

“Dit raak nou vinnig erger,” sê Tant Riens nadat Salomé du Preez haar pa kom haal het. “Partykeer is hy so oortuig van homself, raak die allerverskriklikste dinge kwyt oor mense en gebeure. En dan sommer aggressief as jy hom probeer reghelp. Ander kere weer is sy verstand so helder, so helder.” Sy lag: “Maar dit maak nie saak watter kant van weet hy is nie, vir die Erlanks het hy nie tyd nie. En die arme mense is eintlik aan niks skuldig nie.”

“Wat het dan gebeur?”

“Ons vermoed maar Salie het weer deurmekaargeraak, homself êrens wysgemaak hy’s ingedoen met die verkoop van die gastehuis. Of dat hy voel die herinneringe wat hy en Alberta saam geskep het daar is verwoes toe die Erlanks dit laat oordoen het, wie weet? Dis al so lank terug. Feit is, hy het ’n ewige renons in die arme mense. Maar darem dood onskadelik.”

“Wat gaan nou gebeur? Ek bedoel, wat doen sy dogter-hulle as hy so raak? Dit kan mos baie gevaarlik wees. Vir hom.”

“Hy woon eintlik nou by sy seun, Josua, en díe se vrou in die stad. Daar is meer hulp beskikbaar, iemand wat kan kyk. Maar hy kom kuier gereeld, die dorpsmense verstaan, ken hom mos, en hy voel hom tuis hier.” Haar oë is hartseer wanneer sy sê: “Maar hy’s regtig erg hierdie keer, Salomé het al haar dae. Ek dink nie hy sal sommer weer so lank kan kom kuier nie. Breek mens se hart.”

“Jy’t toe nooit gesê wie die pakkie vir my hier gelos het nie. En hoe weet almal dan van my, en wat ek doen?”

“Nee, ek het nie, maar dis nie van belang nou nie, gebruik dit net reg. En Petro Erlank het maar die nodige versprei nadat jy daar bespreek het. Sy’s nie verniet Petro Praat nie.”

“Maar ek het nie…” Dit was natuurlik Janine! Uitgevis en uitgeblaker, gewheel en gedeal. Ek ken ‘moi’. En hier is ek nou, soos verwag.

Die gastehuis is niks meer as ’n drieslaapkamer, tweebadkamer dorpshuis nie. Die Erlanks woon self daar, in ’n suite wat aan die kombuiskant aangebou is. Aan die gastekant kry ek genadiglik die kamer met die en-suite en ’n buitedeur wat na die stoep lei. Petro verwys na die stoep as die patio waar ek my etes kan nuttig indien ek so sou verkies. Die kombuis is verbode vir gaste, dis Petro se heiligdom. Die eetkamer en sitkamer is gemeenskaplike terrein. Ek is die enigste gas. Soos vooraf ooreengekom, is daar geen ete vanaand nie.

Die kamer is ietwat van ’n teleurstelling, gemaklik, maar die binneversiering is totaal verbeeldingloos. Ek sal dit vir myself moet leefbaar maak as ek vir ’n onbepaalde tyd hier gaan vertoef. Gelukkig is daar ’n lessenaar, staangemaak onder die venster wat uitkyk oor die agterplaas en die uitgestrektheid daaragter. “Soos die dametjie oor die foon versoek het,” sê Petro.

Die een muur word beslaan deur ingeboude kaste, waarvoor ek baie dankbaar is. Ek pes dit om uit ’n tas te lewe. Daar is plek vir al my uitrustings, ek kan al my besittings wegpak uit die oog. Daar is selfs sleutels in die kasslotte. Ek pak alles uit en gaan lê op die bed. Die afstandbeheer van die TV werk nie en ek staan weer op om dit aan te skakel. Die ontvangs is betreurenswaardig, die kanale beperk tot SABC One, Two, Three en E. Dalk net wat ek nodig het, geen afleiding. Wat kan meer bevordelik wees vir kreatiewe produktiwiteit? Ek kyk vinnig of my selfoon darem ’n sein kry hier, sien verlig die vier strepies. Dit beteken ek sal ten minste internettoegang hê met my 3G.

Ek neem ’n foto van die kamer met my selfoon en sms dit vir Janine: *Thelma, where are you? Louise. I’m looking for a cliff already…*

Sy antwoord: *stay put, they had fun with brad pitt in a similar room ;)*

Sy weet nog nie van my motor nie. Ek sal haar wel vertel, vir nou wil ek net eers my voete vind. Gewoond raak aan die idee dat ek vir ’n redelike tyd hier gaan wees.

Daar is ’n klop aan die deur. Dit is weer Petro. “Ontbyt is tussen sewe en agt. As jy wil laatslaap, los ons graankos en vrugte in die eetkamer. Ek kook vir middagete, ons eet elke dag eenuur. Aandete is seweuur. Partymaal braai ons sommer ietsie, ek sal jou vroegtydig laat weet. Jy moet maar sê as jy nie hier sal wees vir ete nie voordat ek begin kosmaak.” Sy rammel die inligting af soos ’n geleerde laerskoolresitasie. Dan glimlag sy, meer op haar gemak, en vra vriendelik: “Is alles darem oukei hier? Alles wat jy nodig het?”

“Ek is reg, dankie. Dis … dis heerlik ruim. En ek sal heel lekker daar kan werk.”

“Ja, ek het dat Jeff-hulle die ou lessenaar oordra daar van die poskantoor af. Hulle gebruik hom glad nie meer daar noudat dit net Anel is nie. Leen hom maar net. Die Engelse vroutjie het gevra dat hier skryfplek moet wees vir jou. Ek’t gedink jy moet maar daar by die eetkamertafel gaan sit, die kinders het altyd saans so om die eetkamertafel huiswerk gedoen, maar sy het gesê nee, jy moet privaat kan werk.”

Dankie, Janine. Dankie. “Baie dankie vir die moeite, dit is regtig wonderlik. Ek sal heerlik werk hier in die kamer.”

“Is dit oor die skrywery nou, is dit baie privaat?” probeer sy uitvis.

Ek kan suwwe, onbedagte vrae omtrent my skryfwerk nie hanteer nie. Die “so vertel my waaroor gaan jou storie” en die menigvuldige rits twak wat daarmee saamgaan, toets telkens my selfbeheer tot die uiterste. Die vrou het my egter geen leed aangedoen nie, inteendeel. Tog vind ek haar steeds uiters irriterend. Maar hier is ek die veinser, afhanklik juis van die insig en interpretasie van storiedraers, my renons in die skinderstorie nou ’n struikelblok in my huidige ondersoek.

“Ja, maar ek werk ook in die nag, en dit sal nie deug as ek my rekenaar in die eetkamer sou opstel, met notas wat die hele plek vollê en wat ek elke oggend weer moet wegpak nie. Hier sal ek myself meer gerieflik en prakties kan inrig. Ek waardeer dus die moeite opreg.”

“Dan is dit reg so.” Sy lyk onwillig om te gaan. Ek hoop werklik nie dat ek gedurende my verblyf hier heeltyd lastig geval gaan word nie. “Die Engelse vroutjie het ook gesê ek mag geen alkohol in jou kos gebruik of in jou kamer sit nie …”

Is dit nou net nuuskierigheid? Wat ookal, ek draai nie doekies om nie. “Ja, dankie. Ek is ’n alkoholis, sober, maar ons vat nie kanse nie.”

Haar gesig spreek boekdele. “Ek is jammer, dis …”

“Mevrou Erlank…”

“Petro.”

“Petro, daar is niks om oor jammer te wees nie. Vir jare sit ek nie my lippe aan drank nie, maar dit is wat dit is. Ek speel veilig. Ek is buite my omgewing, my ondersteuning, ek vertrou voorkoming is voldoende.”

Sy is steeds uit haar diepte. “Ek kook nie met drank nie, ek weet baie mense doen, maar nie ek nie. Ek maak net tipsy tert, met brandewyn, maar ek sal nie nou as jy hier is nie.”

“Dis nie nodig om julle leefstyl te verander nie, gaan voort soos normaal. Waarsku my net vooraf, dis al.” Sy knik instemmend.

“Ons stock in elk geval nie daai klein yskassies in die kamers nie. En John se drank sluit ons in die spens toe, jy sal niks hier sien rondstaan nie.”

Sy groet, haar laaste sin nog half ongemaklik in die lug wanneer sy gangaf verdwyn. Ek wonder of sy dink dat ek dalk die huis sal raid op soek na drank. Mense weet nooit hoe om die ongerieflike waarheid te hanteer nie. Dit is vir hulle, amper meer as vir my, ’n onthutsende verleentheid.

Dit is alreeds na nege toe ek met die bruin pakkie op my bed neersak. Na ’n paar halfhartige probeerslae om die toutjie heel af te trek, knip ek dit met my naelskêrtjie deur.

Die foto’s is verbasend professioneel. Duidelik. En baie, baie volledig. Asof iemand toe reeds geweet het dat die muur nie sou bly staan nie. Dat die waarheid tog net te seer sou wees vir die betonskeiding om behoue te bly. Daar is ’n magdom foto’s van individuele scenes. Ook heelparty van waar die scene in die muur verewig is. Was. En dan die detail. Stapels en stapels nabyskote van elke verwikkeldheid wat deel uitmaak van die geheel. Party in volkleur, ander in ’n verbasend-kunstige en intrigerende swart-en-wit. Die foto’s is opsigself ’n meesterwerk, ’n hervertelling, ’n novelle in beeld, waarheid in elke skreiendheid daarvan.

Ek rangskik eers die verder skote, oriënteer myself ten opsigte van die ligging en orde, voordat ek die nabyskote ook herrangskik, elke scene in ’n stapeltjie. Die sewe foto’s wat aanmekaargeplak is, vou ek weer een oor die ander en plaas dit terug in die koevert. Die sewe foto’s gee saam die beeld van die hele muur, nog redelik intak, met ’n enorme vyeboom wat

daaragter reikhalsend strek na bo. Dit sal ek met my saamdra vir wanneer ek self die muur besoek.

Die foto's sluit ek weg in my tas, loer dan uit in die gang. Die stemme wat ek gehoor het, is nou duideliker vanuit die kombuis.

"Maar sy lyk nie soos 'n alkoholis nie," hoor ek Petro sê voordat ek die deur sag op knip druk en toesluit.

Dieselfde ou storie. Eers vermoed niemand enigiets, ek's mos net Julia. Over the top, snaaks, soms 'n bitch. Vriende sien net die partytjiedier, die gees van die partytjie, die pret en gelag in die klub. Nooit die gewelddadige scenes en argumente tuis nie. Die val jou in jou moer in alleen in 'n piepklein flat in die middestad nie. Ek het nie geweet dat as jy jou doodval, dronk, van die trap af, dan is dit ook 'n alkoholdood nie? Ek dog jy sterf aan sirrose.

Ek val op die bed neer, bondel die pap strooikussings onder my kop sodat ek half kan sitlê. Die afstandbeheer kletter op die vloer wanneer ek beneuk onthou dat dit nie meer werk nie. Te hel met TV dan, ek staan nie nou weer hier op nie. En te hel met jou Petro Praat, wat weet jy in elk geval oor hoe ek moet lyk?

Ek oorweeg dit vir 'n oomblik om vir Vicky te bel, maar besluit daarteen. Dinge gebeur nou so vinnig. Wat is dit, drie, vier dae? In minder as 'n week verander alles en lei my pad my hierheen, tot in hierdie questionable establishment. Ek is seker dis wat Janine dit ook sou noem. Ek mis reeds my woonstel, my klein skryftafel teen die buitemuur. My grootskerm rekenaar en die skerfie uitsig op die vaal park bestrooi met rommel sewe verdiepings benede. My boeke, opgestapel in Cash Crusaders en Office Mad special deal boekrakke in 'n mengelmoes van style (almal aangekoop volgens begroting en nie ontwerp), staan twee-drie diep weens 'n gebrek aan spasie.

Dis hier waar ek skaars vier dae gelede nog sit en staar na die aanhaling op my rekenaarskerm, my gedagtes vir die oomblik vergete. Niks. Dan kom my brein, soos 'n ou masjien se ratwerk, weer in beweging, wieletjies tol, hefbome pomp heftig op en af en die herinneringe begin weer een na die ander deur my gedagtes maal.

"Fok hom," sê ek hardop, "Fok Chris Els en sy Honda wat hom hier aangebring het!"

Ek soek tussen die boeke en papiere op my lessenaar na die pakkie Crown-sigarette (jirre dat ek so laag moes daal!) en die World Cup Soccer 2010 aansteker. As ek maar nog ’n glas wyn kon drink. Koue Sauvignon Blanc. Of ’n Chardonnay. Was meestal Chardonnay.

En hier sit ek, toegeslaan en onbeholpe. Kan nie eers ’n stuk kopie uitwurg vir my steeds ongedane opdrag nie, en ek dink godweet weer aan wyn.

Ek bel my sponsor. “Fok Chris Els,” sê ek toe sy antwoord.

“En die Honda wat hom daar aangebring het,” sê sy. “Hoe gaan dit daar? Tough dag?”

Vicky verstaan my, weet hoe my ratjies draai. Hoe om die reëls te buig sonder om ooit daarvan af te wyk. Ja, ek erken my probleem en die effek wat dit op my, en almal om my, se lewens het. Ek glo ook dat die AA my kan help. Werk sover. Ek onderneem om te doen wat die AA voorstel. Onderneem is so formeel, ek volg dit maar op my manier. En Vicky respekteer my benadering. Ek het geen illusies omtrent die dinge wat ek onder die invloed aangevang het nie. My besope fokkops, Chris inkluis, is immers legendaries. My lys van die skade en onreg wat my drinkery aan andere gedoen het, is legio. Ek kan tog nie vir myself lieg nie, nog minder ontken dat ek die spoor telkens byster geraak het. Die ergste is dat andere dit beleef het terwyl ek dit nie eers kan herroep nie. Ek probeer regtig om reg te maak waar moontlik. En ek is eerlik met Vicky oor alles. Ek het nodig om te verander. Ek sal nie kan verander as ek nie saamwerk nie. Moet dit self ook wil doen. Ek aanvaar ten volle dat ek nie die middelpunt van die heelal is nie en dat daar groter magte in die wêreld is. Ek aanvaar net nie noodwendig dit wat aan my voorgehou word altyd nie. En dat ek wel ’n punt in die heelal is. Ek probeer ’n nuwe, gesonde lewe met beter waardes lei, solank dit net my sigarette insluit kan ek deur die dag kom.

Ek lewe my lewe nou een dag op ’n keer. So as ek nie vandag drink nie, sal ek nooit daardie eerste sluk neem nie. Dis mos hoe dit werk. Chant.

“Ek’s oor my deadline, toe dink ek aan wyn. Chardonnay. Gedink ek moet maar gou bel.”

“ Net vandag, Julia. Net vandag,” sê sy. “Hoe voel jy? Is dit Chris?”

“Nee, nog nie weer van hom gehoor nie. En weet jy, ek dink eintlik ek is oor hom. Soos ek sê, fok hom. Ek’s net steeds die hel in oor die gemors waarin hy my gelos het. Ek sukkel.”

“Moet ek oorkom?”

“Nee, ek’s oukei. Regtig. Het die breek nodig gehad. Confirmation. Behalwe as jy miskien lus voel om ’n artikel te skryf oor sporthelde met voete van klei.”

“Nóg een?”

“Exactly! Maar freelance beggars can’t be choosers.”

“Dit kan seker nie so moeilik wees nie. Daar is dan soveel om van te kies.”

“Dis juis wat dit so moeilik maak. En die hele issue gee my so ’n gatkramp. Wat sê dit tog van ons? Ek sou veel eerder my energie wou spandeer aan iets wat die moeite werd is. My eie skryfwerk. Vashaak in my eie skeppinge, my muse vind.”

“Jy weet dat jy actually eers aan jou roman sal moet begin skryf om op daardie punt te kan kom.”

“Ag, ek weet. Dis weer net: ek wou nog, ek wou nog. As ek net… Sien jy nou waarom ek so die moer in is vir Chris?”

“Jy gaan fine wees. Sonder hom en sy beloftes en eise. Alles met ’n rede, alles met ’n doel.”

“Ek raak net ongeduldig, dis al. Gefrustreerd en ingehok in my eie kop. Ek bel jou as dit moet. Laat ek my tog gaan bemoei met egbreuk en moord en bedrog en verbode middels.”

“Sien, jy laat dit reeds interessant klink.”

“Gevaarlik na aan ’n Deon Meyer-flapteks. Praat weer.”

“Jy weet waar om my te kry.”

Die vlak van gesprekke by die fellowship is soms so diep. Waar jy is, wie jy is. Tot jy later daar afgestroop en poedelnaak staan – alkoholis. Meer oppervlakkige gesprekke is dan soms welkom. Baie welkom. En Vicky gets it, klaar deur die smeltkroes. Ons hou onsself in stand.

Alles word duideliker. My verstand skielik oop, soos vensters in die somer met lig wat instroom. Ek sien kleure. Ek kan weer ruik. Ek weet ek is siek. Siek. En ek wil beter word. Gesond. Ek is nie ’n slegte mens nie, ene wat net ’n slegte streek moet laat staan en goed en voorbeeldig word soos die norm vereis nie.

Ek kan sommer sien Janine is half moerig toe ek Dinsdagoggend in haar kantoor instap. "Jules, what is wrong with you? That's the second article that has been rejected. Pull yourself together en kry daai donner uit jou kop uit. He's not worth it."

" Ek's fucked, Soutie. Ek is moeg en gatvol. I need a break. I need air. I need something new. Shit, I need to get laid!"

Hoe lank is dit nou al? Ek mag nie 'n manlike sponsor hê nie. Om enige seksuele verhoudings te voorkom. Dit moet 'n vriend wees, nie 'n lover nie. My ou lover het sommer self die pad gevat.

"Take a proper break, Babes. Go somewhere nice. Screw something nice. Maybe I should dump Graeme and come with you."

" 'n Roadtrip deur die dorre Karoo, net ons twee. Ons noem dit Thelma and Louise Two - Spykerkaskenades…."

"That's it," gil Janine so hard dat ek my stil skrik.

"Ek maak net 'n grap. In elk geval, ek dog dan jy en Graeme begin ook dink aan trou?"

"Nee Babes, ek het jou antwoord. God, it's perfect. " Janine is skielik so excited dat sy skaars kan praat. "Graeme told me about this girl at work. She went on holiday with this guy and they visited all these little dorpies and she's telling the story of this place they came upon. Everyone's wacked and it's this weird place and there's this woman who built a wall full of statues or shit, like the owl woman. And she says this whole dorp is full of weird people. Some strange shit going on there. And horney young boertjies." Janine is nou so opgewonde, haar wange gloei. "Speak to Cara, go there. God, take a sabbatical and write your book. Ek's seker met 'n lot jagse ouens sal jy genoeg inspiration kry om 'n bestseller te skryf. Just send me a bloody earth shattering article every now and then as well."

Sal ek weet wat om met 'n man te maak? Sober seks is immers 'n heel nuwe konsep vir my. Ek weet nie of ek myself so vulnerable wil blootstel nie. Here, na al die jare van nie eers weet wat ek doen nie. Wie ek doen nie. Ek sal intimiteit moet herleer. Leer dat om te naai niks te doen het met liefde maak nie, soos Vicky sê. Teerheid, beheer, emosionele vrygewigheid, omgee.

"Soutie, is jy gesuip? What are you talking about?"

"Babes, I'm calling Graeme right now. I'm telling you, I am saving your gat here. If we wangle this correctly, and you know moi, the magazine may cover some of your expenses."

Janine is op haar selfoon nog voor ek behoorlik tot verhaal kan kom. Teen vyfuur weet ek genoeg om al redelik opgewonde te wees. Teen half sewe ontmoet ek Graeme se kollega, Hester, wat my alles vertel wat sy weet omtrent die intriges rondom die gevalle muur in Leliefontein. Teen elfuur Donderdagoggend stem Cara in dat dit die moeite werd is om die storie uit te check. ’n In diepte ondersoek om agter die kap van die byl te kom. “Die mensdom is mos mal oor mysteries. Go solve it, ons voer hulle week vir week en maak seker hulle koop die bleddie tydskrif.” Ek is dankbaar vir die geleentheid, dankbaar vir die vriendin wat ek in Janine het.

"Skryf vir ons die storie, Julia. Moenie te lank neem nie, ek cover die expenses net tot op ’n punt. Maar vat jou tyd met jouself. I need you back, but only when you are ready. Gaan soek jouself in Leliefontein, maar stuur intussen vir my iets wat hierdie tydskrif gaan verkoop."

Ek wonder of my artikels ook stof gaan wees vir my eie roman.

Ek pak lig, vinnig. Nie veel mense om te groet nie. So het ek almal verloor êrens langs die pad, elkeen wat op sy of haar manier kon cope of nie cope met die abnormale situasie waar selfbejammering, weersin, verwarring, pessimisme, euforia en chaos mekaar rondjaag, om en om op die mallemeule van ontkenning.

Story of my life. Gaan hierdie een ook, soos al my stories, ontrafel in ongelukkigheid?

## 2.

Ek is gebore uit die buik van Moeder Aarde. My vader is Amma self. Hy het my geskep uit suiwer maanstrale, bymekaargemaak vanuit die verste uithoeke van die heelal. Alles op see en land is my broers. Die stormwind en die donderwolke, alles aan die bloue swerk, my susters. Alles in die uitspansel verwant. By my moeder kry ek woorde soos water, wiggel ek, openbaar die groot wil.

Met sketspotlode in my dagjoernaal herskep ek my geboorte. Privatim. Met my woorde dans ek, los my spoor op die blad, my odeur op die wind. Vir iemand anders om te verklaar. Later. Op papier worstel ek, uitgelewer in ink en kleurvol-intieme scenarios. Dààr vind ek troos in die arms van ’n hartsma, bloedsuster.

Maar hiervan openbaar ek niks. Kan tog nie, hier waar ek, Evangeli Theart, my stoflik bevind aan huis van Ta’ Kraai. Die moederlike? En haar dogter Tertia. Die susterlike? Allermins!

Vir die oningeligde, en dit sluit die hele mensdom buite hierdie sirkel van drie in, lyk dit mos na die perfekte familie. Die groot groothartige weduwee en haar dogter wat die armsalige weeskind, altyd dwars, ánders, so gul inneem en versorg. Wat ’n sprekende voorbeeld van God’s genade. Die Here seën jou. Moeder. Vrou. Not!

“Ma sê jy is alweer op jou eie planeet vandag.” Sy mik na die joernaal. “Wat skryf jy alewig in daai boek?”

Ek snuif en vee my neus met my hempsmou af voordat ek Tertia hard teen die kant van haar kop klap. “Dis ’n joernaal, jou dom kwas! En fokkof nou. Julle weet niks. Niks!”

Tertia kyk my geaffronteerd betraand aan. “Fokkof jy, man!” skree sy en storm by die kamer uit. Die deur klap hard in die kosyn, maar die knip haak nie in nie. Ek staan op en sluit die deur. Wanneer ek op my bed neerval, huil ek ook weer.

Laat in die nanag waai die Noordwester die pers bougainvillia by die huis langsaan om. Morsaf by die stam tot in die wortels. Ek sien dit dadelik toe ek oudergewoonte voor die oop gordyne gaan staan met sonop – daar is niks behalwe ’n kaal pilaar voor die venster nie. Plek-plek brokkel die stene en die verf dop in groot wit krulle van die pleisterwerk af. Ek gil.

Bougainvillia, Pienkpers: steggie tot bos. Rus in vrede.

Ek trek die gordyne dig en klim terug in die bed. Ek huil met die duvet styf oor my kop getrek. Wanneer Tertia my kom roep vir ontbyt droom ek reeds van die gevalle plant. Ek gaan weer nie skool toe nie.

* * *

Petro bied aan om my na die muur te neem ná ontbyt, maar ek wys dit van die hand. Ek wil graag alleen wees, dit inneem en vertolk op my eie. Bietjie die omgewing ontdek. Ek vra vir aanwysings, sê dat ek graag wil stap, die oefening welkom. Sy lyk afgehaal. "Ek is dalk baie moeg as ek daar klaar is. Kan ek jou miskien kontak om my te kom haal indien nodig?" probeer ek haar opbeur. Die gesig helder sommer dadelik op.

"Hoe laat?"

Ek kan nie help om te lag nie. "Ek weet regtig nie. Ek weet nie hoe lank ek gaan stap nie, of hoe lank ek daar sal vertoef nie. Dit kan enige tyd wees." Sy lyk of sy gesteur sal wil word, nuuskierig oor my doen en late. "O ja, ek gaan sommer die heel eerste middagete al mis, jammer. Ek weet nie hoe lank ek gaan besig wees nie, so ek wil jou nie enige onrief veroorsaak nie. Ek neem sommer van die vrugte saam. Ek het my waterbottel ook saamgebring."

Sy lyk spyt, seker beplan om my dag se werk oor middagete te bespreek. "Ek kan vir jou kos uitskep," bied sy aan.

"Dankie, maar liewer nie. Ek is bevrees dan kan ek dalk nie my aandete opeet ná so 'n laat middagete nie."

"Bel, nè," groet sy van die stoep af toe ek by die voorhekkie uitstap. Ek koester geen intensie om van haar aanbod gebruik te maak nie. Ek waai vriendelik vir haar, "Maak so, dankie. Sien later." 'n Mens weet nooit wat kan gebeur nie. My intensies het my vantevore al velemaal laat opeindig in gruwelike mistastings. Hou die opsie oop.

Die sandstraat is heel netjies, die bolaag 'n wit klipperige gruis wat plek-plek fyn poeiergate maak. Ek onthou soortgelyke paaie uit my kleintyd, 'n nagmerrie as dit reën, dodelik glibberig. Hier is geen sypaadjies nie en ek beur deur die sandstrook aan die kant van die pad.

Gelukkig het ek my drafskoene aan, maar besluit nogtans om eerder in die pad te loop. Dit gaan baie makliker.

Die huise aan weerskante van die straat is eenvoudig, maar netjies. Hier is duidelik nie onlangs enige nuwe woonhuise gebou nie, die bestaande ontwerpe almal uit ’n ouer era. Uniform. Daar is geen verkeer nie, die eerste motor kom ek eers teë nadat ek afgedraai het in die winkel se straat. Die winkel is aan die onderkant van die straat, een van die eerste geboue wat ’n mens teëkom wanneer jy in Leliefontein inry. ’n Mens sou dan seker kon sê hierdie is die hoofstraat, met ’n paar besighede straataf in die rigting van die winkel, en die koöperasie met die werkswinkel, vulstasie en dopfabriek blykbaar straatop. Daar is ook ander klein ondernemings versprei deur die dorp, maar meeste is glo in hierdie straat. Ook die poskantoor in die ou gewelgebou staan straatop. Die skool en kerk is in ’n ander systraat, ook aan die rand van die dorp, begrens deur  mielielande aan die anderkant.

Paradysstraat is aan die noordwestekant van die dorp, die geil deel, welig begroei en groen. Is dit waarom die enigmatiese Evangeli daar gewoon het? Was sy, soos haar omgewing, wulps en wellustig, te oorvloedig vir die eentonigheid van diegene aan hierdie kant van die dorp?

My oog vang die swaaiende naambordjie, krulletters met sweiswerk, by die hekkie ’n paar huise af in die rigting van die algemene handelaar. Die gebou is buite sig, ver agter op die erf geplaas. Koffiehuis. Ek stap nader om die plek te bekyk. As daar een ding is wat ek het, is dit tyd. Ek sal wel by die muur uitkom, of wat daarvan oor is. Ek voel of die foto’s nog in my sak is. Gewoonte. Natuurlik sal dit nog daar wees, die ritssluiter steeds toe.

Die kostelikste huisie begroet my aan die einde van ’n uitgestrekte grasperk. Dit is hoe Hansie en Grietjie moes voel toe hulle daardie gemmerkoekhuisie van die heks ontdek het. Nie dat hierdie plek enigsins bebos is nie, inteendeel, die huisie staan daar oop en bloot aan die einde van die gekultiveerde grasperk met net die twee ou reusebome daarvoor. Maar die gebou self is ’n heerlike verrassing. Ligpienk en skelpienk, groen en wit, met Victoriaanse krulwerk wat grens aan oordaad al om die wye stoep wat lyk of dit reg rondom die vierkantige gebou strek. Oral staan tafels en stoele, bont tafeldoekies en nog bonter sambrele. Die plek lyk feestelik, inviting. En heel uit plek uit in hierdie straat. Hierdie dorp.

Die verwelkomende aroma van moerkoffie laat my summier van my planne afsien om dadelik na die muur te gaan soek. Daar is geen ander mense nie en die vriendelike kelnerin, ouer al, ontvang my op die stoeptrap. Ek vra waar ek mag rook, en weer wys sy met

uitgestrekte arms na enige tafel op die stoep of in die tuin. My keuse val op ’n vierkantige tafel met vier stoele wat digby die breë stam van die boom staan. Dit is diep onder die skadu van die oorhangende takke, meer privaat as die meeste van die ander tafels en met ’n panoramiese uitsig oor alles in die tuin en die straat anderkant die versierde ysterhek.

“Ek wil net graag ’n koppie koffie drink, dit ruik fantasties.”

“Ja,” sê sy trots, “ek maak die koffie op die koolstoof. Dis juis nou amper reg. Jy’s net betyds vir die eerste koppie.”

“Ek is eintlik net aan die rondloop vanoggend, maar ek moes hier inloer. Die plekkie is merkwaardig. En toe ek hierdie koffie ruik…”

Sy lag verleë: “Janee, ek maak maar die koffie soos hy moet, en soos die mense hier hom ken. Hulle gaan netnou-netnou begin aankom, jy sal sien. Dis maar ons ou bymekaarkomplekkie die. So tussen my en Riens.” Sy beduie in die rigting van die algemene handelaar.

“Is dit jou besigheid?”

“Janee, dis maar hier waar ek die hart aan die klop hou. Maar wag, ek loop haal gou jou koffie. Ons wil nou nie hê hy moet brand nie. As hy brand gooi ek hom net so in die wasbak uit. Sonde!” Sy skarrel vinnig na binne.

Die plekkie sal onder my vel kan inkruip. Die plek het gees, ek voel dit aan. Genius loci, as ek dit nie mis het nie. Hier sal ek kan asemhaal, dink. Wat ’n welkome verrassing, die skielike bont guitigheid in die middel van niks.

Die koffie is hemels, beter as wat ek verwag het, en word in ’n lekker groot beker bedien met ’n plat, ronde outydse soetkoekie wat dit vergesel. Ek steek eers ’n sigaret aan toe my beker leeg is en sy vir my ’n tweede gaan haal. Hier sal ek my moet wegskeur.

’n Paar ander mense het ook al aangekom, sit vrolik en gesels by ander tafels as ek instap om my rekening te gaan vereffen. Binne word die verleiding voortgesit met rakke vol gebak, soetgoed, rye inmaakflessies vol heerlikhede. Kunstige ware. Ek dwing myself om nie ook hier van my intensies weggelei te word nie.

“Hoe lank skryf ’n mens dan nou aan so storie?” vra die eienaar, Gerda Wolhuter hoor ek later, net voordat ek uitstap.

“Weet almal hier dan wie ek is?”

Sy skud haar kop bevestigend, “Dis Leliefontein my hartjie, almal weet altyd alles.”

Ek lag saam met haar, hoewel die idee my nogal eintlik ongemaklik maak. “Dit hang af, hulle sê jy skryf maar tot jy klaar is.”

Met die uitstap voel ek skielik meer selfbewus, asof alle oë nou op my gerig is. Asof almal nou oor my praat. Voel ek die kyke my brand teen my rug soos ek wegstap deur die hekkie tot buite sig van almal by die koffiehuis.

Dan gooi ek dit van my af. Ten aanskoue van die hele wêreld daarbuite trek ek my skouers terug, stoot my borste uit en gooi my kop agteroor. Fier stap ek in die pad af opweg na Paradysstraat. Trotse tred. Elke liewe donner beter weet wie ek is, this is how I roll. Iemand in ’n silwer viertrek toet vir my wanneer hy verbyspoed in die rigting van die winkel. Ek kan nie die bestuurder uitmaak nie.

In Paradysstraat vind ek maklik die plek, ’n ou bouval, self welig oorgroei, aangrensend aan die bos waarbinne êrens die verkoolde reste van ’n huis lê en vergaan. Binne die ruigte nog die laaste oorblyfsels van die veelbewoë muur. Die ‘godsverdomde’ beeldemuur van Evangeli Theart wat sy gebou het, geskep het op die grens tussen die twee eiendomme. Haar behoorlik afgebou het van die res van Leliefontein.

Êrens binne daardie oerbos moet ek die oorblyfsels van haar pièce de résistance, ’n openbare aanklag, in die oorvloedigheid vind. Altyd ’n oerbos, want dit is mos díe argetipe sakrale ruimte in enige goeie feëverhaal. Dit kan dan geensins anders wees in die verhaal van Evangeli Theart nie. Die skaal wik en weeg hewig tussen waarheid en sprokie. Gaan ek ’n legende neerpen, nuut of bestaande?

Ek is skielik skrikkerig vir die weligheid rondom my, die milddadigheid net te erg en onvanpas teenoor die res van die omgewing. Almal het my verseker dat ek veilig sal wees hier, maar hoe kan enigiemand ooit verseker wees van veiligheid? Ek kyk om my rond. Die laatoggendson skyn fel op die wit gruispad. Daar is min huise aan hierdie kant, net ’n paar blyk bewoon te word. Skuins oorkant van waar ek staan, waar die pad eindig in ’n bruin sandwal, werskaf ’n vrou in die tuin. Sy sit gehurk by ’n blombedding, besig om iets uit te trek. Haar hande beweeg outomaties, haar oë vasgenael op my. Ek wuif ’n groet en loop dan die bos in, hopende om spoedig deur ’n muur gestuit te word.

* * *

Ek begin bou net ná die brand by die huis wat ek met die vet vrou en haar kind gedeel het.

Hoe wonderlik om daar te staan en toekyk hoe die reliek van al die jare, sondes en seer en nie-behoort, wegbrand in daardie vlamme, skryf ek in ink in my joernaal.

Ek kyk en kyk tot binne-in die dieptes van die hel self. Met my sketspotlode gaan kruip ek daar in. Ek tuimel deur laag op laag bekendes, sien alles in volkleur, almal deur die jare, vervloek en verdoem, gestraf elkeen na sy eie oortreding. In rooi vind ek behae in die makabere geregtigheid. Ek val dwarsdeur die gloed, verby die blouwit ysigheid waar ek dit uitgil: hulle is joune, almal joune, kry vir jou mefisto, julle is almal ewe hels. Ek val deur ’n kleurebeeld tot daar nie meer val oor is nie. Ek kruip uit aan die ander kant, vry. Uit die bruin buik van Moeder Aarde word ek een nag weer gebore onder ’n blink stergewelf, ek die kind van Amma, verwek met suiwer wit maanstrale. Daar kruip ek uit om te kan wees wie en wat ek nou is. Na Hades en terug.

Kyk, al julle godvresendes, julle sonder sonde wat so ydellik kan vloek uitspreek oor enigeen anders as julself, julle skynheiliges wat nóg God nóg Satan werklik ken, skryf ek weer in ink. Kyk, hier is ek, ek het dit gemaak. En ek is vry. Ek is Evi. Ek behoort net aan myself en aan hierdie aarde waarop en waarin en waarvoor ek leef. Ek dien geen god nie en ek dien geen duiwel nie. Ek is ek.

Ek pak my potlode en my joernaal weg, put daaruit wanneer ek begin bou. Subliminaal. Leef my nuwe vryheid uit deur konkreet en visueel te skep. Die waarheid tussen my en hulle. Julle.

* * *

Die volkome rustigheid in die kreupelbos is onvoorsiens, die konsonansie van alles lewend, plant en dier. Vir die fynruigte self is ek vreemd genoeg nie bang nie. Dis wie ookal anders

dalk die heiligdom kan betreë, my alleen hier kan vind, wat my op my hoede hou. Ek troos my aan die waarskynlikheid dat die vrou wat ek flussies in die straat gegroet het my gille sal hoor, my te hulp sal snel of iemand ontbied. As iets gebeur. Aan die alternatief wil ek liewer nie dink nie.

Ek is geskok in die verwaarlosing wat ek vind, dat niemand die plek instandhou nie. Dit is duidelik net so oorgelaat aan wind en weer en geen genade. Dit moet tog aan iemand behoort. Of dalk is dit net deel van die afsterwe van nog ’n plattelandse gemeenskap. Die muur ’n gebroke herinnering, vae grepe van ’n lewe verdeeld tussen die ruïne aan die oorkant en die swartverbrande reste in die ruigte. Die glorietyd vergete, doelbewus daarvan afstand gedoen, teruggegee aan die aarde. Dalk is hierdie net die verkeerde kant van die dorp en wil die dorpenaars nie hulle standaarde verlaag nie. Die paar eiendomme wat ek hier rond opgemerk het wat nog wel bewoon word, getuig van mindervermoëndheid eerder as welvaart. Ek vind dit buitengewoon dat daar van hierdie duidelik vrugbaarste deel van die dorp weggeskram word. Die groen oorwig bekoor my.

Miskien sal ek skryf oor die astrante terugneem van die grond, die oorvloedigheid van die inheemse besitters. Die inwoners skigtig vir die primordiale opeising. Of ek sal skryf oor die kind wat aan haar moeder teruggegee is as soenoffer vir die wandade van die voorgeslagte. Vir haar vele nasate wat voor die voet uitgewis is in die naam van vooruitgang. Die kind wat gedy in die arms van Moeder. Gaia. Eis sy, in haar sterwensuur, stukkie vir stukkie alles terug wat brutaal uit haar moederskoot geruk is?

Dalk skryf ek net oor ’n vrou wat eendag besluit het om ’n muur te bou. ’n Muur tussen twee huise in ’n geil deel van ’n klein plattelandse dorpie. Ek ken haar nog nie, wat ek weet, is alles hoorsê. Die plot is steeds duister, êrens op die periferie van realiteit ’n bewuswording van karakters, meer en meer bekend.

Ek stap teen die muur af, verras deur die omvang daarvan. Plek-plek is duidelike tekens van brutale vandalisme. Asof iemand dít wat daar uitgebeeld is totaal wou vernietig. Uitwis. Ander dele weer het wonderbaarlik behoue gebly. Perfek. Die waarheid gepreserveer vir almal om te sien totdat dit ook eendag in die voorsienigheid sal vergaan. Die muur stem my onrustig. Hierdie is nie ’n tydverdryf nie, iemand se ploeter met sand en steen en water en sement nie. Hierdie is nie kuns nie. Nie nét kuns nie. Hierdie muur is ’n geheue, Evi se onthou in fisiese vorm. Die geheue van die verguisde, maar ook die gewete van die toeskouer. ’n Rilling loop langs my ruggraat af. In hierdie uitbeelding, nee, die skepping, lê

waarheid. Hierdie muur is lot, is hoop, is skrynende verlede en gevolglike toekoms van vele verlore siele. Of gaan dit hier net om die een siel?

Wie de fok is jy, Evangeli Theart?

* * *

Ek proe elke hoes. Diep binne die alveoli kom iets los, ek proe dit agter in my keel. Dit proe soos grot, met mos en water wat drup. Stalaktiete wat hang en jaar na jaar groter word. Groei soos die ding in my long. Ek proe die ou benoude mufheid, die binneheid van iets. Dit is nie ’n heeltemal vreemde smaak nie.

Met elke hoes proe ek plek, ’n êrens. Die donker, nat, benoude kerker, ontbinding in ’n katakombe. Die sel in die aanklagkantoor waarin ek een nag moes oorslaap, waarin daar meer was as net die klam muf ou reuk. Fok! Daar was ook die pisreuk van godweet hoeveel! Oornag criminals (almal petty, ek’s seker!) se benoudheid oor jare, se gestrooptheid van menswaardigheid.

Wat is dit wat ek met my saamdra hier binne? Iets uit die moederskoot, ingeneem uit die dieptes van haar buik. Was dit met die eerste geboorte of die tweede? Ingeasem in die hel, om die kastyding nie heeltemal vry te spring nie. Dan het ek dalk tog ook iets oorgehou van die vergryp, en hou hy my, ten spyte van alles, steeds gebonde. Of nie.

My fondasie grou ek diep. Ek bou met rooibaksteen. Die muur verrys van grens tot grens, skans my toenemend van die swartverkoolde reste langsaan en die wêreld daaragter. Nagte ná die brand, die noordwester loeiend deur die krake in my huis, sien ek nog vonke gloei en uitsprei soos sterre op die wind.

Hulle kom almal kyk. Een na die ander stap verby of stap sommer in. Vra my wat ek doen. Ek bou, sê ek, los my ek is besig. Orige jong mans met die hoop om weer hul sin te kry met my gryp bakstene en pak, maar ek stamp die stene af. Fokkof, skree ek, fokkof, aan hierdie muur en aan my vat niemand weer nie. Geleidelik kom hulle al hoe minder en dan glad nie meer nie.

Soms moet ek onder die vyeboom in die hangmat rus, my asem min en my longe seer van hoes.

Ek pleister die muur, bevlees die rooisteenskelet. Ek vind sement onwrikbaar, robuus. Vanaf die Romeine se pozzolano tot die Engelse Portland, skeppinge het behoue gebly. Ek verlang so ’n relik. Konsekwent. Betroubaar.

Ek maak hakies en gaatjies, ruwe oppervlakke teen die muur waaraan ek my gietsels kan vaspleister en hang. Uit die as kry ek ou silwer eetgerei waarmee ek my sementskeppings begin kerf, my gunsteling die klein versamelteelepel met die nou versmelte inlegwerk op die steel. Alles word bruikbaar: spykers, skroewedraaiers, messe. My kaal vingers vorm figure, plekke, gebeure. Ek maak gekleurde freskos, portrette in reliëf, dioramas. Tot laat in die nag kerf ek soms aan beelde, skep ek my verhaal gesigtelik, deel ek geheime met Luna in die lig van die ontelbare sterre.

Ek maak vorms met ogiesdraad, vul dit met ’n droër sement. Ek werk op, vanaf die basis na bo. Die basis is ru, maar die vorm tog herkenbaar. Op ’n stuk plank van die ou huis, kante swart verkool, meng ek. Een deel grys-, een deel wit sement. Vier dele fyn sand, self uit die droë loop aangewiel en uitgesif. Tussen my vingers voel ek die rooi poeier, soos sout meet ek dit uit, voel ek wanneer dit genoeg is. Met die troffel sny ek kleurpatrone deur die poeierhoop, dolwe alles om. Dan maak ek ’n holte in die middel, ’n rooivaal vulkaan wat ek geleidelik blus met water. Nie te veel nie, net bietjies bietjies uit die ou melkemmer, meng ek alles tot ’n oorgroot slykerige modderkoek. Hiermee werk ek die beeld af, glad en fyner detail. Ek voeg laag op laag by, die tekstuur soos modelleerklei om in detail te kerf.

Ek vul die muur met sewe uitbeeldings, abstrak, maar in die fyner detail skromelik waarheidsgetrou. Met gekleurde glas en klip, stukke blink metaal, in volle ornaat staan die Orwell-agtige varkleier, verheerlik voor die skaapagtige volgelinge. In ’n ander word die oorbodige klag van die loopse naaktes smekend uitgeskree waar hulle, almal herkenbaar geïdentifiseer, knielend reik na ’n gedetaileerde en blinkgepoetse sementskede. Ek put besonder genot uit die bou van ’n monsteragtige spinnekop, eers uit draad, en dan die fyn afwerking. Die gruwel daarvan.

Sement is nie ’n baie simpatieke materiaal nie. Dit smag nimmereindigend na water, na die kristalisering tot ’n sandsteenagtigheid. Soos ’n parasiet neem dit vog uit die lug. Ook uit my

vel. Sterk alkalies brand dit my stil-stil en eers later kom ek dit agter. Saans week ek my hande in lou Dettolwater. Gesalf draai ek wit verbande daarom wanneer ek gaan slaap.

Met die afhandel van elke skildering, die bloed van my stukkende hande opgeneem in elke greintjie detail, voel ek myself ligter word. Voel ek die ankers een vir een skiet gee. Soos ’n leëvragskip sien ek myself uitvaar op die ewige oseaan, ver weg van ’n landelike hawe waar ek my swaar vrag agtergelaat het.

Ek werk, my taak tydloos. Namiddag maak ek die dag se werk met groot stukke plastiek toe. My skepping is ontneem van sonlig, my taak vergemaklik deur die welige bosagtigheid. Voor sonop en laatnag staan ek met die tuinslang, die sproeier op sy fynste gestel, en spuit die muur nat.

My skepping word ’n banale ontbloting. Ek ontsien niks. Niemand. My muur word ’n basuin teen ongeregtigheid waarmee elke mens gekonfronteer word met sy of haar eie indiskresies, ook díe van mekaar.

Die sterwende vet logheid lê teen die muur, die bolyf ’n gietsel wat ek vasmessel teen die muur, die onderlyf uitgestrek tussen die plante aan die voet daarvan. ’n Deur en vensterraam messel ek in, met ’n uitsig op niks en deurgang na nêrens. Die reste van die vet vrou se versamelde skatte bou ek in, messel vas, haak aan. Die res gooi ek op ’n hoop voor dieselfde seksie. In ’n dieper rooi kerf ek vlamme, lekkend na die groot lyf. Lokkend.

Die man in die bos, onbewus dat ek weet wanneer hy my beloer, dat ek die sagte klik van die kamera hoor, verewig ek saam met die vrou wat hy telkemale die veld mee instap. Die twee figure in ’n wellustige greep, die man se oë weggedraai na die blink skede op die uitbeelding langsaan. Aan beide kante, hul gades, salig onbewus met oogklappe aan.

Ek skuur en poleer met skuurpapier en staalwol, grof tot fyn. Eers wanneer ek klaar is, mag die sement verhard. Plek-plek verewig ek detail met ’n seëlaar, ander poets ek met helder was tot ’n glans.

En ek skryf.

Met spykertjies krap ek woorde en sinne. Met verf vul ek aan, skryf ek ’n lewe. Maar ek skryf ver verby my eie lewe. Vir ’n oomblik word die muur ’n heelal, iets kosmies. Maar as ek terugtreë, is dit Leliefontein.

Eers ignoreer hulle jou, dan lag hulle vir jou, en dan word jy aangeval. Dàn wen jy, sê Gandhi.

Hulle kom weer, hierdie keer in groeiende getalle. In nimmereindigende strome sak hulle toe op die muur, oorweldig deur dit wat hulle daar teëkom. Met rooi gesigte en skuim om die mond skree party om vergelding. Kruisig haar, kruisig haar, eis die skare.

Met klippe en takke, stukke gebrande hout, takel hulle mekaar. Met vlymskerp tonge en lang slagtande hap hul na mekaar, elkeen bewus van die ander se lèse majesté. En deurentyd eis die skare in dreunsang, kruisig haar, kruisig haar.

Maar dan besef hulle dis ’n spieël wat voor hulle opgehou word, en al wat hulle sien, is eintlik net hulself. Aan my kant van die muur is dit gladgeplyster, het ek dit spierwit geverf. Van hulle bloeddorstigheid bly net haat oor. Vir my. Mekaar. Self.

My muur word geleidelik afgetakel, stuk vir stuk verbrysel deur onrustige gewetes. Eers is dit net dele van ’n beeld, detail. Die klandestiene ontmoeting word eerste afgebreek. Later vernietig hulle hele dioramas. Totale segmente tuimel in, rooi bakstene krummel tot niet.

Van binne my huis hoor ek hulle, elkeen wat kom kap en slaan en skop en stamp. Nooit was ek een van hulle nie, dit is hulle wat gevange is, gebind deur die onreg waaraan hulle almal aandadig is en die skuld wat hulle met hulle moet saamdra. Ek vervloek jou, sal een nog elke nou en dan skree. Oor die waarheid waarin hy hom vasloop, blatant gekonfronteer met homself. En sporadies, kruisig haar, die enkeling wat homself steeds verloën.

En ek vergewe niemand nie. Nie ’n enkele siel nie. Want hulle weet elkeen wat hulle doen.

* * *

Ek stap terug na die koffiehuis. Daar is nou ’n ander kelnerin wat my na my tafel begelei, ’n jonger vrou. Ek is verlig om weer die tafeltjie onder die boom te kry. Ek bestel koffie en ’n glas water en vra vir die spyskaart.

Ek wonder oor hierdie plek. Met die dowwe begin van ’n hoofpyn vryf ek liggies oor my slape. Dalk moet ek nie nou weer koffie drink nie. Bogger dit! Ek haal twee kopseerpille uit

my handsak toe die vrou terugkeer met die koffie en spyskaart. Met die geklouter daar by die muur het ek my waterbottel laat val en alles het uitgeloop. Ek moes net meer water drink, sal volgende keer versigtiger wees.

Ek brand eintlik om terug te kom by die gastehuis sodat ek na die gedetailleerde foto's kan kyk, noudat ek self die oorblyfsels van die muur gesien het.

Ek is verbaas oor hoe honger ek is. Dit moet seker die stappie wees. Die dat ek eers weer hier aanloop. Dit is darem nog nie heeltemal so laat nie, ek is seker ek sal nie my aptyt vir aandete bederf as ek net ietsie ligs nuttig nie. Petro sal sekerlik nie baie ingenome met my wees as sy my nou hier moet sien nie. Ek hoop maar net sy kom nie vandag hierheen nie. Gelukkig sit ek hier heel beskut, met 'n goeie uitsig op die straat as ek my dalk vinnig uit die voete moet maak. Geamuseer deur my eie pueriele gedrag, soek ek verder na die beste wegkruipplek in so 'n geval. In geval van nood.

Die kelnerin sien my rondkyk en kom vinnig nader. "Reg om te bestel?" Ek bestel sommer 'n geroosterde broodjie met ham, kaas en tamatie. Ek wil nou nie moeilikheid soek vanaand nie.

Ek vou die fotoreeks voor my op die tafel oop, maak seker dat niemand dit sal kan sien nie. Die kelnerin sal ek betyds sien aankom daar van die trap af. Die detail en bestek van die projek laat my steeds stom. Een vrou, eiehandig. Ek bewonder die onderneming en tydsduur om hierdie meesterstuk, want dit is wat ek hier sien, 'n meesterstuk, te voltooi. En dan die brutale skending daarvan. 'n Profeet nie geken in haar eie tyd. Maar tog was dit nie profeties nie. Goed, deels wel. Dit is eerder 'n bestekopname.

Ek hou daarvan, bestekopname, skryf dit neer om later aan te herkou. Dalk skryf ek oor 'n vrou wat eendag besluit het om 'n muur te bou, 'n bestekopname van haar lewe in 'n klein plattelandse dorpie.

Ek pak die foto's weg wanneer ek vir Tant Riens in die paadjie sien aankom. Sy waai wanneer sy my sien. "Haai jy! Ek sien jy's sommer al klaar ingeburger, nè," groet sy laggend. "Jy ook Gerda se boeretroos ontdek?"

"My neus het my reguit hierheen gelei."

"Janee kyk, ek draf ook so elke dan en wan hier in vir middagete. 'n Mens moet darem so bietjie 'n ruskans vat ook. Jy sien mos watter tyd van die dag kry ek eers kans vir eet." Sy

neem in die stoel oorkant my plaas. “Maar dan sal ek nou vanaand net ’n beskuitjie of iets eet.”

Ek hou van haar, voel geensins dat sy inbreuk maak op my persoonlike tyd nie. Sy oorweeg duidelik nie eers die moontlikheid dat ek alleen sou wou wees nie, my broodjie in stilte sou wou nuttig terwyl ek my oggend oordink nie. Ek is eintlik bly om haar te sien, die geselskap welkom.

Die kelnerin is vinnig by met my broodjie, en wanneer sy terugkom met my tweede beker koffie is Tant Riens se bestelling ook gereed. “Ek bel altyd vooruit,” lag sy, “dan hoef ek nie so lank te wag nie. Ek kan nie die winkel te lank in ou Lizzy se hande los nie.”

Ek geniet die onbeplande middagete saam met Tant Riens terdeë. Ons praat oor onbenullighede, die dorp en sy mense. Ek vra uit en sy kleur die prentjie in, brei uit en skets by in detail. Haar aanvanklike argwaan blyk nou iets van die verlede te wees, met ’n groter gemeensaamheid tussen ons.

“Hoe was jou eerste nag toe in die gastehuis?”

“Glo dit of nie, ek het soos ’n klip geslaap toe ek uiteindelik in die bed klim. En vanoggend was ek fris en vars en uitgerus met ontbyt. ”

“En moes jy al rekenskap gee van jou doen en late vandag, of moet jy nog daardie verslag eers vanaand inhandig?”

“Nee genade, ek het nog niks begin skryf nie. Ek het darem nie nodig om elke dag iets te stuur…”

“Nee man, ek bedoel vir Petro,” skater sy.

“O hel, in daardie geval, beide. Sy wou my sommer al self vandag die muur gaan wys.”

“Ook maar net om te hoor wat jy sê. Te vertel wat jy doen. Die ou knopgat is mos alte vol stories.” Sy neem eers weer ’n hap, kou rustig. “En wat dink jy van wat jy daar gesien het?”

“Eerlik? Ek weet nog nie regtig nie. Ek weet te min van wat hier gebeur het om my enigsins nou-al daaroor uit te spreek. Ek wil die plek eers deeglik uitkyk, ’n gevoel kry vir die plek, en dan sal ek besluit hoe ek dit gaan benader. Ek vermoed my storie sal iets tussen feit en fiksie wees.”

"Jou storie?"

"Ja, 'n roman. Stof gefiksionaliseer. Maar ek moet Evi se storie vir die tydskrif skryf. My doel hier is eintlik tweeledig."

"En wat weet jy nou al? Van die feite, soos jy dit noem. Want wat jy hier hoor vir feit is dalk lankal se tyd nie meer naby die waarheid nie. Wat jy hoor is dalk daai storie van jou wat klaar geskryf is, jy moet maar net luister en neerskryf. Hy's klaar gefiksionaliseer."

"Ek verstaan nie die ostrasisme nie. Hoekom is sy verstoot as almal haar eers wou hê? Hoekom het sy haarself so rigied uit julle midde onttrek? Almal mekaar heen en weer veroordeel?"

"Daardie vrou se vrywees was vir almal net te erg, 'n doring in die vlees. Sy het die spieël opgehou vir elkeen om homself te sien, 'n gevangene van sy eie pretensies. Dis hoekom jy nou nog sal sukkel om iemand te kry om met jou te praat. Of nee, hulle sal praat, maar hulle sal niks sê nie. Hier rond loop elkeen maar met sy eie storie wat vir hom waar is."

"Was dit altyd so?"

"Nee. Daar was maar altyd diegene wat veroordelend was, maar na daardie muur het dit soos 'n orkaan deur die dorp getrek."

Ek maak notas. Soos 'n orkaan trek dit deur die dorp, huise word vernietig, families skeur uitmekaar.

"Vertel my van vóór die muur. Hoekom die muur, waar kom dit vandaan?"

"Die allerverskriklike lewe wat die arme kind moes ly. Skaars was Ta'Kraai in die grond of toe brand die kind se huis af. Sy't mos toe alles geërf by Ta'Kraai se afsterwe, synde Tertiatjie toe ook reeds oorlede was."

"Wag, wag, wie is hierdie mense? Ek weet nie waarvan jy praat nie."

"Ons sal maar later weer moet gesels my kind, ek moet nou eet en hol. Ek vertel nou net gou-gou vir jou waar daai muur vandaan kom."

"Mag ek dit opneem, ek kan nie nou lekker byhou nie."

Ek gebruik my selfoon se stemopnemer, vies dat ek my nuwe digitale diktafoontjie in my kamer gelos het by die gastehuis.

“Aarde mens, dit was of die poorte na die hel oopgegaan het soos wat daardie vlamme die hemele ingeskiet het. Nou, jy kan jou indink, met alles wat daar in daardie huis bymekaar was, dit was ’n inferno soos wat hierdie mensdom nog nie beleef het nie. Of weer sal beleef nie. Daar het dinge verbrand in daardie huis wat geen mens op dese aarde ooit ’n oog op gelê het nie. Behalwe natuurlik Evi.”

Sy neem ’n groot sluk van haar koffie. In haar opgewondenheid oor haar vertelling, mors sy van die koffie oor haar ken. Sy vee vinnig haar mond met die lapservet af. “Hulle moet hom ge-elkgeval nou in die was gooi.” Dan neem sy ’n meer beskaafde sluk voordat sy verder vertel. “Niks was meer te redde toe die dorp agterkom wat aangaan nie. Soos ek sê, daardie vlamme was nie van hierdie wêreld nie. Die hele gemeenskap was daardie nag op, uit in die straat, daar om te help. Sy, Evi, het net daar gestaan. Bloesend, die vuur se glans in haar oë weerkaats. Net een keer het sy gepraat. Ferm. Laat hom brand, het sy gesê. Net dit.” Sy vat weer ’n sluk van haar koffie, hou my dop vir ’n reaksie. Dan gaan sy voort. “Jy kan enigeen vra in hierdie dorp, almal is dit eens. Soos wat Evangeli Theart daardie nag daar gestaan het, was sy die mooiste ding wat ’n mens nog ooit gesien het. Die naaste aan ’n engel, ’n goddelikheid, wat jy jou kan indink.”

Ek luister weer na die opname in my kamer. Transkribeer. ’n Engel sê sy, ’n goddelikheid.

## 3.

Hy stap in my lewe in, ongenooid, maar welkom. Een oggend by die koffiehuis, geboë oor die fotopanorama van die muur voor my op die tafel, hoor ek iemand plaasneem oorkant my.

"Kan ek help?" vra ek met die opkyk terwyl ek vinnig die foto's terugvou en wegsit in my skouersak.

"So, jy is Julia die skrywer." 'n Stelling, nie 'n vraag nie.

"En jy is…?"

"Die antwoord op jou gebede." Hy lag. "Noem my Muse."

Nou is dit my beurt om te lag. "Muse? Soos in …"

"Ja, Muse. Soos in joune."

Ons sit mekaar vir 'n oomblik in stilte en aanstaar. Of eerder, ek staar.

"Ek is jammer, ek …"

"Die hele dorp weet, fok, die hele wêreld weet dat jy hier is om te skryf. Waaroor jy wil skryf. En jy gaan hulp nodig hê, betroubare hulp."

"En?"

"En dis ek."

"Ek ken jou nie. Ek weet nie waar jy vandaan kom of wie jou gestuur het nie. Ek gaan tog nie alles net so met jou, 'n totale vreemdeling, deel nie. Wat ek skryf en dink is privaat. Eers wanneer ek reg is, en ek glo my manuskrip is reg, dan sal ek dit kan oorweeg…"

"Ek sien jy het darem die foto's gekry. Fassinerend om die hele muur so intak te sien, nè? Min mense van buite het ooit daardie voorreg gehad. Indien enige." Sy oë beduie na my sak. "Daardie foto's is geneem kort nadat die verwoesting begin het. Voor die meeste houe begin val het."

Jakkals! "Goed, jy het my aandag."

Hy lag. “Sole purpose, om jou te help. Geen bymotiewe. Of miskien wel.”

Ek hou sy blik.

“Dit sal vir my ’n welkome uitkoms wees om jou te help. Intelligente geselskap in hierdie geweste is few and far between, my darling. Dis hoe ver my motiewe strek.” Hy lag weer, ’n oordrewe rillerlaggie: “I want your brain!”

“En hoe het jy gedink gaan jy my help?”

“O, ek en jy gaan net tyd saam spandeer. Keeping each other company. Jy gaan jouself help.”

“Ek moet nou gaan. Dit was, wel, interessant om jou te ontmoet. Totsiens.”

“Sien gou weer.” Hy lyk geensins afgesit deur my kortaf groet nie. “Onthou om die eerste pakkie foto’s saam te bring volgende keer,” roep hy agterna.

Ek maak asof ek nie sy laaste opmerking gehoor het nie en stap vinnig terug na die gastehuis. Fok! Ek was nie van plan om die hele dag in my kamer, of in die oumensreuk van die bal-en-klou sitkamer tussen die vertoonkassies vol kitsch kak, my dag deur te bring nie. Ek wou juis uitkom. En nou is díe vent in die dorp. En waar ek my ookal in die openbaar bevind, die verdomde plek is te klein vir my om ongesiens by hom verby te kom.

Ek behoort dalk bang te wees vir hom. Hom dalk gaan aangee by die polisiestasie. Die ou satelietkantoortjie met die enkelsel skuins agter die vulstasie. Maar wat sal ek sê? Skuus tog ‘sant, hier’s ’n man wat met my wil praat en hy klink bietjie psycho en hy weet en vra te veel van my?

En ek weet steeds niks. Ek het hom nie eers gevra waar hy vandaan kom nie. Watter verbintenis hy met die plek het nie.

Ek gooi die sak op die ou leunstoel in die hoek en val op die bed neer. Alleen in ’n agterkamer van ’n agterlike establishment in ’n agter-die-klip ou dorpie in ’n land wat spoedig agteruitgaan. Fok! Weer my geneigdheid tot grandiose planne, die euforia van skryf, ’n eie roman. En die inklinasie om angs en vrees my te laat oorweldig. Die sterk drang om te ontvlug, om weg te hardloop van alle probleme, die wens om net alles uit te blok.

’n Alkoholis hoef nooit bang te wees dat sy alleen sal wees nie. Want só lui die ou ou sprokie, my kind. Jy’t dit ook geweet, Koos. Jy het. En vir my was alkohol so ’n lewensverrykende vriend, ’n jolige metgesel om die seer te stil. Om my inhibisies te groet.

Talle soortgelyke kamers was daar al, weliswaar meer luuks. En dan was die volgepropte minibar altyd die doel. Die mikpunt. Die uiteinde. In soveel soortgelyke kamers het ek gespartel, deranged, terwyl die lewe verbyflits daar buite. Dit is hoekom ek steeds vra dat daar geen drank in my kamer moet wees nie.

Die mis lig geleidelik as jy die drank los. En golf op golf resentments, al die pogings om uit te vind waar het alles dan skeefgeloop, begin. Ek het gaan om verskoning vra. Nie dat Chris my moes terugneem nie, daarvoor was dit toe reeds te laat. Maar omdat ek selfs vir hom moes sê hoe jammer ek is. Hoe ontsettend jammer en vol selfverwyt ek is. En dat hy oor ten minste een ding reg was toe hy daardie dag kort voordat hy weg is gesê het: “Waarom vra jy nooit om verskoning nie? Jy gaan altyd net aan asof niks gebeur het nie. Niks! Maak altyd die volgende dag asof alles net oukei is. En dit is nie, Julia, dit is nie!” Ek het toe reeds geweet dis verby. Hy het my nooit op my naam genoem nie.

En na die alleenheid van self-resentment, toe die alleenheid van selfsug. Dis selfhelp, elkeen vir homself. Dit moet. Ek moes. En in my selfsug is ek vry, sober. En vry van Chris, heel. Miskien is dit hoekom ek skryf.

So, ek maak die woorde op, asof ek die gees van Evi sodoende kan oproep, sodat ek kan foutloos en vloeiend weergee wat dit is wat sy werklik wil sê. Want woorde is wat ek het. Al wat ek het. Dit sal word. Dit sal wees. Met bloedsweet sal dit boek word. En ek sal behoort.

Ek haal ’n stapel foto’s uit die reistas en gaan lê weer op die bed, voete op ’n bont gehekelde kombersie wat aan die voetenent van die bed oor die ouwêreldse blommedeken gegooi is. Seker om den doele. Ek stut my rug teen die magdom fraiingrige en vallerige strooikussings, bestudeer die foto’s een vir een. Die scene op die muur word, soos die ander, in minusieuse detail weergegee.

Die hooffiguur in die uitbeeldsel is ’n tamaai varkbeer. Duidelik ’n beer te oordeel aan die monstrueuse testikels. En ’n verraderlike klein peestertjie, heeltemal potsierlik, ’n druppende puisie boaan die belade balle. Hy staan orent op sy agterpote, dun beentjies en varkkloutjies, en stut die die tamaaie logheid van sy liggaam op ’n kateder. ’n Inskripsie op ’n boekrol vooraan die kateder lui: In U lig sien ons die Lig.

Aan sy voete, versteek buite sig van die skare voor hom, tussen sakke wat oorvloei met munte, lê verminkte lyfies verstrooi. Kinderlyfies, halfverorber. By sy linkermondhoek steek ’n stuk van ’n armpie uit, in sy linkerhand, agter sy rug versteek, hou hy die verskeurde lyfie vas. Sy regterhand is omhoog, nie ’n varkklou nie, maar ’n mensehand in ’n seëngroet. Om sy nek hang ’n kruis, oordadig versier.

Voor hom sit die skare, diegene naaste aan die kateder in vol detail. Die gesigte afwesig namate die rye verder en verder na agter strek. En dan, heel agter, in meer detail weer, maar tog nie herkenbaar, ’n jong vrou met ’n slagtersmes, smalend.

Ek vermoed sy beeld haarself hier uit, teenstrewig en uitdagend. Ek probeer die beeldings vertolk, die rebusse verklaar. Dalk is dit wat jy sien dit wat jy kry. Miskien mis ons almal die voordiehandliggende omdat ons so spartel om elkeen die metafoor te vind en te verklaar. En daarom bly die waarheid ontwyk, kan ons nie ’n bepalende betekenis aanstip nie omdat ons nie aanvaar dat dit wat ons sien kan waar wees nie.

Ek fokus op die gehoor, gemeentelede eerder, as ek dan moet eerlik wees en dinge vertolk op face value. Die voorste ry aanbidders blyk duidelik die vroomste te wees. Die eager beavers van die samelewing. Maar ’n mens moet fyn kyk, jou eie oordeel is ook soms bedrieglik.

By AA het ek ’n regte allegaartjie van interessante mense ontmoet, ook ’n mengelmoes kreature uit alle vlakke van die samelewing. Vrouens wat ek nooit uit vrye wil sou wou ontmoet het nie, of mans wat ek altyd te bang was om te ontmoet, of geïgnoreer het in kroeë. Uitskot aan die een kant en uitblinkers aan die ander, mense wat ek slegs van gelees het (geliefd of gehaat). Sober mense, nou nie meer so strydlustig nie, maar gelukkig, content, deel hulle gruwelstories. Happiness in recovery.

Hulle is metterdaad anders as dit wat ek hier voor my sien, nie ’n spul moraliste wat drank veroordeel nie. Toegegee, almal gryp na iets, en die waardes is uiteengesit in die Groot Boek. Nie die Woord nie, nee, jy hoef nie in God te glo om suksesvol deur die 12-puntplan te werk nie. Dit is ’n spirituele benadering, nie ’n godsdienstige een nie. Jy moet net ophou om dinge nét op jou manier te doen, ophou om God te speel oor jou eie lewe, sê hulle. Well, someone’s got to do it! Aanvanklik het ek gedink hoe nice die mense is. Amper soos Jehovah-getuies. Maar nie vir my nie. Ek was nie lus vir millitante Christene nie. Van hulle het ek ook toe reeds ’n oordosis gehad. Het nog steeds. En hier word hulle versinnebeeld in die absurditeit voor my. Die leërskare skynvrome pedante!

Daar is 'n bekendheid aan elkeen van die karakters. Ek herken dalk net 'n universele kenmerk wat voorgestel word. Of is ek weereens op soek na die metafoor in 'n direkte afbeelding van die waarheid? Dit is bloot iemand wat hier buite ronddwaal, iemand wat ek skielik sal herken in die algemene handelaar of die koffiehuis een namiddag. 'n Vreemdeling in die poskantoor, besig om pos uit te haal, onwetend dat ek hom herken as die een met sy hand tussen die bene van die welbedeelde en duidelik welgestelde gemeentemoeder in die voorgestoeltes. Moontlik herken ek almal so. Dit verklaar natuurlik ook die tenietdoening van die muur. En die agterdogtigheid jeens my.

Ek wonder wat sal gebeur indien iemand uitvind van die foto's. Hý weet reeds. Ek besef nou eers dat dit heel moontlik is dat hy die foto's aan my gestuur het. Het hy nie iets daaromtrent erken nie? Miskien moet ek hom weer sien, uitvind wat hy wil hê. Dit sal tog 'n openbare plek wees. Ek pak die foto's terug en sluit dit weg in die reistas. Dan sluit ek die tas in die kas toe en gooi die sleutel in my handsak. Ek moet uitkom. Gaan asem skep.

* * *

"Ek het julle gesien. Hy het sy… sy ding in jou gedruk..."

Ek kyk haar stom aan. Hoe graag sal ek haar nie nou wil wurg nie. Wurg sodat sy blou word in haar gesig, haar tong 'n dik dooie likkewaan wat by haar groot bek uithang. Haar arms en bene spartelend…

"…Jy het gehuil. Maar toe het jy anders geword. En hy het so geruk…"

Ek kry steeds nie 'n woord uit nie.

"Hy gaan dit met my ook doen, weet jy? Ek het vir hom gesê hy moet, anders vertel ek…"

Die klap laat my handpalm warm pyn. Haar oog verkleur rooi van 'n aartjie wat êrens gebars het. Uit die hoek van haar mond bloei 'n dun straaltjie. Sy vee die slymerige draad onder haar neus met die agterkant van haar hand af, merk die bloed wanneer sy na haar hand kyk. Sy huil nie.

"Tertia, ek's … jy moenie…"

“Jy’s terug, man!”

“Wat bedoel jy ‘terug’? Ek was nooit weg nie.”

“Op die brug! Terug in tyd. Jy is net fokken agter! Lik!”

“Jy verstaan nie. Jy moet nooit dat hy …”

“Wat, huh? Nooit wat? Dink jy ek weet nie wat aangaan nie. Moenie jy vir my in my huis kom vertel, jy, jou … jou hoer!”

“Tertia…”

Sy storm by my kamer uit, sissend: “Ek sal jou wys. Almal sal weet wie jy is, Evangeli Theart. Wat jy is!”

* * *

“Daardie dag in Sub A toe Evi sonder ’n pantie skool toe gekom het, toe moes almal al geweet hier kom groot moeilikheid. Wydknieg het sy haar sakkie vye gesit en eet terwyl die klein seuntjies gekyk en gegiggel het en die groter seuns ook gekyk het. Maar hulle het nie gegiggel nie. Die dogtertjies het skaam aan hul skoolrokkies getrek en tussen ‘Sies!’ en ‘Sjoe!’ het Elbie die meeste moed gehad onder ons klomp.” Sy lag. “Sy het gesukkel om die regte woorde te vind. Toe sê sy sommer op die ou einde vir Evi met ’n kwaai stem: ‘die seuns sien jou muis, dêmmit!’. Evi het net vooroor gebuk, onder haar rok ingekyk en met ’n ongeïntereseerde ‘O’ haar knieë teenmekaargesit en haar vy klaar geeët.”

“Is sy van die begin af geostraseer? Wat ek bedoel is, was sy maar altyd ’n eenkantkind? Of het sy so geword omdat die ander kinders haar die hele tyd verstoot het?”

“Bedoel jy nou soos in geboelie? Nee my mens, Evi het nie vir haar laat boelie nie. In hierdie dorp was daar nie ’n kind wat haar kon raak nie. Hulle het probeer, o genade ja, kinders is mos maar wreed en genadeloos. Maar Evi was anders. Dis asof sy in ’n ander wêreld was, iets geweet het wat geeneen behalwe sy weet nie. Ek dink dis wat die ander kinders gevang het. Selfs die grootmense ook. Niemand het verstaan nie. Om die waarheid te sê, ek dink die ander kinders wou heimlik soos sy wees. Ek weet ék wou. Sy het so ’n vryheid en

ongebondenheid aan haar gehad. Ongekend. En natuurlik heeltemaal onaanvaarbaar vir die tyd. Selfs nou. In hulle donkerste drome was elke meisietjie Evi. En ek dink in ál hulle puberteitsdrome was elke seuntjie met Evi. Selfs later het sy ouer mans ook totaal op hol gehad."

Ek kyk in stilte na Tienie Malherbe, nou doenig met die yslike sny melktert op haar bord. Dan 'n teug tee, spierwit met volroommelk. Sy skep eers asem voordat sy verder gaan vertel. Of is sy dalk nou klaar? Ek is steeds verbaas dat sy ingewillig het om met my te praat. Groot Tienie van die koöperasie. Altyd maar half stil, eenkant. Maar dan, sê Tant Riens, kan sy net so lekker uithaak. Elke oujaarsaand in die boereverenigingsaal aan die rand van die dorp is ou Tienie die voordanser. En die manne van die dorp staan tou vir 'n beurt, want Tienie is so lig soos 'n veertjie wanneer sy dans. Tienie Koöperasie word ligvoets die siel van die partytjie, die groot lyf dartelend die oujaar uit die nuwejaar in. En op die tweede Januarie, klokslag as dit 'n werksdag is, staan sy elke jaar weer reg agter die ou houttoonbank van die koöperasie. Professioneel en ernstig, sonder 'n teken van vroom jolyt op haar gladronde gesig, amper hartseer.

Tienie se vel lyk soos porselein. Haar hare is blinkgesond en rooi met blonde strepies, die styl duidelik gewild met heelparty plaaslike vrouens met soortgelyke kapsels. Sy lyk baie jonger as haar jare. "En so hard soos wat sy kan partytjie hou, sit sy nie haar lippe aan drank nie," het Tant Riens gesê. Ek raak selfbewus aan my eie droë, lewelose hare. Onthou die geswolle gesig, crêperige vel, plooie en lyne. Hoekom suffer vrouens altyd die meeste in die realm van gevoelens en emosie. Asof skuld, spyt, hierdie donnerse ondraaglike en afstootlike gevoel van skande geslagsgebonde is? Net nog meer rede vir drink!

Tienie vee selfbewus met haar vingers deur haar hare. Kyk half vraend na my.

"Ek is jammer, ek is baie ingedagte. Het nie werklik gestaar nie. Maar jou vel is ongelooflik mooi," stotter ek en besef te laat dat ek sopas erken het dat ek wel na haar gestaar het. Maar ek was ingedagte, nie heeltyd op haar gefokus.

Nou vat sy weer half ongemaklik aan haar wang.

"Het sy baie vyande gehad? Evi, bedoel ek. Julle gehaat omdat sy die verstotene was?" vra ek vinnig om die ongemaklike oomblik te verbreek.

“Nee, ek dink nie sy het iemand gehaat nie. Was nie so mal oor Tertia nie, maar sy was totaal gelukkig in haarself.” Sy weifel net ’n oomblik, dan gaan sy voort: “Vyande het sy baie gehad. Almal was haar vyand. Dis óns wat háár gehaat het.”

Daar is ’n e-pos van Janine wanneer ek my rekenaar later aanskakel. Cara soek ’n storie, ’n teaser om die reeks artikels mee af te skop. Ek het nog niks. It will take some time, antwoord ek terug.

* * *

“Evangeli, Evangeli, hoekom? Wat het ek tog gedoen om dit te verdien?” Die trane loop oor Ma Kraai se wange, plons twee nat kolle op haar ontsaglike boesem. “Ons Here God sal sulke dinge nie ongestraf laat nie, Evangeli. Nie ongestraf laat nie…”

Agter Ma Kraai se rug leun Tertia teen die deurkosyn, smalend. Helleveeg! As ek dan nou in elk geval nie ongestraf hiervan sal afkom nie, kan ek haar mos netsowel aan die gorrel gryp. Vrekwurg. My paadjie na die hel loop reeds reguit en glad. Ma Kraai borduur voort op die geween en gekners wat vir my wag. Ek hoor nie meer wat sy sê nie. Ek sien my vingers om Tertia se nek. Stywer klem. Wringend haar bek vir altyd stilmaak.

Of die vleismes in die wasbaklaai, blinkgeslyp op die two-tone slypsteen, vlymskerp. Sal ek haar doodsteek? In die hart, klipharde hart. Of nee, haar sommer keelafsny soos ’n slagding. Ek skrik vir my gedagtes. Die mesding sal in elk geval te bloederig wees, ek wil tog nie dit ook agter haar skoonmaak nie. As ek net vir ewig kan wegkom van haar af. Of sy van my. Ontslae wees van mekaar.

Sy staan my nog en aankyk met ’n grinnik. Sy moes gesien het, geraai het, wat ek dink. Daar is nou ’n waaksaamheid in haar blik, groter versigtigheid. Jy weet jy gaan kak, jou huigelaar. Sy verstaan die kyk. Voordat sy omdraai en wegstap, gee sy my die middelvinger. Agter haar ma se rug.

“…maar Hy sal vergewe as jy die sonde bely en afsweer. Jy moet bid om vergifnis…” kras Ma Kraai se snikstem ongesteurd voort.

Daar is ook net soveel wat ek kan verduur van haar religieuse ineenstortings. Dit moet nou end kry. Ek val op my knieë neer op die vloer voor haar en gryp haar om haar bene. Die skielike beweging vang haar onkant en sy moet vinnig ’n voet versit om haar balans te behou. Dan bars ek teatraal uit: “Ek is so, so jammer. Dit sal nooit, nooit ooit weer gebeur nie. En dit was nie rerig al die pad nie, ons het net gevry. Maar ek sal dit nooit weer toelaat nie, want ek weet my liggaam moet rein bly vir my man. Ek is jammer en vergewe my, Ma Kraai, en vergewe my God, want ek het gesondig. Nie so erg soos wat julle glo nie, maar oukei, gesondig, so ek pleit om vergifnis.” Ek loer deur die trane na Ma Kraai en sien dat sy, oë bottoe, hande in die lug, tevrede glimlag. Werk altyd!

Ek gee haar ’n groot druk toe ek opstaan om ’n tissue op die lessenaar te kry. “Dis nou verby. Ek sal sommer môre na Dominee toe gaan en met hom gesels. Dinge uitsorteer, meer perspektief kry.” Sy lyk meer tevrede. “Dominee weet altyd net hoe om my sommer baie beter te laat voel,” lieg ek vroom. Ek hoor hoe Tertia ’n snorkgeluid maak in haar kamer oorkant die gang.

Dominee Friesen, ’n kwabbige pienk heilige met ’n klein knotspieletjie wat blaas soos ’n bul voor hy, met iets wat klink na ’n snik, swetend ejakuleer. Die walglike vent herinner my telkens aan ’n vark wat geslag word en, vasgepen onder drillende hamme, wipplank ek tussen braak en skater.

“Miskien moet ek sommer nou gaan om vir Dominee te sien. Hoe vroeër hoe beter.”

In die gang wys ek vir Tertia met my wysvinger op die keel wat my planne met haar is. Ek kry weer die middelvingers as antwoord. Ek lag uitbundig wanneer ek die voordeur agter my toeklap, wetende dat altwee my duidelik kan hoor.

Mevrou Dominee ontvang my by die deur en begelei my na die studeerkamer. Die plek is ’n kasarm. Donker gordyne behang die plafonhoë vensters. Ek ken die ou pastorie goed. Sedert ek hierheen moes kom vir my finale katkisasiejaar, weekliks vir amper ’n jaar, was ek ook na my aanneming en voorstelling reeds heelparty kere hier. Vir private konsultasie met Dominee Friesen. Soos ’n biegvader, hy. Vergewe my, want ek is ’n stoute stoute meisie.

Hy moes tog maar ’n priester kon wees. Met ’n biegkamertjie waar almal hulle sondes kan ontbloot sodat hy kan oordeel en straf en vergewe. En gee en neem net wat en waar hy kan. Soos ek. Soos hy nou weer van my neem en van homself gee op die uitgestrektheid van sy rooshoutlessenaar agter die geslote deur van sy studeerkamer. Met Mevrou êrens dienend in

die duister vertrekke buite die deur. Wonder sy ooit? Hoor sy miskien iets, 'n vreemde geluid hier binne wat haar nuuskierigheid prikkel? Of weet sy en hou bloot net die front? Wat gemeentelede daarbinne met Dominee deel, is tussen hulle, hom en God.

Maar nooit kom klop sy aan daardie deur, of roep, terwyl ons hier binne toegesluit is nie. En as ek hier uitstap, groet sy gemoedelik soos Sondae ook in die kerk.

Friesen moet my net uitlos om te kom en gaan soos ek wil. Ek het gesorg dat hy homself vasnaai. Sodat ek vry kan wees. Ek vind die sporadiese pastorieseks 'n noodsaaklike bravering.

Op die rooshoutlessenaar, Friesen hortend oor my, stotterend in my, is my gedagtes by Dawid Adler. Dawid Adler wat my so heerlik met hom een gemaak het, stadig, teer. My op die bed neergelê het en homself tydsaam my liggaam veroorloof het. En Tertia wat ons gesien het. Maar hoe? Waar was die klein teefsel? Hoe kry sy dit reg om altyd dáár te wees in my lewe? Op te fok in my lewe?

Ek kan die walging skielik nie meer beheer nie. Wil nie. Ek probeer onder die ou gewigtige stormram uitrol. Hy vertolk my woeling verkeerd, en met nuwe ywer hervat hy sy aanslag. Met die optrek van my bene kry hy momenteel weer die vooruitsig van penetrasie, snork soos 'n jagse bul. Dan skop ek albei bene reguit. Die slag tref hom vol op die erekte potsierlikheid, die geswelde balle. Die volgende skop is in sy maag, en met 'n drillende bulk sak hy asemloos op die grond neer langs die lessenaar.

Ek laat sak my rok terug, trek dit reg terwyl ek na die deur stap. Ek het nie vandag onderklere aan nie. Voordat ek die deur oopsluit, draai ek terug na hom waar hy steeds uitasem, hortend op die vloer lê. "Asmodeus! Beelzebub!" Hy lê net kreunend in 'n bondel, 'n korpulente naakte bedrieër. Ek gil en stamp die ruiker op die vertoontafeltjie met vaas en al af op die parketvloer. Die glas spat in skerwe om hom, vuil water week deur die dik tapyt waarop hy halflyf lê. Die blomme, angeliere en rose en gipskruid met groenloof en satynstrikke wat een of ander pretensieuse vrouediensdame weer die week gebring het, is verstrooid deur die vertrek. Ek ruk die deur oop, gil in die rigting van die donker binnevertrekke van die pastorie: "Nee, nee, los my!" Hy probeer orent kom, mik vir die deur, maar die logheid van sy eie lyf verhoed hom.

Ek begin hardloop na die voordeur net toe Mevrou uit die gang verskyn, haar oë roerloos op die oop studeerkamerdeur, die krioelende naakte ruspe wat rondspartel in die chaos om hom.

Terug by die huis gaan ek reguit na die agterplaas. “Jy het geen idee wat jy ontketen het nie.” Tertia skrik toe ek skielik agter haar praat. Ek weet lankal sy rook skelm agter die buitekamer. Haar ma kom nooit meer hier nie.

Sy herstel vinnig van die skok. “Oeee, nou is ek bang.”

“Jy moet wees. Tertia, dink jy nooit verder as wat jou neus lank is nie? Kan jy werklik so fokken onnosel wees?”

“Excuse me, miss geniale hoer!”

“Julle Van Zyl’s is wragtig die een meer toe as die ander. Gebreinspoel en harsingloos.”

Sy lag. Haar uit die murgpyplag. ’n Laat-jou-skaamkry-lag. “Jy’s dan self ’n halwe Van Zyl, jou poepol. Wat is jy, huh? ’n Van of ’n Zyl?” Weer die lag. Sy teug behaaglik aan die sigaret. Wanneer sy oordrewe uitblaas, kom die laaste bietjie in ’n misvormde kringetjie by haar rooi lippe uit. “Poepol”.

“Ek is ’n Theart. Maak wat jy wil, glo wat jy wil. Jy is alweer te dom om agter te kom wat aangaan. Moet net nie sê ek het jou nie gewaarsku nie.”

“Dankie, maar nee dankie. Van die wal af in die sloot, dis jy.” Sy lag weer. “En as hy ’n voël het, van die wal af in jou sloot, lyk dit my.”

* * *

“Ek dink van almal het Tertia haar die meeste gehaat. Werklik intens gehaat.”

Tienie is die eerste persoon wat sinspeel op ’n gramskap, ondeugdelikheid in ’n verhouding met Evi. Ek glo sy is die enigste een wat naby aan die waarheid kom. Dis hoekom sy nie alles wil onthul nie, omdat sy self dalk al die jare met een voet op die buitegrense staan, haar blik ewig na binne gefokus op die verstrengelde massa. Geensins deel nie, maar steeds nie vry nie.

“Tertia was maar van die begin af nie geneë met die klein weggooikind wat haar ma ingeneem het, en later aangeneem het, nie. Sy was ’n enigste kind, en na haar pa se dood, ag

sy was ook nog maar net ’n baba, was sy mos alles vir Ta’Kraai. Jy kan mos dink hoe bedorwe sy was.”

Susterlike twis. Ek kan die uitval met my eie suster glad nie onthou nie. Daar was die blackouts, die wakkerword op vreemde plakke in snaakse posisies. Êrens in die beloop van daardie beneweldheid het ek vir Greta verloor. Dit is baie moeilik om in my familie oor my drinkgewoonte te praat, omdat die “kom-ons-praat-nie-daaroor” reël steeds geld. Jy kan gil en skreeu daaroor, maar jy mag nie daaroor praat nie. Ek praat met vreemdes, ‘n randfiguur, op die marge van my eie bloed. Soms mis ek vir Greta, wonder of sy ooit aan my dink in haar kliniese, kinderlose voorstedelike paleis. Daar waar sy afkeurend praat met haar CEO-man oor haar fucked-up suster wanneer hulle met hulle Lexus voortseil na die volgende duur restaurant. Sy dink dalk terloops aan my as sy al daardie derduisende rande spandeer aan haar klere, haar hare, haar nuwe boobs en Botox. Of wanneer haar pastoor Sondag na Sondag uitvaar teen die sondaars van die wêreld. As sy, êrens op toer in ’n wêreldstad, iemand dronk in die straat raakloop, dink sy dan aan my? Sy weet tog ek is sober. Maar ek en my lewe is ’n te groot kanker vir haar reinwit bestaan. Soos sy my duidelik laat verstaan het dat ek vir haar geensins meer bestaan nie. Ma draai in haar graf om. Praat nie daaroor nie, dink nie daaroor nie. Slim Greta Steyl-Feldt.

Intelligente persone het almal ’n dualistiese persoonlikheid. Binne is jy sag, innemend. Uiterlik ’n ruwe milisiën. Dis ek. Natuurlike instink om die innerlike self te beskerm. Ek dink Greta is net die teenoorgestelde. Sy veg innerlik ’n raging war om die uiterlike te beskerm. Soos meeste mense seker. Angelo en Diabolo – die engel en die duiwel is altwee jy, goeie eienskappe, die slegte en die tekortkominge.

“Maar Evi was van die begin anders? Uitgesonder.”

“Dit was juis haar andersheid wat dit vir Tertia net nog erger gemaak het. Eers die hele storie rondom Evi se geboorte en die dood van haar ouers, toe die aanneming. Die hele dorp het gegons en Evi se naam was op almal se lippe. En Evi was in Tertia se huis. Jy moet onthou, Tertia was darem ’n paar jaar ouer as ons.”

“Maar kon haar ma nie die situasie beredder nie? So ou pap babatjie.”

“Ta’Kraai was blykbaar net gefokus op die baba. Dis eers later, toe ons al in die skool was en hulle nie meer vir Evi vir die res van die wêreld kon wegsteek nie, dat Ta’Kraai haar by Tertia geskaar het en Evi ‘aan die genade van die Here’ oorgelaat het, soos sy altyd gesê het.”

“Het sy Evi laat gaan?”

“Nee, nee, sy sou nooit so iets doen nie. Christelike en moederlike plig. Sy het net haar hande in onskuld gewas. Niemand kon vir Evi tem nie. Nie dat sy goddeloos was of krimineel nie. Daar was net niks waarmee sy haar laat bind het nie. Niks en niemand nie. Sy was nou behoorlik ‘born free’.” Sy lag vir haar eie woordspel. “Nie ma of pa of broer of suster of enigiets wat regtig hare is nie. Niks om haar terug te hou nie. Niks om met haar saam te sleep nie. Net Evi, vry soos ’n voël, ongesteurd deur die bande wat die gemeenskap en die wêreld haar wou oplê.”

Later in die benoudheid van my kamer wonder ek oor alles wat Tienie gesê het. Wonder ek oor Tienie. En oor vrywees. Vry van Chris, maar steeds vasgevang in die herinneringe. Óór hom miskien, maar nie totaal vry van hom nie.

Vry van alkohol, maar steeds vasgevang in die siekte. Sober wel, maar vry sal ek nooit kan wees nie. Ten minste ontken ek dit nie meer nie. Dít is mos ook ’n vorm van vryheid. Die verskil tussen ’n sosiale drinker en my is dat die sosiale drinker, al is dit ’n swaar drinker, kan ophou. Ek weet nou dat ek nie kan nie. Die enigste manier vir my om weg te bly van drank af, is om te refrain van die volgende drankie. Dit is nooit genoeg nie – een is te veel en ’n duisend te min. Freedom in choice! Jy is wel vry om dinge te interpreteer soos jy wil. Al die spiritual stuff. Maar vryheid in interpretasie maak jou nie vry nie.

Om vry te wees moet jy jouself bind, veral aan die begin na soveel meetings as moontlik gaan. Eers voel jy snaaks, die odd one out. Kry foonnommers, iemand om te bel in tyd van nood. Jy bly weg van vriende wat drink. Draai jou kop weg as jy verby pubs loop. Stap verby. Vermy partytjies. Jy spandeer tyd by diegene wat lankal sober is, die wenners wat jou kan vertel hoe om dit te doen. Jou drankprobleem word jou eerste prioriteit. Jy dink sober, onthou die slegte tye. Jy rook jouself in jou moer in. Dit is tog nie werklik vryheid nie. En Evi kon self nie waarlik vry wees nie. Sy was ook maar vasgevang in die presiese vryhede wat sy so daadkragtig uitgeleef het.

“Ek dink nie enigiemand is ooit werklik vry nie,” sê ek vir Muse wat later weer by my aansluit op die koffiehuis se stoep. Die besef van gevangeskap maak die engte van die ouwêreldse gastehuiskamertjie ondraaglik. Sy geselskap, vind ek, help om die mure van beperking in hierdie plekkie verder weg te stoot. Ek gun myself die interaksie, laat my sy teenwoordigheid welgeval. “’n Wroegende siel, swaar van seer en skuld en regrets,

vasgevang in ’n flawed liggaam, beperk deur bloed en vleis en bene en organe. Beperkte insig. Sonder vryheid in ’n land wat homself gyselaar hou.”

Hy antwoord nie, teug net aan die sigaret wat ek vroeër aangebied het, maar ek kan sien hy luister geïnteresseerd.

**4.**

Ek worstel om my verhaal aan die gang te kry. Loop my telkens vas in die woorde van ’n ander. Verdiep my keer op keer in die blaaie van die meesters van die kuns. Spook hulle vernuftigheid by my. Ek kan nie lank so volhou nie. Maar ek kan hulle betrek, deelmaak. Uit respek en met erkenning. Ek is obsessief oor ander skrywers, raak verdwaal in ’n misplaaste kameraderie, ’n solidariteit met hul lyding.

“Ek kan tog nie. So ’n pakkaas, blatant ’n konglomeraat van andere se ego’s en issues met my saamsleep nie. Dis tog stremmend, selfs striemend, so ’n doedelsak oor die skouer op ’n sukkeltog die berg oor.”

Hy lyk geamuseerd. Die rook draal na buite deur die spleet tussen sy lippe, sy neus.

“Om te skryf, is nie so maklik soos wat dit lyk nie. Dis ’n algemene wanopvatting by leke.”

“You are preaching to the converted”, antwoord hy agter sy waas. Skerp ken, bokbaard, donkerblink hare. En sy oë.

*Faust*, dink ek. En *Nag van Legio*.

“Jou insig is beperk. Naïef. Calvinisties bedrieglik.”

Lees hy my gedagtes? “Al wat ek sê is dat ek nie, vir myself, uitsluitsel het oor tot hoe ’n mate bestaande tekste kan of mag neerslag vind in nuwe werke nie. Word alles dan net ’n retelling, oor en oor en oor?”

Hy knik.

“En wie se storie is dit op die ou einde? Daar is tog ’n wesenlike verskil. Ek wil amper sover gaan as om te sê dit is teenoorgestelde pole, hierdie kreatiewe skepping en kreatiewe manipulasie van bestaande teks. Ek voel heel ongemaklik daaroor. Waar word die streep getrek?”

“Jy is such a drama queen,” sê hy en gooi die brandende sigaretstompie in my leë Coke Zero-blikkie. Hy skud dit woes heen-en-weer totdat die rook minder raak wat by die gaatjie uitwarrel. “Do you want to be the suffering artist? Oe, kyk hoe worstel ek met my kuns! Ly, ly, ly! Get over yourself, Julia. Dit is exactly wat jy doen. Jy is die voyeur, die parasiet, die

skurk wat kyk en vat en teer. Wat anders doen jy as om alles wat jy uitsuig te manipuleer sodat dit jou doel heilig?"

Ek hoor Van Heerden. "Teks…"

"Ag komaan, Julia! Literatuurwetenskap vir Dummies – alles is teks. Wat anders is Evi, hierdie plek, al die fucked-up gebeure hier, wat anders is dit as teks? En jý, duiwelsadvokaat."

Slinkse bliksem!

"Jy laat my dink aan 'n line in daardie movie, Disclosure. Demi Moore se karakter, ek dink haar naam is Madison, sê vir Michael Douglas se karakter: 'You come in my mouth and nóẃ you are having a morality attack!'". Hy gooi die laaste bietjie water wat oor is in sy glas in die koeldrankblikkie waar die rook weer stadig begin uitmaal het, groet met 'n kopknik en verlaat die koffiewinkel met dieselfde air as waarmee hy 'n rukkie gelede binnegekom het.

Ek ken die film, ek het Michael Crichton se boek gelees.

Terug in my kamer vroetel my vingers onbeholpe met die sleutels op my laptop, as skrywer 'n dilettant. Raadop Google ek opinies, raad en voorstelle. Beroemde en bekroonde skrywers. Onvergeetlike woorde. Ek beperk die soektog tot Afrikaans, die inligting oneindig. Volstaan oplaas met Brink.

Hoe beny ek die ou donner daardie weergalose aanvangsreël. Nie op die gewone manier uit sy ma se liggaam gebore nie, maar uitgebroei uit die stories wat sy vertel het. Dít is Evi. Sý is nie gebore nie. Sý het nooit regtig gesterf nie. Sy is net weer opgeneem in die stories wat daar altyd, steeds, oor haar vertel word. Fok, ek weet nie meer of sy enige iets anders as storie is nie.

Daardie nag droom ek van hom. Die bronstige ou stryderskrywer. Uit 'n bondel jong meisies beur hy na my. Ons rol in die sand. Dit kan 'n strand wees of elders, die seks ellendig.

Ek skrik wakker, lus. Met die nou besliste wete dat die pen wel magtiger as die penis is, gee ek my oor aan my skrywershand. Ek skryf myself op, verewig my in die kanon.

Voordat ek weer indoesel is dit Muse se gesig wat my bybly.

Die algemene handelaar is ’n miernes van bedrywigheid toe ek laatoggend daar aankom. Buite op die lang onderdakstoep is ’n boktafel staangemaak waaragter drie boeretannies vlytig staan en pannekoek bak op twee gasbranders. Dit is die laaste Vrydag van die maand, en die boere het hul werksmense ingebring vir lone en aankope. Ander wag vir die skool om uit te kom sodat hulle hul kinders by die koshuis kan gaan haal.

“Ag, ondersteun tog ons vrouediens. Dis net vyf rand ’n pannekoek,” roep die bakker met die blinkgeskuurde pan in die hand my nader. Sy gooi die pannekoek in die lug en vang dit behendig wanneer dit omgekeerd terugval.

’n Ander is besig om met ’n speserybotteltjie vol suiker en kaneel die gaar pannekoek in ’n bak te bestrooi. “Kyk daai lyfie. Jy kan bekostig om sommer ’n paar pannekoeke te eet.” Sy sit haar hande op haar swaar heupe. “Nie soos ek nie. Kan dit glad nie bekostig nie, maar ek eet hoor! Dirk sê mos hoeka nou ander dag vir my dat mense sal dink daar’s hongersnood op ons plaas as hulle na hom kyk. En dat hulle sal weet hoekom as hulle na my kyk.” Sy lag borrelend. “Kom, hoeveel? Ek góói die suiker, sê net hô.” Sy kyk gemaak vies na die bakker. “Asof hy so danig maer is, die helvoël!”

Daar is duidelik nie vir my ’n ander uitweg nie, om die aanbod van die hand te wys sou nou uiters ongemanierd voorkom. Díe dames weet hoe om te verkoop. Of dalk is dit die algemene aanvaarding dat almal iets sal koop. Ek bestel twee, maar onder luide uitroepe van teleurstelling neem ek vyf. Ek kan dit altyd later deel met Muse. As hy ooit pannekoek eet.

“Jou man lyk nog goed, Magda. Onse Heiland, maar kyk hoe lyk Lafras. Daar loop nou vir jou ’n hartaanval wat wag om te gebeur. Ek kan nie verstaan dat die jong mannetjies so lyk deesdae nie.” Die spreker wag op haar bestelling van tien pannekoeke, self ’n uiters lywige dame.

“Al daai vet vleis, Nelia. En brandewyn en Coke. Die mannetjies kuier mos hard.”

“Is, nè?” antwoord Nelia asof sy nog nooit daaraan gedink het nie. “Maar ’n tjoppie sonder vet is darem ook nie ’n tjop nie. En ek sit my mond nie aan so ou droë verkoolde ribbetjie nie. Hy moet darem so ou ietsietjie aanhê.” Hulle lag bevestigend. “En vet maak jou nie dood nie man. My Oupa Kerneels, Magda het hom ook geken, het geglo dit is nie ’n ete as daar nie vleis op die tafel is nie. Die vet sommer so skoon met sy mes gekerf soos biltong en alles geëet. En hy was blakend gesond, eers dood toe hy amper tagtig was.”

“Ouderdom?”

“Ja, en cholestrol.”

Ek verskoon myself vinnig en glip by die winkel in toe ek agterkom ek is die enigste een wat hardop lag. Tant Riens is druk besig agter die toonbank. ’n Gemaal van mense vul die winkelvloer. Daar is vandag vier helpers wat rondskarrel en ware verkwansel. Ek leun teen die muur net binne die deur en staan vir ’n wyle en gadeslaan wat besig is om te gebeur, totaal gefassineer deur die duidelik georganiseerde chaos.

“Oukei, ek vat nou Kleinspruit se mense! Amos, waar’s jou span? Staan julle gou nader!” klink Tant Riens se stem bo die geruis. “Nee Trui, julle moet wag. Jy sien mos hoe baie mense hier nog is. Rooidraai se lorrie was ook voor julle hier. Kyk, hier lê die boeke soos wat julle gekom het, Kammieskraal is eers ná Rooidraai,” beduie sy met ’n aantekenboek in haar hand. Ek verstom my aan Tant Riens se vermoë om die skare, heel menslik, in toom te hou, en terselfdertyd kop te hou met die uitbetalings. Dit wil my voorkom asof sy een en elk van die plaaswerkers persoonlik ken. My vooroordele het toe wel my eerste indrukke bedot.

“Betaaldag vir jou vandag?” vra ’n stem met ’n veinslaggie.

Ek herken hom dadelik, die varkbeertipe, ril instinktief.

“Dit ís bietjie benoud hier binne,” sê hy en neem my aan die arm, probeer my na buite stuur.

Ek trek my arm weg, miskien net te vurig. “Nee, ek is oukei. Ek het my net doodgeskrik, was baie ingedagte.”

Sy oë is twee skrefies in die pofgesig as hy glimlag. “Ek is jammer, die bedoeling was nie om jou skrik te maak nie.”

“Dis oukei, regtig.” Ek is nie gemaklik met die man nie. Was nog nooit werklik gemaklik met enige sodanige toegewyde geestelike nie. Ek verfoei die aanmatiging waarmee hulle ongevraagd jou personal space binnedring asof dit hul reg is. En jou dan veroordeel oor wie en wat jy is net op grond van wie hulle is. Ek wil die vet pienk mannetjie wegstamp. Vir hom skree fokkof, ek gril my dood vir jou, jy walg my.

Ek treë weer terug teen die muur, weg van hom. “Wat is dit wat hier gebeur vandag?”

Weer die veinslaggie. “Is ons volkies te oproerig?”

“Wat?  Nee, ek bedoel, hoe werk die sisteem? Hoekom betaal die winkel al die werkers se lone?” Ek voel my nou vererg oor sy voorbarigheid, sy ondeurdagte aanvaarding dat ek sy kleingeestigheid deel.

“Ons boere laat elke maand vir Rina weet hoeveel hulle nodig het vir lone. Jy sien, die bank is mos ver, dit is vir hulle makliker as sy die kontantuitbetalings doen. Hulle gee dan net vir haar ’n tjek. Sy het ook nie nodig om elke keer soveel kontant te gaan bank nie. Ons gemeenskap help mekaar maar so, ware naasteliefde.”

“En die werkers ontvang ’n paar rand aan die linkerkant van die toonbank en gaan spandeer dit dan alles aan die regterkant van die toonbank.” Ek wonder hoe lank sirkuleer dieselfde note deur die winkel. Teen die tempo wat ek hier waarneem, kan Tant Riens dieselfde note selfs ’n hele paar maal uitbetaal vandag. En uiteindelik weer terugsluit in die kluis!

“Ja, en diegene wat op skuld koop by die winkel weet al, Rina trek eers die skuld af voordat sy enigiets uitbetaal.”

“Wat jy saai, sal jy maai,” sê ek en glip vinnig by die deur uit. Ek beur my weg deur die kudde swaarlywige pannekoekkopers voordat hy my kan volg. Vanoggend sal ek in elk geval nie met Tant Riens kan praat nie.

By die koffiehuis is dit ewe bedrywig. My gebruiklike tafel word beset deur ’n bejaarde egpaar, duidelik opgetooi vir die okkasie. Ek wonder wat die okkasie is. Dalk net die inkom dorp toe. Ek kry ’n ander tafeltjie buite, baie kleiner, maar genoeg plek vir twee.

“Party van hierdie skrywers, seker uit vrees dat hulle te min lees, lees te veel…”

“Kan ’n mens dan te veel lees?” Smalend.

“My punt is, hulle lees so baie en steun dan hopeloos te veel op bestaande geslaagde skryfwerk vir rigting in hul eie werk.”

“n Mens kan nooit te veel lees nie. Liber enim librum aperit. One book opens another.”

Ons sit teenoor mekaar, elkeen met ’n sigaret. Oudergewoonte het hy nie sy eie sigarette saamgebring nie.

“Jy’s seker reg. Wéér! Hulle sê mos dat ons sonder poësie, musiek en geloof nie sal weet wat ons human maak nie. Dis wat ons binne onsself laat kyk, ons laat onthou waarom ons lewe.”

“Flaubert, darling – read in order to live. Die vraag is belangriker as die antwoord. It opens our minds.”

“Fok weet, my knieë knak onder die gewig van Venter, Van Heerden, Van Niekerk, Winterbach, Brink en en en.”

Ek bestel geroosterde hoender. Die plomp middeljarige kelnerin kyk my vraend aan, pen wagtend op die klein bestellingsboekie. Dit lyk na ’n Oom Dik-sketsboekie. Die algemene handelaar hou dit aan. Dan kom daar ’n effense trek van herkenning op die fronsende gesig. “Grilled? Plaas sê jy. Ons praat maar eenvoudige Afrikaans hier, jong.” Muse bestel laggend ’n Griekse slaai.

“Die siel heel altyd, my darling. Die uitdaging is om daai koppietjie van jou stil te kry.” Hy sê dit met sy wysvinger sirkelend om sy slaap. “Buite jou kop is daar nog ’n hele ander universe, you know.”

Fok, ek haat hierdie man! Ek haat sy alewige weet. Ek haat hom omdat ek reeds nie sonder hom kan nie. Ek haat hom oor ek hom wil hê. Alles aan hom en van hom. Aan my en vir my en in my wil hê. Soos wat ek altyd drank wou hê. Wil.

Oppad uit loop ek Oom Salie raak waar hy in Salomé se motor vir haar sit en wag. “Middag Oom. Hoe gaan dit vandag? Ek wil darem net weer baie dankie sê vir Oom se hulp die ander dag.”

Hy kyk geskok na my. “Loop,” sis hy, “loop hier weg voordat sy jou sien! Jy weet nie wat sy kan aanvang nie.”

“Waarvan praat Oom? Dis ek, Julia Steyl, my kar het mos gebreek daar by…”

“Loop,” sê hy weer benoud. Hy kyk senuagtig rond, asof hy verwag dat iemand in die straat ons dophou. “Loop, en los die geskrywery. Sy gaan dit vat en jou laat staan. Jy gaat moeilikheid kry.”

“Ek verstaan nie…”

“Sy lei jou aan die neus. Sy wys jou wat sy wil hê jy moet sien. Gaan weg!”

“Wie Oom? Ek weet nie wat Oom…”

“Loop!” skree hy skielik driftig, “gaan terug na jou muur. Kom uit my kop uit! Alberta, laat sy loop. Riens…”

Salomé is skielik by en beduie dat ek moet gaan.

“Ek is jammer…ek wou nie…dis…”

Sy knik dat sy verstaan. “Dis nie jy nie, dis oukei.”

Ek stap geskok terug na my kamer in die gastehuis. Ek smag na ’n drankie, kyk in die klein yskassie net om seker te maak of daar nie tog wel iets in is nie. Ek kan tog nie! Dat die onverwagsheid en skok van sy siekte my weer kniediep in die ellende van my eie siekte werp nie.

Dis ’n drievoudige siekte: mentaal, fisies en spiritueel. Alkoholafhanklikheidsindroom. Waddefok? Wat hulle dit ookal wil noem, die vat of nie van die volgende dop gaan ver verby die eie wil. Jirre, is dit my keuse? Dis hier waar die mentale en die fisiese en die spirituele ’n deurmekaar fokken allegaartjie raak, gerooster soos my dooie brein.

En word ek nou geklassifiseer? Ingeprop in die humiliation box. ’n Uitermatige drinker wie se afhanklikheid van alkohol so ’n hoë vlak bereik het dat daar waarneembare mentale afwykings is, inbreuk op liggaamlike gesondheid, interpersoonlike verhoudings en normale (fok, wat is normaal in hierdie samelewing?) ekonomiese en sosiale funksionering. Dis hoe hulle dit beskryf. Dit is hoe hulle my beskryf. Dit is wie ek werklik is – ’n multidimensionele fokkop!

Ek kan sien Tant Riens is doodmoeg toe ek die aand saam met haar aan tafel gaan sit. Sy voel skuldig omdat ons nie vandag by mekaar kon uitkom nie, daarom dat sy my oorgenooi het vir ete. “Dan kan ons mos nou rustig en ongesteurd met mekaar gesels.”

Vir ’n oomblik is die skok duidelik op haar gesig wanneer ek haar vertel ek is ’n alkoholis, dan is dit weg. Ek beduie vir haar dat sy vir haarself steeds ’n glasie sjerrie moet skink, maar sy is nou onwillig. “Komaan, ek het gesien hoe hard julle werk vandag. Ek dink jy verdien dit.” Dit lyk of sy iets wil vra, maar bedink haar dan. “Ek is lank reeds sober, moenie bekommerd wees nie, jou glasie sjerrie gaan my nou nie vanaand die afgrond laat oor nie. Ek sal my inhou, ek belowe.” Sy weet nie lekker hoe om te reageer op my spottende toon nie, skink dan tog maar vir haar ’n sjerrie. Ek drink ’n soet vrugtestroop, aangemaak met water. Ek laat niks blyk van my worsteling net ’n kort rukkie tevore nie.

Die ete is smaaklik, uitgebreid, maar nie so oordadig soos wat ek al op tafels hier rond ervaar het nie. Oondgeroosterde frikkadelle en aartappels. Rys met bruinsous. Groenbone, fyngedruk met uie, aartappel en tamatie. Soet pampoen. Die slaai is gesnyde tamatie, komkommer en ui. Daar is selfs nagereg, ingelegte kwepers wat sy opwarm en bedien met vars geel room.

"'n Mens leer maar om af te skaal, dinge te vereenvoudig as jy alleen is," beduie sy na die tafel.

"Dit is steeds 'n fees. Ek sou heel waarskynlik net pizza's gekry het as ek iemand moes oornooi. En ek skaal soms erg af. Kitsnoedels as ek nie te lus voel om vir myself kos te maak nie."

"Haai my mens, jy moet behoorlik eet. Dis hoekom jy so maer is." Vir 'n oomblik is daar stilte. Ek wonder of sy ook nou dink aan hoe my verslawing my lyf afgetakel het. Ek lyk, en voel, lankal reeds soveel beter.

Dan leun sy oor, praat saggies, asof iemand haar dalk kan hoor: "Ek eet ook nogal gereeld van daai goed." Knik vir my, 'n confidente. "n Mens moet jou losmaak van al die goed. Aardse goed. Jy kan tog daar niks mee maak as jy onder die grond is nie. Jy vat mos niks saam nie."

"Ja, daar is vir my 'n groot vryheid in alleenwees. Behalwe die obvious redes. Die lewe is ligter, minder wat jou bind, om voor om te gee."

"Nee, ek hou van eenvoud, ek hou nie van alleenwees nie. Dis wat my die meeste vang, om dinge so op my eie te doen. Deur die dag hou die winkel my besig, dan sien ek al my mensies. Maar as ek in die aand tuiskom en ek trek daai deur agter my toe, dis dan wat die eensaamheid my vat. Hier binne huil ek oor dit net ek is." Sy kyk vraend na my: "Daar moet darem tog seker iemand wees? Ek laat my nie vertel 'n vrou van jou ouderdom, en so mooi, het nie strome vryers nie. Ons het elkeen iemand nodig. As jy sê jy gee nie om nie, dan dink ek jy lieg vir jouself."

Ek kan nie haar direktheid ignoreer nie. "Daar was iemand, ja. Chris Els. Ons sou trou, nou 'n paar jaar gelede. Maar dit was voordat ek op die waterkar geklim het. Heeltemal." Haar oë is simpatiek. "Niemand het my ooit vertel die depressie kom uit die bottel nie. Die geestesprobleme. Die fisiese. Soos ek meer sober geword het, kon ek die spoor terugvolg,

verder en verder terug tot waar ek begin drink het. Ek het besef ek het nooit soos ’n normale mens gedrink nie. Ek wou net dronk word. Haat die smaak, soek die sensasie. Ek wou altyd high wees. Dan is daar mos iets baie erg verkeerd? Ek dink Chris kon dit net nie meer hanteer nie. Ek weet hy kon nie. Genade, kan enigeen hom kwalik neem? Daar was die blackouts, aand vir aand. Dan kan ek niks onthou wat verder gebeur het ná tienuur, elfuur nie.”

Noudat ek sober is, wonder ek soms hoeveel keer ek op so ’n aand iemand anders se man of ou probeer bykom het, of kaal op die tafel gedans het, of in stupendous fits op iemand of iets gevloek het. Want dít het wel gebeur, is ek vertel.

“Ek was maar altyd die hulpelose slagoffer. Ek het andere, meestal Chris, blameer as my lewe nie presies is soos wat ek dit wil hê nie. Geen verantwoordelikheid nie. ’n Reservoir van opgekropte woede. Scary. Hom nog meer blameer toe hy weg is omdat hy dit nie meer kan hanteer nie. Ek kon nie daarmee deal nie. Ek het daarop gedrink.”

“Ai, my arme mens.”

“Hulle sê by AA dat jy geen lewensveranderende besluite binne die eerste twee jaar van soberheid moet neem nie. Chris was so bly dat ek uiteindelik aangesluit het, dat hy my sommer dadelik gevra het om te trou. Wat moes ek sê? Ek kon nie toe ja sê nie. Nie toe al nie. Ek het gevra dat ons net moet wag. En hy kon nie.”

“Haai my kind, ná alles.”

Ek vertel haar nie van al die periods wat ek gemis het in daardie tyd nie. Die nie weet of ek dalk swanger is of nie. Hoe ek vir Chris opgepsych het met die vooruitsig van ’n moontlike baba wat net nooit vir hom gerealiseer het nie. En toe hy finaal uitloop en ek my daardie laaste keer vergryp, hoe ek ons dogtertjie bloederig uit my voel losskeur het.

Sy sit haar hand op myne. “Jy sal weer geluk vind, jy sal sien. Kyk hoe ver het jy al gekom? Kom ek maak vir ons tee, dan voel ons sommer altwee beter.”

Ek is dankbaar vir die geleentheid om die gesprek te verander. Ek was nie van plan om ooit my persoonlike lewe met iemand hier te bespreek nie. Vanaand het ek my eie reëls hopeloos verbreek. Te veel geopenbaar. Ek moet afstand hou, objektief bly. “Wanneer is jou man oorlede?”

“Ag, dit sal Mei al vyftien jaar wees. En toe trek ek maar dorp toe, na díe ou plekkie toe. Ek kon tog nie daar aanbly in so groot huis nie, wat nog te sê ek, vrou alleen, op ’n plaas. Dis mos vreeslik gevaarlik deesdae. Die kinders het ge-um en ge-a dat ek tog moet nader trek na hulle toe, maar dit sal nie deug nie. Hulle bly so wydverspreid, Riana-hulle is dan in Kanada. By wie gaan bly jy dan? Nee wat, ek bly net hier, hier by my mense.

“En koop jy toe die winkel?”

“Nee, ek bestuur maar die winkel vir die Pretoriusse van Elandslaagte. Baie goeie mense. Esta was eers onderwyseres hier by ons voordat sy en Bertus getroud is. ’n Ongetroude onderwyseressie hou nooit baie lank hier nie, dan is sy ’n getroude boervrou!”

“Ons het altyd met die onderwysstudente gespot dat hulle BA-manvang studeer.”

“Juistemint! Dis net so,” lag sy. “Maar ja, ek help vir hulle. Dit hou my besig en nou het hulle nie nodig om elke dag heeldag hier rond te hang in die dorp nie. Ek kry ’n salaris en al jong, ek’s ’n beroepsvrou!”

“Besturende direkteur van Leliefontein Algemene Handelaar.”

“Eiendoms Beperk!” voeg sy kamma-ernstig by. “Janee behoorlik, hoor jy...”

“Maar dit klink na ’n wonderlike ooreenkoms.”

“Ja, my kind, ek is tog gelukkig hier. En die ou huisie huur ek by die koöperasie. Hulle kry ook mos nie meer nuwe mense in nie, en hier is ’n paar leë koöperasiehuise wat nou langtermyn uitverhuur word. Ek het nog die plaas ook, daai klein ryk Fourie huur Vredehoek by my. Sy plaasbestuurder bly nou daar.”

“Ryk Fourie?”

“Ja, Klein-Pierre Fourie. Pierre Pitte se seun. Hulle besit omtrent al die hele distrik, plant die aarde vol mielies. Besproei almal se boorgate dolleeg. Hy wil aldag en heeldag vir Vredehoek ook koop, maar ek byt eers vas. Mens weet nooit wat vir jou voorlê nie. As hy daardie tyd steeds belangstel, kan hy maar koop. Hy wil ’n dam daar stoot, maar ek laat nie grou op my plaas solank ek lewe nie. Hulle is skatryk. En Klein-Pierre is ’n regte haantjie, hoor jy. Pa se geld het reguit na sy kop toe gegaan. En hy’s wragtig ’n mooi jong man, dis jammer hy is so windbol.”

Ek vertel haar vlugtig van my onderonsie met Oom Salie vroeër die middag. “Hy het my selfs verwar met Evi op ’n stadium. Was vreeslik ontsteld en het geroep na Alberta. En jou, Tant Riens?”

Haar gelaat verbleek effens. Ek sien weer die waaksaamheid terugsluip in die oë. “Met hom weet jy nooit. Daar is slegs ’n wasigheid tussen waarheid en versinsel. Nie een van ons weet werklik meer waar waarheid eindig en die leuen begin nie.”

Terug in my gastehuiskamer dink ek weer aan alles wat Tant Riens my vertel het. Ons sal weer gesels, vandag was die tyd te min. Met díe dat ons mekaar ook eers moes vind, weet ek steeds bloedweinig van Evangeli Theart. Sy het my darem genoeg vertel om moontlik te kan begin met ’n inleiding vir my verhaal. Wie sou tog díe verhaal in soveel detail oorvertel aan hul nageslag? Ek vermoed die verhaal van Evi is in een generasie reeds omvorm deur oorlewering. Verhef tot legende.

Ek orden my notas.

Jaap Theart ontmoet vir Elna Malan in die stad, ’n weeskind sonder kind of kraai. Hy kuier by familie en sy werk by die Star Roadhouse. ’n Wulpse jong meisie is sy, wys in die weë van die vlees, met ’n kort pienk rokkie en ’n wit voorskoot. Sy raak heel danig met die jong boertjie wat, in die week wat hy in die stad vertoef, elke dag by die padkafee kom inloer. Nie een keer vra hy haar uit nie.

Terug op die plaas besef Jaap hy het ’n fout begaan om nie die stadsmeisie behoorlik die hof te maak nie. Die volgende week is hy weer sak en pak in die stad om vlerk te sleep. Díe keer vra hy haar uit. Elna, slimmer en slinkser, is aanvanklik halsstarrig. Jaap probeer elke dag, totdat sy, presies soos beplan, toegee en hom vergesel na ’n fliek. Hulle sien mekaar meer gereeld en Jaap trap die pad blink tussen sy plaas en die stad. Nooit kom Elna uit plaas toe nie.

’n Vurige gevryery later en Elna is swanger voordat sy en Jaap twee maande later trou. Die troue is in die stad, sommer in die magistraatskantoor, die getuies administratiewe personeel. Vreemdelinge. In Leliefontein word die egpaar onder sensuur geplaas, die kerkraad verder geskok dat Elna nooit gekatkiseer is nie. Die gemeenskap in roering, gissings oor Elna se sedes, vrae en twyfel oor Jaap se vaderskap.

Hulle kom bly op die dorp. Jaap het toe reeds sy plasie verkoop en die algemene handelaar in die dorp oorgeneem, dieselfde winkeltjie wat Tant Riens tans bestuur. Elna se opgewondenheid hou net ’n paar maande. Sy verlang terug stad toe en haat almal wat haar heeltyd so aanstaar. Nooit in die oë nie. Kyk net stip vir haar maag as hulle haar êrens raakloop. Dit raak vir haar so onuithoudbaar soos wat haar swangerskap vorder, dat sy later nie meer uit die huis kom nie. Jaap moet nou die winkel alleen hanteer. Mense wonder en vra. Jaap sê Elna moet rus, dis ’n fris bulletjie. Mense begin hulle eie gevolgtrekkings maak. Jaap sê haar tyd is naby.

Elna karring en kerm, maar Jaap steek vas. Hy trek nie. Elna kerm en kla. Tot ’n dag wat Jaap sy moer strip, haar tasse laai en sê sy moet klim, hy vat haar nou dadelik weg. Godweet waarheen, sê hy. Almal kyk grootoog toe Jaap se Granada die stofstraat afjaag, vermoed Elna is in kraam. En dis laaste wat hulle vir Jaap sien. Net buite die dorp, op Tol-se-Draai, rol Jaap die Granada sewe keer. Aaklige storie. G’n mens weet wat daar gebeur het nie. Elna is in ’n koma, en toe sy ná ’n paar weke weer bykom, is Jaap reeds begrawe. Haar baba is gered, ’n pragtige dogtertjie wat sy eers sien toe sy weer by haar positiewe is.

Noodgedwonge moet Elna terugkeer na Leliefontein, sy het geen ander heenkome nie. Al is dit net om alles te verkoop en die boedel af te handel. Veel was daar toe ook nie.

Skielik kyk die mense vir Elna in die oë. Almal is skielik vriendelik met haar. Elna weet hulle weet nie waarheen die Granada oppad was nie. En sy huil saam met die tannies oor haar man wat sy nie werklik wou gehad het nie wat nou weg is. En die babatjie wat sy nie regtig weet wat om mee te doen nie.

Ta’Kraai, oftewel Leonor Van Zyl, wat self onlangs ’n man aan die dood afgestaan het, en haar klein bakoordogtertjie, Tertia, woon langs Elna in Paradysstraat. So genoem oor die welige plantegroei aan daardie kant van die dorp met sy sandstraatjies. ’n Eiewillige vrou met ’n swaar rollende bry. Haar swaar swart hare altyd in ’n spaarwiel laag in haar vet nek. Kraai dra altyd haar rouklere. ’n Enorme swart sirkustent met ’n wit kragie wat êrens tussen haar derde en vierde ken wegraak.

Sy dink die mense noem haar Kraai oor die swart. Die rok. Die hare. Die gemoed. Maar dis eintlik omdat sy so kan opgaar. Want Ta’Kraai gooi niks weg nie. Sy wil alles hê wat haar twee pienk ogies sien. Sy bêre alles. Botteltjies en blikkies. Proppies en plastieksakke. Ou koerante, vuurhoutjiebokse en gebruikte geskenkpapier. ’n Showcase vol doopkoeke en

troukoeke van mense wie se kleinkinders al bejaard is. Oorskietkos. Afvalkos. Ander mense se rubbish wat hulle uitgooi. Plantjies. Alles. Ta'Kraai maak bymekaar. En die huis onder in Paradysstraat word voller. En voller.

Met díe dat Elna vir eers die winkel moes oorneem, 'n geweldige uitdaging vir die jong moedertjie, besluit Ta'Kraai die kind kort sorg. Sy stel voor dat Elna die kind by haar los in die oggende en dan weer saans met toemaaktyd kom haal. Daar is mos darem nog 'n kind in die huis. Dit vat nie veel om vir Elna te oortuig nie.

Die winkel begin geleidelik agteruitgaan, en wanneer iemand aanbied om te kom help, neem sy dadelik die aanbieding aan. Dit is nie lank nie of Elna laat die winkel al meer en meer in ander se sorg. Sy begin haar weer onttrek van die gemeenskap, die kind nou meer by Ta'Kraai as by haar. Wanneer sy glad nie meer die kind kom haal nie, stap Ta'Kraai na die buurhuis, die tuin wild oorgroei. Daar is geen teken van Elna nie. Nie binne of buite nie. Soos 'n groot speld verdwyn Elna Malan Theart uit Leliefontein. Elf dae later vind iemand haar, bebloed, haar polse diep gesny, in 'n garagetoilet by Star Roadhouse. Die meisie wat haar gevind het, is erg geskok oor die grusaamheid van haar ontdekking, sê die koerant.

Godsgeluk kry iemand die koerant onder oë, sit twee en twee bymekaar. Ou Dominee Esterhuizen, nou reeds lank oorlede, reël alles. Elna Malan Theart vind 'n ewige rusplek in Leliefontein knus langs haar man. Die sterfdatums op die grafte is nie eers 'n jaar uit mekaar nie.

Met die hulp van Ou Dominee en die ondersteuning van die gemeenskap kry Ta'Kraai voogskap oor die kind. Die latere aanneming lewer ook geen teenkanting op nie. Die kind laat sy slaap in die gangkamer wat stink na katpie. Die huis bly die kind s'n, en Ta'Kraai los alles in die huis soos die dag wat Elna daar weg is. Eenmaal 'n week word die huis skoongemaak, van hoek tot kant moet Regina dan skrop. Soms, wanneer die twee dogtertjies slaap, sluip sy stil uit na die buurhuis, dwaal sy deur die vertrekke, droom sy dis alles hare.

Geleidelik begin Ta'Kraai ook die buurhuis volprop.

Ek plaas die notaboek terug in my drasak. Hieruit moet my storie kom. Van geslag tot geslag tot vreemdeling se stemopnemer tot 'n Moleskin sagteband carnet à pages blanches. Ek kon dit direk op my skootrekenaar transkribeer, maar êrens in die komplekse ratwerk van my skryftrant hunker ek na die romantiek van pen op papier. Dan, van papier tot skerm. Skerm tot papier. Heen en weer in die eter en hopelik eendag weer verewig op papier.

Dalk is dit net wensdenkery, die voortbestaan van my storie in ’n land sterwend aan ’n leesmankement, die degredasie van my taal en die gedrukte woord, hoe heilig ookal, en die banale ontering van ortografie.

Ek was maar altyd anders, soekend. Ondersoekend. Dít het ook eers werklik begin sin maak by AA. Al die gevoelens wat ek as kind gehad het. My andersheid. Nooit kon ek dinge laat klop nie. En al hierdie mense weet presies hoe dit is om so te voel. En instinktief het ek die antwoord gekry – so dis hoekom ek begin drink het. Ek moes drink om te keer dat ek heeltemal van my kop af raak. Ek het nooit werklik geweet hoe ek oor dinge voel nie. My gevoelens is beperk tot warm, koud en lou. Dis nie ’n morele siekte nie, dis net ’n ongewone kondisie. Met die noem van God, het dit vir my begin sin maak. Omdat niks anders op daardie stadium sin gemaak het nie. Waarna soek ons? Hulle sê baie alkies is eintlik op soek na God. Ek probeer ontslae raak van hom, die beeld van hom wat aan my voorgehou is. Opgedring is. Die moet en moenie, wees bevrees, moenie doodslaan nie, moenie my naam ydel gebruik nie - God. Die: jy is my kind maar ek stuur jou reguit hel toe as jy sou waag om ’n voet verkeerd te sit - God. God wat lyk soos PW van ouds, verdoemende vinger omhoog. Klink soos PW, net nog ligjare scarier. Ek wil ontslae wees van al daardie herinneringe, daardie gode. Van die skaapagtige navolging van ’n iets en ’n iemand so meesterlik manipulerend gekonstrueer.

Nee, ek soek díe God. Die regte ene. In sý skepping en in myne.

Ek stuur vir Janine ’n sms voordat ek gaan slaap: *I think things are beginning to take shape. I’m well, by the way. ps – ek het my Muse gevind!*

Sy antwoord kort daarna: *good for you get some fuckin sleep!!!!!!*

Die digitale wekker op die bedkassie wys 03:27.

Die meisiebaba kruip slepend na die bek van die grot. Buite is die son ’n blindende wit. Wanneer sy by die spleet kom en na buite staar, is die lig dowwer. Rooi. Donker. Iemand skree. Of is dit ’n dier? ’n Aaklige geluid. Die meisiebaba kruip deur die spleet. Die rontswande is glibberig. Sy gly. Val. Ek ruk wakker.

**5.**

Ek proe die hoes. Dit proe anders. ’n Metaalagtige smaak soos die bloedreuk tydens skaapslag. Die keelafsnybloed van die slagskaap in die mis op die sinkplaat. “Ek dink ek het tering,” sê ek vir Tertia.

“Tering?”

“Ja, tuberkulose, TB!”

“It’s curable,” sê sy, “jy gaan so lekker maer word.”

Dan eerder Herbalife of Body for Life of enige diet for life. Fok TB vir maerword. I choose life!

“Wat?” vra sy.

“I choose life,” sê ek harder. ’n Yes-man, ’n jabroer, ’n opsweper, ’n wafferse motiveringspreker, ’n prediker. Charismaat op die verhoog, hande omhoog. I choose life. Daar val ’n tante, ’n oom ruk-ruk.’n Ander brabbel-brom ’n deurmekaarspul. ’n Jong vrou, ver swanger, hol in die gangetjie af: prys die Here, praise the Lord! I choose life.

Ek hoes en spoeg die geel bol tussen die rose.

“Sies jirre,” sê sy naar, “ek dink ook jy’s besig om dood te gaan.”

Ek los haar in die tuin. Sy is deesdae baie meer openlik met haar rokery, maar sy rook steeds nie voor haar ma nie. Ek kan die skynheiligheid van hierdie mense nie meer verduur nie.

Ek wil uit, weg. Ek wil my vlerke oopsprei en aanhou vlieg tot by die strale van die maan. Daar waar ek vandaan kom. Die buik waaruit ek gebore is agterlaat soos wat sy, Moeder, my agtergelaat het. Ek verwerp jou, Amma. Ek gaan ver terug na die uithoeke van die heelal, verby die tyd wat jy my kom haal het. Daar sal ek weer suiwer maanstraal wees en jy sal my nooit ken nie. That’s the life I choose.

Ek buk oor om die spinnekop in die hoek van my vensterraam van nader te bekyk. Sy hang daar, onderstebo naby die middel van haar web. ’n Warboel klewerige sydrade span na buite. Ragfyn strek ’n ankerstraal rakelings verby my gesig. Ek staar verruk na die insek, verstrik in

die kronkels. ’n Lieweheersbesie, rooibruin en swart kolletjies. Sy is snel by. Die byt. Die toespin.

“Vieslike ding”, sê Tertia agter my. Ek skrik vir haar skielike opmerking. Voor ek kan keer druk sy een van my sketspotlode teen die web. Die swart lyfie val met ’n blink streep na die grond.

“Is jy simpel? Hoe moet ek nou weet waar is die ding? Netnou byt sy my.”

“Soort sal seker nie soort byt nie.”

“Moer net weg,” sê ek. “In elk geval, wys jou hoe min jy weet. Sy vreet haar eie soort.”

“Dit kan interessant raak,” sê sy ongeërg. “Trap die ding vrek. Of wag, ek sal hom vang. Hom in ’n bottel hou vir wanneer ek hom nodig kry.”

“Tertia, gaan net weg. Gaan net uit my kamer uit.”

Sy gee ’n gemaak bose laggie as sy uitloop.

“Dis ’n sy, jou stupid, nie ’n hy nie,” skree ek agterna.

* * *

Ek sien die pote. Altyd die pote. Lang, krapperige, klouerige pote. Agt. En dan die lyf en kop, boos. Ek kan nie verstaan hoekom enigiemand kan twyfel in die doel van ’n spinnekop nie. Spinnekoppe byt, maak dood. Freak my uit met daardie pote.

Die betonwerk voor my gee my die koue rillings. Die enorme knopiespinnekop op die duidelik sterwende vrou. Die pote klou om haar skouers, die kake geklem om haar nek. Dit laat my dink aan iets uit ’n rillerfilm wat ek as tiener gesien het. Toe het dit my ook mateloos ontstig, vreesbevange gemaak. Arachnofobies, ek het geen beheer hieroor nie. Meer as vantevore voel ek onrustig, hurkend in die fynruigte.

“Tertia is mos dood na die byt van die spinnekop,” sê Tant Riens, ’n effense simpatieke toon in haar stem. “Dit was vir Evi net te verskriklik. Jy kan mos sien hier watse geweldige slag dit vir die kind was. Die hartseer…”

Ek kyk weer na die afbeelding op die muur. Kuns? Die gedrog gee my steeds die rillings. Ek kyk na die gesig van die vrou, duidelik onkant gevang deur die skielike aanval. Die aangesig van die dood, skok, vrees in die oë. ’n Gestolde gil met ’n oorgroot tong wat gru by die mond uitpeul. Die punt van die tong is ’n blougroen likkewaangesig. Ek sien geen hartseer in die uitbeelding nie. Ek sien net haat. Ek sien ’n wellustige genot in hierdie monstrositeit, die monster net soveel instrument in die hand van die skepper as die steen en klip en sement. En blou tint.

“Wat het gebeur” vra ek, “met Tertia?”

“’n Mens sterf toe nie so maklik van ’n black widow-byt soos wat algemeen geglo word nie. Die kind was binne drie dae weer tuis. Almal was tog so bly. Jy glo mos maar as daai knopie jou byt dan ontmoet jy snel jou Skepper. Soos ’n mamba. Dis die einde daai. Maar toe sien ons dit is nie die einde nie. Die byt. Die uiteinde kan baie anders wees as wat almal dit voorhou of vermoed.” Tant Riens is reeds in haar motor, oppad terug na die winkel ná haar middagete-ekskursie saam met my. Nie dat enigeen van ons geëet het nie. Vandag wou ek net baie graag iemand hier by my hê. “Tertia is nege dae later dood aan ernstige komplikasies as gevolg van ’n allergiese reaksie op die teengif wat hulle haar gegee het. Kan jy nou glo? Hoe ironies? Die arme, arme Ta’Kraai.” Sy toet wanneer sy om die hoek verdwyn. By die huis oorkant die straat kom ’n vrou uitgestap, kyk in die straat af. Wanneer sy my sien, skud sy net haar kop en gaan weer die huis binne. Die deur met die gaasskerm klap hard in die kosyn.

Ek gaan kyk nog een keer na die spinnekopportret (Tant Riens se benaming) en stap dan oor na die koffiehuis. Genoeg van ongediertes en dood, vannag slaap ek weer niks. Ek kry nie die ongemaklikheid van my afgeskud oor my vertolking daarvan nie. Almal sien hartseer, verlies, onsekerheid. Ek sien ’n doelbewustheid, ’n kille wreedheid aan die uitbeelding. Wraak. Wraak met blou tong, deur Evangeli Theart.

Muse sit reeds by ons gebruiklike tafeltjie onder die boom. Hy lyk geïrriteerd, sy hande effe bewerig.

“Jy’s laat,” begin hy beskuldigend.

“Ek was by die muur,” antwoord ek en plaas die pakkie Crowns met die aansteker op die tafel voordat ek oorkant hom plaasneem.

Hy neem die pakkie, steek twee sigarette aan en neem ’n lang teug aan die een. Die ander gee hy aan my voordat hy terugleun en smalend deur ’n tweede teug vra: “En wat het ons vandag reeds wys geword?”

“Wat rook jy as jy nie by my is nie?”

“Niks,” antwoord hy sonder om te aarsel, “absoluut niks.” Hy glimlag weer sy demoniese glimlag. Al antwoord. “So, wat is op vandag se menu?” vra hy deur twee rooksirkels.

Ek kyk op na die kelnerinnetjie wat by ons tafel staan. Ek het nie eens opgemerk dat sy daar is nie. Mooi kind, jonk. Seker ’n vakansiewerk. Nie veel geleenthede in hierdie plekkie daarvoor nie. “Koffie asseblief. Met warm melk. En hou ons maar dop vir hervul.”

“Selfde,” sê Muse met sy glimlag. Die arme kind is duidelik oorrompel, ’n rooi blos oor die wange.

“Ek maak so, Oom,” kom die skaam stem met die omdraaislag.

“Gots,” bars hy uit toe ek proes, “Hierdie Calvinistiese Afrikaanse plattelandse middelklas konserwatisme…”

“Ag komaan!” vererg ek my vir die neerhalende pretensie, “Jy is nou ’n tweegesig. Jy is net moerig omdat sy jou oom genoem het. Moenie drama pomp oor niks nie. Jy skyt in jou eie voordeur.” Ek skrik vir my reaksie, iets wat ’n Calvinistiese Afrikaanse plattelandse middelklas konserwatiewe moontlik sou kon kwytraak. “Ek is jammer, oukei. Sorry! Ek voel self partykeer soos jy oor die verkramptheid. Dis net, ek weet nie, ek het nou genoeg gehad. En daai spinnekopding het my heel ontstel. Ek kan sommer sien hoe surface al my childhood nagmerries nou weer.”

Hy kyk my stilverstom aan. Vir die eerste keer lyk dit asof Muse nie ’n antwoord gereed het nie. Dan begin die glimlag weer stadig om die lippe vorm. “Nou toe nou. Aren’t we a ray of pure sunshine. Spill it, what’s on that mind of yours?”

“Ek sê jou mos, daai muur. En ek dink nie die mense hier weet wie of wat Evangeli Theart werklik was nie. Ek dink nie enigiemand weet nie.”

“En weet jy?” Daar is skielik weer lewe in sy gesig. Opgewondenheid.

"Dis … ek weet nie. Die muur. Die mense. Ek dink … dis of ek haar ken, of ek weet wat sy dink. Hoe sy gedink het."

Die demoniese glimlag lyk nou anders. Engelagtig. Fok Muse, wie is jy? Wat is jy? Lucifer was mos ook die mees beeldskone engel. Voor die val.

"Daar is iets donkerder hier."

Hy neem die koffie wat die oorlamse kelnerrinetjie voor hom neersit sonder enige teken van erkenning in haar rigting. "Julia, Julia, jy is amper daar. Dis 'n deurbraak," sê hy teatraal met sy arms in die lug.

Ek kyk die kind agterna wat duidelik afgehaal weer die koffiehuis binnegaan. "Waarvan praat jy?"

"Oorkom jy dan nie nou self jou grootste probleem nie? Alles wat jy sien en hoor. Evi se muur. Evi se lewe hier. Die mense. Dit is ander se stories. Maar nou word dit jou storie, Julia. Evi wat net jy ken, waarlik ken. Verstaan jy nou?"

"Die oorskryf? Die afskryf?" vra ek, te moeg vir die alewige sirkelpraat. "Miskien moet ek net die hele ding laat vaar." Die leë koppie in my hand kom hard op die piering neer. "Maar ek sal nie kan ophou nie. Nie Evi se storie skryf nie. Ophou sal selfs erger wees."

Hy kyk my verwonderd aan, soos iemand wat sopas vir die eerste keer iets wonderliks ervaar het. 'n Scout wat die stem gehoor het van sy volgende sangsensasie. Bewondering, terselfdertyd geamuseerd en bewoë.

"Wat?"

"Ek dink jy sal nou Evi se storie kan skryf. Die storie soos wat dit aan jou geopenbaar word, nie soos wat andere dit die hele tyd aan jou voorhou nie. Evi sal jou nie meer ontwyk nie, Julia. Jy sal nou ook haar donker kant kan explore. Haar ten volle leer ken."

"Presies." My gesig in my hande. "Ek is besig om 'n ander persoon hier te vind, te skep. Dis nie die persoon wat almal wel geken het nie. Dit kan tog nie eg wees nie. Die spul bliksems laat 'n mens nooit werklik in die incestious binnekring toe nie. Daar is soveel weergawes van 'n Evi soos wat daar siele in hierdie gatkantsrant is. Almal blatant intiem. Natuurlik!"

“Van die uitset was hierdie nie ’n projek om ’n feitelike biografie te skryf nie, was dit? Jy is nou beyond dit, Julia. Jy is reeds oor die drumpel, jy woel in ’n ander dimensie. En jy het iets daar gevind, Julia, ’n rare egtheid, hoe donker ookal, wat vele ontwyk. Miskien omdat soveel dit misken en vrees. Of te hard soek.”

Ons word onderbreek deur die kelnerin wat ons koppies wil hervul. “ Nee, genoeg dankie,” keer ek voordat sy kan skink. Sy kyk my vraend aan, duidelik denkende aan my vroeëre versoek. Ek kyk na my bewende hande waar ek nog ’n sigaret probeer aansteek. “Bring vir my net ’n Coke Zero asseblief.” Sy kyk na Muse wat haar net met die wuif van sy hand na binne beduie. Dan neem hy vir homself ook nog ’n sigaret.

“Jy het geen idee hoe díe spul bontstaan om elkeen sy eie storie te vertel of om sy eie gat te cover nie. Almal gooi kwansuis hulle deure oop, maar niemand nooi jou werklik in nie. Dis asof jy keer op keer so naby kom. Hulle laat jou sit op die stoep, vergas jou met allerlei staaltjies, spys en drank, laat jou glo dat hulle jou in die intieme binnekring verwelkom, net om telkens die deur in jou gesig toe te klap. En jy, dom doos, strompel met jou bebloede bakkies van die een stoep na die volgende. Tot waar jy met jou vergruisde aangesig naderhand self begin glo dat jy nooit sal weet wat hulle weet nie, wees wat hulle is nie. En hoekom wil jy? Hoekom de fok sal ek soos hulle wil wees? Ek skryf mos my eie storie.”

“Dis ’n mondvol. Cheers!” Hy klink sy leë koffiebeker teen myne wat leeg op die tafel staan. “Van wie praat ons hier spesifiek, jou informante hier in die dorp, of jou informante in die letterkundige sfeer?”

“Ek praat van hierdie spul, ag fok, sommer almal.”

Daar is weer ’n e-pos van Janine. My artikel is nou ver agterstallig. Ek stuur ’n warboel aantekeninge deur om hulle ’n idee te gee van wat voorlê. Cara antwoord direk terug: Then what? I don’t get the feeling that there is much more. Substance! Janine, set deadlines!

Ek is weer bewus van die ou monster, sluipend op die periferie kring hy nouer in. Ek gryp my sigarette en gaan sit op die stoep buite my kamer. Vicky se foon is af en ek kan slegs ’n boodskap laat. “Een dag op ’n slag, nè, een dag op ’n slag. Ek dink ek moet oppak,” is al wat ek uitkry.

Ek skakel die koöperasie en vra dat Tienie my deurskakel na die werkswinkel. Ek het my nou al so ingewikkel in hierdie storie dat ek tred verloor het met my eie realiteit. Ek weet nie eers

wat fout is met my kar nie. Dit sal tog wys wees om seker te maak dat ek wel hier kan wegkom as ek moet.

"Nee, die dinge loop mooi," verseker Hennie my, "die Beetletjie is nog kookwater. Ek wag net vir 'n paar parte en dan is ons daar."

* * *

Tertia kyk geïrriteerd na my wanneer nog 'n hoesbui my oorval en ek naar die slymerigheid in my keel probeer loskry.

Ek proe die ou muf, die siek, die oerslym aan die binnewande van die grot. Home sweet home. Die man kom terug met 'n dooie bok oor sy skouers, bly om die nuwe vel vir die vrou te kan gee. Sy gryp die karkas, skeur hompe rou vlees met haar tande af en verorber dit terwyl sy hom skalks dophou. Dan gaan sy voor hom buk. Hardhandig stamp hy homself in haar in sy kerm soos 'n wildekat skree tjoutjou as hy gewelddadig kom diep in haar diep in die grot. Hy gooi die vel voor haar neer. Sy gryp nog 'n stuk vleis en gaan hang die vel aan die grotwand naby die bek vir lug. Ek hoes weer. Ek proe die klam agterwand, die bloederige vel, die oersweet, semen, sap. Die hoop van 'n droë wind wat by die bek van die grot inwaai. In my keel, in my mond lê die smaak van die oerfok. Kon gene tog maar genoeg wees. Moet ek dit so proe?

"Drama queen."

"Ek proe dit, fok! Ek sê jou ek proe alles. Dis daar, ek kan dit allermins misken."

* * *

"Janine het gister gebel. They're pulling the plug."

"Was maar net 'n kwessie van tyd. Jy't tog geweet waarop dit alles gaan afstuur."

"Fok hulle ook."

"Wat gaan jy nou doen? Gaan jy terug?"

"Nog nie. Ek kan myself nie sover kry om die storie net so te laat gaan nie. En my kar is nog nie klaar nie."

"Veral nie nou nie, Julia. Jy is dan nou so goed op dreef."

"Alles kak, sê hulle. Ek kan nie 'n spul gefabriseerde gebeure as die waarheid aan die lesers voorlê nie." Ek soek my sigarette, gooi my hele sak uit, maar dis net die aansteker, die skelgroene wat ek by Tant Riens gekoop het vir R7, wat saam met die res van die inhoud oor die tafel uitval. "Asof die idiote wat daardie tydskrif lees die verskil ken tussen perdedrolle en vye. Ál daai sogenaamde ware verhale is make-believe, man, dis alles fiksie. Ek sweer myne is nog die naaste aan die waarheid."

Ek kyk na Muse. Vanselfsprekend het hy geen sigarette nie. "As ek nie nou rook nie, gaan ek iets onverantwoordeliks aanvang." Ek los hom by die tafel, struikel amper by die hekkie in my dolle vaart na die algemene handelaar 'n ent af in die straat.

Dan doen ek dit op my eie. Fokus op my verhaal, gefabriseerde gebeure. Shit shit shit! Ek weet net nie hoe ek vir alles gaan betaal nie. Bless jou, Janine, ek's seker jy het jou bes probeer, dankie. Ek moet reeds meer as die helfde van die bestaande onkostes self dra. Van gister af alles.

'n Tamaai viertrek se neus strek tot bo-oor die stoep reg voor die winkeldeur. Ek moet om die voertuig stap om by die deur te kom. Die persoonlike nommerplaat lees "Pitte". Natuurlik! Pitte is mos geld. Geld vir al die mieliepitte wat hom so ryk gemaak het. Iemand het iets gefluister van ander pitte, blink klippe.

Die Adonis wat met sy gespierde bolyf op die toonbank leun, is duidelik die leier van die bendetjie jong manne. Hy swaai om toe ek instap, leun weer met sy elmboë terug op die toonbank, en betrag my van kop tot tone. O boeta ek ken jou tipe, jy het geen idee nie. Ek is nie werklik geaffronteerd nie, nóg minder voel ek gevlei. Ek is bloot befok.

"Hallo daar," smaal Adonis.

"Middag." Die man is mooi. Ek is in geen space vir idiotiese come-ons nie, maar hierdie vent is nekrukaantreklik. "Tant Riens, sigarette asseblief. Ek sterf!"

Adonis steek sy hand na my uit, die bruin bisep bult onder die stywe moutjie van sy t-hemp bedruk met ’n parodie op die handelsnaam van ’n bekende voertuig: Randy Lover. “Pierre.”

“Julia,” antwoord ek sonder om sy hand te neem. Ek neem die sigarette wat Tant Riens aangee, betaal en draai om om te loop.

“Ek skryf ook,” sê Adonis Pierre-Pitte, “baie.”

Wel, wel, wie sou kon raai? Weereens iemand wat blyk te weet van my sonder dat ek die vaagste benul het van wie hulle is. Oukei, nie regtig heeltemal waar nie, ek het darem van hom ook al gehoor. En díe pick-up line behoort interessant te wees. “Wat skryf jy?”

“Ek skryf elke dag ’n moerse klomp tjeks uit,” bulder hy terwyl hy vir sy makkers kyk vir ondersteuning. Sy makkers skater dit uit saam met hom.

“Slim,” sê ek, “en baie snaaks.” Vir hierdie vlak van kommunikasie het ek waaragtig nie nou die lus of die krag nie.

Ek ignoreer sy roep, hoor Tant Riens se stem voordat ek vinnig wegstap terug na die koffiehuis: “Laat staan, Pierre Fourie. Laat haar begaan.”

Ek trek die rook diep in my longe in, voel hoe my ontstoke gemoed dadelik reageer. Ek moes myself inhou om nie sommer al ’n sigaret in die straat aan te steek nie. Muse staar stil na my terwyl hy ooglopend ook sy sigaret geniet. “Dit was nou hittete of my kop het uitgehaak. Hierdie verdomde addictions.” Vir ’n vlietende oomblik dink ek weer aan Vicky.

Ek vertel hom van Adonis-Adoons. Hy is onmiddellik op sy hoede.

“Duidelik nie ’n intellektueel nie, maar o so lipleklekker,” borduur ek voort. Dit is waarskynlik onvanpas van my om hierdie vreemdeling so intiem met Muse te bespreek, self ook net ’n vreemdeling. Ek deel tog alles reeds met hom, nie eers my gedagtes en drome is aan hom onbekend nie. Ek het dalk reeds te afhanklik geword van hom. Ek moes tog aan iemand vashou waarmee ek kan praat, een dag op ’n slag. En sonder hom, sou ek nie ’n storie kon skryf nie. Sou ek dalk tog die assignment kon afhandel, iets produktief uitgerig kry om voor te lê? Nie in hierdie plek nie, vir Muse kan ek allermins daarvoor blameer.

“Dat jy nou hier aan die einde die romantiese held moet bytrek,” sê hy sarkasties, “klassiek.”

“Behoed my, met daai leë skedel.”

Hy antwoord nie, kyk my net stip in die oë, sy uitdrukking ’n vraag.

“Dis dalk presies wat ek nodig het. Om my eie kop ook weer stil te kry. Ons hoef nie te praat nie, ek wil nie wêreldkrisisse saam met hom oplos nie. Maar daai lyf onder daai skedel!”

“Jy’s jags,” sê hy kru. Ek is verbaas oor die bytende aanval, vererg my selfs vir hom.

“Fok, jy dink?” Dit is nou al jare. Chris was my laaste. Myself kan ek tog nie tel nie!

“Dink voor jy doen,” sê hy bot terwyl hy opstaan, “die pen is magtiger as die penis.”

“Cliché.”

“Dit bly waar.”

“Ek weet, ek praat uit ondervinding,” probeer ek hom gerusstel. “Sit, ons het nog baie om oor te praat.”

“Ek is klaar vir vandag, laat weet as jy my nodig het.”

“Nou, Muse. Ek het jou nou nodig. Wat is dit hierdie? Ek vertel jou van ’n vreemdeling wat ek terloops gesien het en jy skree ontug.” Sy gesig bly ontsteld. “Gooi die baba met die badwater uit.”

“Jy het dit baie duidelik gemaak wat jy begeer, Julia. Ek wil net hê dat jy versigtig moet wees, dis baie maklik om verswelg te word in mooi beloftes. En uiteindelik is jy die een met die leë kop.”

“Nee werklik, jy neem dit nou heeltemaal te ver. Ek gaan nêrens heen nie en niemand het aan enigiemand enige beloftes gemaak nie. Ek het die vent in die winkel raakgeloop, drie woorde gewissel, dis al.”

“Ek het dit al alles vantevore gesien, dis al.” Hy laat my verstom by die tafel agter.

Alles laat my steeds met meer vrae as antwoorde. Die een vraag noodsaak ’n volgende, dit word ’n ewige spiraal dieper die duisternis in.

* * *

Die bytplek is in haar nek gevind. Die spinnekop, steeds in haar bed, word geïdentifiseer as Latrodectus, familie Theridiidae. Twee rooi kolle op die ventrale abdomen. Nie ’n perfekte uurglas nie, maar duidelik ’n swart knopie.

My kind, my kind wat het jy tog aangevang? vra my hartsma. Sy het gepleit daarom, antwoord my bloedsuster, dit van haar afgesmeek. Ek het haar dit gegee, sê ek, ’n verrassing in haar slaap. Soos Kersvader of die tandemuis om, as sy wakker word, met blydskap die welverwagte te ontvang.

* * *

Oppad uit een middag vra Petro my terloops of ek net Tant Riens se storie opteken. “Ek het dalk self ’n paar dinge om jou te vertel wat ander nie sal nie,” sê sy geaffronteerd.

“Ek is jammer Petro, maar sal jy my iets meer omtrent Evangeli Theart en haar muur kan vertel? Háár lewe en storie is wat ek wil hoor. Ek was onder die indruk julle het ook maar eers ná alles hier aangekom, dan nie?”

“Dit is wel so, maar dan hoor jy mos almal se weergawes, en ek hoef niks weg te steek nie,” kap sy terug.

Verder kan ek my nie meer toeverlaat op gissings nie. Hier sit ek juis in ’n ellendige professionele penarie. Net die laaste greintjie hoop op my eie skrywe verhoed my om alles te laat gaan. En selfs daarmee sukkel ek beduidend.

“Dan maak ons so, Petro, ek sal graag wil hoor wat jy te vertelle het,” troos ek haar, “ons pas ’n tydjie in een aand sommer binnekort.”

Die gesig verhelder. “Dan vertel ek jou alles wat jy nog nie weet nie.” By implikasie verwag sy dus dat ek haar eers alles vertel wat ek weet, die ou kalfakter.

By Tant Riens het ek ’n tjek laat wissel en sal voortaan al my onkostes kontant betaal. Ek sien dat Petro brand om te vra oor die vereffening van die rekening sover. Seker bang ek kies die hasepad. Janine het reeds gister die betaling gedoen, so sy sal weet dat die tydskryf nie

meer gaan betaal nie. Dit skeel my min wat sy dink, ek kan my verantwoordelikhede nakom. Vir nou.

Die hele tyd wat ek by die gastehuis vertoef, ontvang hulle net drie keer ander gaste. ’n Agent vir onkruiddoders, ’n maer mannetjie wat homself genoop voel om deurentyd sy produk te verdedig teen die aanslag van die organiesgesindes. Nie een van ons ander drie gee hom ooit aanleiding tot sy jeremiades om die eettafel nie. Ek neem my ontbyt op die patio waar ek kan alleen wees, en is dankbaar toe hy ná ’n paar aande weer vertrek.

’n Jong familie oornag een aand op weg dieper die binneland in om êrens in die afgeleënheid vir ’n ouer te gaan kuier. ’n Bejaarde pa wat verbete vasklou aan ’n vergane era en ’n stuk uitgeputte grond. Die vrou lyk senuagtig, onseker oor wat vir haar en haar jong kinders vorentoe wag. Ek vind die dogtertjie skattig. ’n Verrassende intelligente klein poppie wat my eindeloos vermaak waar ek ná aandete op die stoep sit. Die seuntjie is nog maar ’n baba en skree my telkens wakker gedurende die nag.

Die derde gas is Tant Riens. Sy staan een aand met ’n oornagtassie voor die deur. “Ek soek ’n kamer vir vanaand asseblief,” groet sy vir Petro, “Bertus verf my huis uit en ek sal dood as ek in daardie deurmekaar huis vol verfdampe moet slaap.”

Dit word ’n heel prettige aand, en die Erlanks kuier self ’n rukkie langer as gewoonlik saam met my en Tant Riens om die eetkamertafel. Ek en Tant Riens is dit later eens dat dit bes moontlik net was omdat Petro bang was sy mis iets. Wanneer hulle groet vir die nag, gaan sit ek en Tant Riens op die stoep buite my kamer, elkeen met ’n beker warm koffie.

“Ek weet minder as wat ek geweet het toe ek hier gekom het. Van alles. Dinge is nou so deurmekaar, en ek weet nie eers meer wat om te doen nie,” begin ek alles uitblaker. Die woorde stroom soos water. Ek hoor myself in sin na sin my wankelmoedigheid beken en ek kan myself nie stilmaak nie. Ek vertel haar alles. Van Chris en die kind. Vicky. Van wat ek dink, van wat ek skryf, wat ek nie kón skryf nie. Van Evi wat nie Evi is soos wat hulle haar ken nie. Of soos hulle voorgee sy was nie. En van Muse. Ek vertel haar van Muse met wie ek ure kan sit en hierdie dinge bespreek maar wat nou onttrek. Wat nie regtig meer met my wil praat nie omdat ek dink ’n mooi ryk jong man lyk nou al te aptytlik. Ek vertel haar dat my hele trip, my verblyf hier, my doel nou in sy moer is en: “Ek weet voor die jirre nie wat ek nou gaan maak nie.”

Sy kyk lank na my in stilte, peinsend. “Het ek jou al vertel wat gebeur het nadat Tertia dood is?”

Ek lag deur die trane, die snik en lag ’n snorkende geluid waarvoor ons beide meer lag. Ek skud my kop en vee my trane af. “Nee, jy het nog nie.”

“Nou kom dat ek jou verder vertel.” Haar moederlikheid is vertroostend.

“Dinge wou net nie meer vlot tussen Evi en Ta’Kraai nadat Tertia weg is nie. Almal het geglo dat hulle ten minste mekaar het om te vertroos, maar die teenoorgestelde het gebeur. Dis asof die twee skielik mekaar begin blameer het vir alles wat verkeerd gegaan het. Evi het vir Ta’Kraai te veel herinner aan Tertia, en ek dink dieselfde kan gesê word vir Evi. Ta’Kraai het haar heeltyd vergelyk met Tertia, en noudat haar bloedeie kind weg was, was Evi se teenwoordigheid vir haar ’n foltering. Evi was darem mos nou al redelik volwasse. Sy het haar huis agter Ta’Kraai s’n begin leegdra. Die mense sê daar was bittere skreegevegte oor alles wat in daardie huis was. Maar Evi het dit dingetjie vir dingetjie uitgedra en in Ta’Kraai se tuin neergeplak. Die ou vrou het dit dan weer stukkie vir stukkie ingedra in haar eie huis. Waar alles gepak is, weet ek nie.”

Die aandlug raak koel en ek vra of ons moet ingaan, maar Tant Riens wys dat ons moet bly: “Ons kan dalk net nog ’n ou koffietjie kry. En sommer daai kombersies aan die voetenent van die bed. Ek geniet die aandlug, daar’s min genoeg vars lug waar ek vanaand vandaan kom.”

Ek maak twee bekers koffie by die tafeltjie in my kamer. Terwyl die water kook, kry ek gou die kombersie in Tant Riens se kamer ook. Sy sit die sterre en betrag toe ek op die stoep uitkom. “Jy weet, ’n mens moet dit meer doen. Die wonderlikste dinge gaan by ’n mens verby. En dis alles verniet. Kyk nou net daar, waar in die ou lewe het jy nou al ooit so iets gesien?”

Die melkweg lê spierwit deur die hemelruim. Ontelbare sterre flikker aan die firmament, planete, mane. Ons eie maan lê sekel, glimlag neer op die bejaarde vrou en die ontspoorde soos Alice se Cheshire Cat, “Only a few find the way, some don't recognize it when they do - some... don't ever want to.”

“Ons kan nie saans wag om onsself in ons huise toe te sluit nie. Dan sit ons voor die ou kassie en vervlak. Kyk wat mis ons. Dis mos so deel van jou en my soos asemhaal en eet. Wat doen ons tog behalwe om te jaag na wind?”

“Tant Riens maak my nou bekommerd, dit klink na ’n uittreepreek.”

Sy lag. “Ja, dit is nogal, nè? Maar ek wonder tog soms as ek so na alles om ons kyk, is al hierdie gejaag die moeite werd? Weet ons regtig hoe om te lewe?”

Ek weet dit is net vir my bedoel.

* * *

Ek wil weet waar hierdie asem, hierdie vrot fokken asem in my vrot longe vandaan kom. Ek proe voorgeslagte, dít wat hulle my nagelaat het, iets om op te staan. Net omdat jy voor my was beteken nie ek is jy nie. Soos jy nie. Ek hoef tog nie gestraf te word vir jou aandeel en skuld nie.  Dit is dan wat dit beteken – tot in die derde en die vierdie geslag. En kyk waar sit ons nou oor julle sondes. Te moer met julle sondes. Te moer met die asem wat julle my gegee het. Asem wat ek stink wil uitblaas. My afblaas soos ’n lewelose vinielopblaaspop. ’n Leë hol stuk dop sal ek myself eerder voortsleep. Want ek is nie jy nie.

Ek dra die vet vrou se oormatigheid uit my huis. In haar welige tuin, tussen boom en struik en deur, skarrel die ou hamsteraar verbete. Armsvol dra sy dae lank heen en weer, prop sy elke hoek en gaatjie toe. Sy huil wanneer iets onverwags val en breek, skree dat ek nie ongestraf kan bly nie. Ek skree terug dat my straf reeds verby is, hoe kan sy dan nie weet nie? My huis word leër, ek leef meer vry. Daagliks beweeg ek nader aan my oorsprong. Tussen die vervalle mure, die kamers vry van ’n ander se ekses, vind ek myself telkens opnuut.

Die vet vrou met die swart rok se huis in die geil tuin word ’n opslagplek, ’n pakhuis, ’n stoor. ’n Skatkamer vol nuttelose niks. Soos ’n damwal wat breek stort die vuilishoop eendag inmekaar. ’n Druisende waterval ellende vloei deur die nou gangetjie waar die veragterde vet vrou haarself reeds moet deurforseer. Die vloed voer haar mee tot waar sy bogtig in ’n systroom tussen verrotte opdrifsels veranker. Help, help, skree sy toe sy veel later haar bewussyn herwin. Buite is dit reeds nag en die maansekel glim laggend deur die takke van die vyeboom waarin ek sit.

Doen iets, sê my hartsma. Wat, vra my bloedsuster. Ek hoor niks, sê ek.

Die geknakte vet vrou se swart rok is taai bebloed. Help help skree sy. Doen iets, sê my hartsma. Wat vra my bloedsuster. Ek hoor niks, sê ek.

Met die môreskemering raak die stem van die vet vrou met die bebloede swart rok stil. Wat moet ek doen, vra ek, ek hoor niks.

Die konstabeltjie kom kort nadat ek hom laat roep het. Ek gaan wys hom waar ek die vet vrou gekry het. In die agtertuin, digby die tuinskuur waar haar dogter altyd skelm gerook het, lê die logge lyf in die vaalpienk beblomde slaapklere. Die japon het oopgeval aan die een kant. Waar die slaaphemp opgeskuif het, kry 'n mens 'n blik op die wit swaarlywigheid. 'n Swaar tak lê steeds half oor haar gesig, 'n saag net buite bereik van die gestolde hand. "Ek het haar gesê om dit nie te doen, ek sal kom help vandag," snik ek, "Sy kon tog so hardkoppig wees. En kyk nou! Godweet wanneer in die nag het dit gebeur. En ek het niks eers gehoor nie."

Het jy iets gedoen, vra my hartsma. Wat het jy gedoen, vra my bloedsuster. Ek het gedoen wat nodig was, antwoord ek.

Daardie huis hou ek gesluit, die roubeklaers jeremieer by my aan huis, verstom oor die plek se agteruitgang ná jare van volstaan agter slot en grendel. Ek verdra hulle, maak soms nie die deur oop as iemand klop nie.

Dit is met 'n skokkende mate van genoegdoening dat ek toekyk hoe die houtkis tussen die groen viltlappe neergelaat word in die graf. Die blink katrolletjies aan die ysterraam kras van die gewig wat dit moet dra.

Êrens gedurende daardie nag word ek wakker. Gaan jy iets doen, vra my hartsma. Wat gaan jy doen, vra my bloedsuster. Wat ek lankal moes doen, antwoord ek.

In die kas onder haar wasbak vind ek die paraffien. Ek deurweek die bebloede swart rokslap en gooi dit in die gang op die opgehoopte vloedreste. Die huis ontbrand terstond toe die vuurhoutjie val.

## 6.

Ek onthou die aand ná die gradeplegtigheid. Dit was nou wel net ’n BA Tale, voorloper vir die blink toekomspad wat ek besig was om vir myself te plavei, maar my eerste. Ons was oudergewoonte eers weer by Jake’s. Almal die rib special geëet sodat ons meer geld kon hê vir die naglange feesvieringe. Sorgvry. Argeloos. Wat het ek toe geweet? Dit was mos net onskuldige studentepret. Alkies was stink bums in gutters langs die pad, skunnige skadumense onder smerige vodde êrens voor ’n winkeldeur snags.

Ons is gode. Ons is die toekoms van hierdie land. Ons, die gegradueerdes, die intellektuele opperklas. Ons dans by Kreoles, langarmsokkie tot toemaaktyd. Werner de Lange druk my vas buite die deur, sy soen smaak na ribmarinade en bier. Maar dit is nie die einde van die aand nie en by die obskure Midnite Club drink en rook en bras ons tot die lig reeds helder is. Ek sweef, ek het geen perke nie.

By Werner se ouerhuis raid ons die drankkabinet. Ek strompel deur die kombuis, gooi laaie en kaste oop op soek na ’n kurktrekker. In die sitkamer het hulle dit reeds gevind. Ek val op Werner se skoot neer, my arm om sy nek. As ek hom weer soen proe dit na wyn en tabak.

Die kurk plop uit die bottel en ek gooi die oopmaker met prop en al op die groot wit pretensieuse sofa. Met ’n malse jagsheid keer ek die bottel Chardonnay in my gesig om. Ek duik dieper en dieper die stroom in. Ek weier. Ek weier om weer op te kom vir asem.

Dit was nog lank voor Chris. En een van die laaste aande uit wat ek in soveel detail kan herroep.

* * *

By die skool is dit veel erger. Tertia se hoon ken geen perke nie. Evangeli suikerklontjie, ruik hoe stink jou kontjie, fluister sy in die verbyloop. Slinks sorg sy dat niemand haar hoor nie, laat haar makkers die vuilwerk doen om valshede oor my te versprei. Tuis klik sy, lieg vir Ma’Kraai oor hoe lelik die ander kinders eintlik met háár is.

In die badkamer takel sy my eendag voor my enigste maatjie. Evangeli suikerklontjie, ruik hoe stink jou… Die sin eindig plotseling toe ek haar deur die gesig klap. Geskok staar sy my aan. …jou kont! Ek klap haar weer net toe juffrou Norbert by die deur inkom. Tertia skrik en begin balkend grens. Wat gaan hier aan, vra die juffrou. Sy het my geklap, twee keer, tjank Tertia. Ja, skud my maatjie haar kop. Sy't gesê ek's 'n kont, sê ek, twee keer. Ja, skud my maatjie haar kop. Evangeli! gil juffrou Norbert. Dis wat sy gesê het, skerm ek, 'n kont. Toe juffrou Norbert my klap storm my enigste maatjie in trane by die deur uit.

My ma het gesê ons mag nie meer saam speel nie, sê sy die volgende dag. Pousetyd sê ek vir Tertia, ek gaan jou weer moer! Kom suikerklont, lok sy, maar sy lyk nie meer so seker van haarself nie.

* * *

Dit is stil by die koffiehuis wanneer ek daar aankom. Muse sit ingedagte die verte en intuur, merk my eers op toe ek by hom gaan sit. Ek kan sien dat daar weer iets aan die broei is agter sy donker oë, binne sy eie donkerte.

Hy hou sy hand na my uit. Die sigarette.

Ek gee die pakkie en aansteker vir hom. "Môre," sê hy nadat hy die eerste rook uitgeblaas het, "Koffie?"

"Ek was binne voordat ek kom sit het. Ek het sommer vir ons altwee bestel."

Sy glimlag strek niks verder as sy mond nie, die oë steeds twee donker gispoele.

"Wat is fout? Jy lyk bra grimmig vandag."

Hy staar weer in die verte. "Ek wonder oor hoe dit alles gaan eindig."

"Die lewe?"

"Leliefontein. Die mense. Ons." Die bruin poele flits op my: "Jou storie."

"Wat het my storie met alles te doen?"

Hy maak sy oë toe, sis deur sy tande: “Jou storie het alles daarmee te doen. Alles is jou storie.”

“Wat gaan nou weer vandag aan? Het ek iets verkeerd gedoen? Gesê?” Ek vervies my vir die man se bui, sy momentele ongeskiktheid teenoor my. “Moenie dat my storie jou ontstel nie. Dit is after all net ’n storie. Mý storie. Waaroor sal jy nou jou kop daaroor wil breek?”

“Ek het die moontlike afloop van hierdie verhaal gesien. Ek vind dit veragtelik.”

“I’m not done yet! Jy kan mos nie jouself sit en verknoei oor iets wat dalk nooit eers sal gebeur nie. Hoe weet jy waar my verhaal gaan eindig?”

“Nie net jou verhaal nie.” Hy beduie na alles om ons, bo ons: “Híerdie hele verhaal.”

“Fok nee, waar is sy dan met die koffie? Ek kan nie deal met doemprofete sonder enige kafeïen in my liggaam nie.” Die sigaretkooltjie gloei rooi soos ek die rook diep intrek. “Gaan jy nou, ná alles, vir my sê dat jy ook een van die ou negatiewe fokkers is wat gaan bly terugrem na iets wat nooit weer kan wees nie? Komaan, nie jy nie, jy is dan ’n muse!” Die duisternis agter die oë gee skiet. “Inspireer my!”

Ons sit ’n ruk in stilte. Hy praat eers weer wanneer die kelnerin ons koffie klaar gebring het. “Mense. Dink jy werklik ons is die kroon van die skepping? Daar is soveel skoonheid, soveel mooi dinge in die wêreld. Die voëls in die lug. Wolke, wanneer die son die kleure oopbreek in die weste saans. Blink sterre en ’n vol maan. Blomme en berge en die ewig-veranderende seë wat nooit regtig verander nie. Dink jy regtig mense kan die kroon op so iets wees?”

Die vraag is retories.

“Mense staan te ver verwyderd van dit alles, dit wat eg is. Die pretentia is die nuwe elite en fok dit wat eie aan jouself is. Dis verkragting op ’n grandiose skaal, die een onteer die ander in ’n eindelose heen-en-weer spel om die klaterkroon te dra. Is dit dan die kroon van die skepping?”

Ek sit verstom. Sy skielike uitbarsting vang my heeltemal onkant. Die aanklag teen die mensdom. Ek moet wel met hom saamstem oor die pretensie en die gebrek aan welwillendheid. Dit is waarin alles ontaard het.

“En behoed jou as jy ooit uit die trop beweeg. Hulle sal jou self vertrap nog voordat die roofdiere jou kan kry. As jy uit die drukgang spring, sal hulle jou vermy soos die pes wat hulle glo hulle daar teen ingeënt is. Sien, jy inspireer my steeds,” sê ek.

Hy knik net.

“En is dit nie maar presies die storie wat ek hier besig is om te skryf nie? Die lewe van Evangeli Theart. Die evangelie van ’n vorige geslag pretentia wat netsowel ons kon wees.” Ek hou van sy woord, rol dit oor my tong saam met woorde soos militia en illuminati. Is daar regtig ’n woord soos ignorami?

“Ek koppel dit met kleinlike onkunde, groepskohesie en ’n twyfelagtige intellek. Blink tande en ’n groot kar.” Lees hy weer my gedagtes?

“In ’n roman sal dit dalk te veel wees vir die leser om te hanteer. Om so direk aangeval te word.”

“Hulle sal dit nie lees nie. Vyftig soorte kak sal hulle opvreet eerder as om gekonfronteer te word met een intellektuele vraagstuk. Met die stank nog op hul asem sal hulle dit heftig ontken en protes aanteken, dit verdoem. Elke aand weer ’n ou happie vat, stilletjies deel met iemand. Hulle lees niks wat hulle kan laat dink nie, net wat die trop aanbeveel.”

“Ek love dit,” lag ek, “Mag ek dit gebruik?”

“Dis joune. Maak daarmee wat jy wil. Dis net ’n kwessie van tyd, die groot karre en die blink tande is om ons. Die einde van die verhaal is ophande.”

* * *

Ek weet nie dat die huis langsaan myne is nie. Dat die groot ou vyeboom, swaar in dratyd en geil, my boom op my erf is nie. Nogtans is dit hierheen waar ek my wend vir troos. Vind ek my Eden in die koel skadu’s van die vyeboom. Van hoog uit sy takke sien ek soms vir Ma’Kraai in die huis ronddwaal. Of sy sit net en staar na die meubels, die mure. Sy weet nie ek is hier nie, dat ek kyk hoe sy geleidelik nuwe goedjies, ander goedjies, in die huis begin

inneem. Soos ’n mier wat regmaak vir die winter. Of ’n kraai wat niks kan los wat blink nie en alles in sy nes opgaar.

Wie se huis is dit, vra ek haar. Ander mense s’n, sê sy. Maar ma gaan dan altyd soontoe en ma se goed is daar. Hoe weet jy dit, vra sy kwaad en stuur my kamer toe as ek haar vertel. Ek gebruik die huis as stoorplek, dis al, bly weg daar, sê sy later.

Ek hoor die stemme die eerste keer kort nadat die praatjies by die skool begin. Evi, sê die vrou, Evangeli my kind. Ek hoor haar roep waar ek in die mik lê hoog in die boom. Evi, roep sy en ek hoor die stem kom uit die huis. Jou regte ma is dood, Ta’Kraai maak jou net groot, sê die praatjies. Evangeli, my kind, sê die vrou. Ek herken die stem van my ma. Is jy my regte ma, vra ek. Ek is, antwoord die aarde onder die boom. Ek is, eggo dit in die onbewoonde huis. Jou ma is dood, sy’t daar gebly, en jy is nie my suster nie, sê Tertia.

Ek hoor die stem meer gereeld. Toenemend indringed, dringend. Evi, Evangeli my kind. Ja Ma. Kom huis toe, my kind. Waar is jy, vra ek. Hier by jou, antwoord die aarde onder die boom. By jou, eggo dit in die huis.

Ek kry die sleutel in die vet vrou met die swart rok se kamerlaai. By die huis wat myne is laat ek myself in. Niks is bekend nie, niks myne nie. Welkom tuis, my kind, sê die stem. Waar is jy, vra ek. Hier by jou, antwoord sy. By jou, eggo dit in die vyeboom se takke. Ek haak die venster in die gangtoilet se knip los, sluit die deur wanneer ek uitloop en gaan bêre die sleutel in haar kamer.

Die huis wat myne is word voller van die vet vrou met die swart rok se oppotting, almal se stront maak sy hare. Elke keer as ek deur die venster inklim is daar nuwe versperrings, vreemdhede wat verstrengel oor my weg.

Sy is net soos daai ma van haar, sê die praatjies, sedeloos. Sy het my afgesuig, twee keer al, lieg Tertia se jags kêreltjie in die hoërskool. Hoerkind, sê die meisies, slet. O jirre got, sê die vet vrou met die swart rok, wat maak ek met so mens. Vra jy geld, vra die ander seuns, as jy my tongnaai is ek joune. Cheap teef, sê Tertia. Ons skree en skree en niemand luister na my nie, glo my nie. Hoer, skree Tertia en ek klap haar weer. Evangeli, my kind, roep die stem, kom huis toe. Ek wil, sê ek, ek wil. By hulle wil ek nie meer wees nie, ek wou nooit. Kom, eggo die stem van die aarde deur die boom. O jirre, help ons, sê die vet vrou met die swart rok.

Satan is listig soos ’n vrou, sê die dominee, soos jy. Niks is waar nie, skerm ek. Lieg is sonde, sê hy. Ek het nie, ek het nie, sê ek. Het nie wat nie, vra hy. Hom ooit getongnaai nie, skree ek. Wat is dit, vra hy, wys my. Nee nee, kreun ek. Kyk nou wat laat jy my doen, sê hy as hy weer sy klere aantrek en agter die lessenaar gaan sit.

Die jags kêrel staan onder die boom waar ek wegkruip omdat ek nie skool toe is nie. Ek het gedink ek sal jou hier kry, ons moet praat, sê hy. Bly stil en kom dat ek jou iets gaan wys, sê ek. Hy klim agter my deur die venster en ek het nie ’n panty aan nie. Hy wil sê hy’s jammer, maar ek maak hom stil met my vinger op sy lippe en lei hom na die kamer waar die bokse skanse staan om die stowwerige bed. Ek laat hom teruglê, maak die toutjie van sy sweetpakbroek los en trek dit saam met sy onderbroek teen sy bene af. Sy tril spring orent uit die stywe rek. Ek neem dit in my mond. Hy verlustig hom aan my tong en lippe en hande, kom pront met ’n hoë meisieagtige kreun. Wow, sê hy as hy probeer orent sit. Ek druk hom terug, my ander hand reeds weer om die skrotum. Jy sal weet hoe dit voel as ek jou afgesuig het, sê ek en werk hom op tot hy weer rukkerig ’n swakker straal skiet. Twee keer, sê ek.

Hierdie keer is daar geen praatjies nie. Kan ek jou weer sien, sê hy, ek moet. Nee, sê ek, dit was mos nou twee keer, net soos jy dit gesê het. Wat as ek sê dit was ’n duisend keer, dreig hy, maar ek weet hy sal nie weer praat nie. Wat as ek sê dit was net een keer, Evi asseblief, net nog een keer.

Daar is baie soos hy, later. Soos jags jakkalse tjank hulle in die nanag buite die venster met kloppende lende. Soms gee ek myself aan hulle op die sagte grondbedekker onder die soet jasmyn, net soms. Nooit genoeg nie. Evangeli, my kind, roep die stem, kom huis toe. Huis toe, eggo die aarde onder my waar ek lê in die jasmynbos. Moeder roep, sê ek. Ek hoor niks, sê die man. Kom, roep die stem, eggo die aarde. Ek kom, hyg die man.

Wat maak jy, vra my hartsma. Ek hou hulle almal gevange, hulle eet uit my hand, sê ek. Hoekom dan, vra my bloedsuster. Want dit maak my vry, sê ek. Jy speel met vuur, sê Tertia. O jirre got behoed ons, sê die vet vrou in die swart rok.

Kom, Evangeli my kind, roep die stem. Kom, eggo dit deur die vyeboom. Hoe kom ek by jou, vra ek. Kom saam met die een wat jou die maan sal gee.

* * *

“Deel van die lewe is dat daar tog altyd ’n mate van ongemak is, dan nie? Maar nee, niemand wil of kan mos enige ongemak verduur nie, die son skyn net vir hulself. Alles moet presies wees soos wat hulle dit wil hê. Dring daarop aan om gepamperlang te word. En dan word hierdie obsessief-geneigdes boonop geprys vir hul perfeksionisme asof dit ’n deugsaamheid is.”

“Dink jy nie ons eis ook maar te veel van ander mense nie? Net soos hulle al hierdie verwagtinge koester, verwag ons van almal om ’n intellektualis te wees. Dan is ’n ieder en elk altyd veronreg deur die ander persoon se rejection.”

“Jirre, die minste wat ’n mens kan vra is dat iemand sy verstand gebruik.”

Ek lag vir sy driftigheid. “Dit is seker so. Maar waar laat dit my nou? Ek verwag geen simpatie of jammerte nie. En die fok weet, dinge het nog nooit presies uitgewerk soos ék dit wou gehad het nie, dis bleddie vir seker. En ek ís die moer in oor die ewige rejections.”

“Dit is alles onbeduidend, met deursig ook bedrieglik. Jy sal nog op ’n punt kom waar jy sal swig voor die aansienlikheid van die duisternis diep in jou eie bloed. Dan sal dit alles sin maak en jy sal weet wat om te doen. Jy moet dit net eers jou eie maak.” Hy beduie dat ek ’n sigaret moet aangee. “Duende, Julia! Lorca.”

“So, jy wil hê ek moet my storie skryf…”

“Jý wil hê.”

“Goed, oukei, jy wil ook hê dat ek die storie skryf…

“Jóú storie.”

“Wil jy graag eerder vir my sê wat ek moet sê?”

“Ja, ek sal. Jy wil jou storie skryf, so skryf dit. Nie díe storie nie, that boat has now sailed, ankertjie gelig, daar gaat hy die stofpad af. Sink in die sand soos die Titanic.” Hy gryp dramaties aan sy bors en sing: “…my heart will go oooooooooooo-on.” ’n Paar mense by die ander tafeltjies kyk geamuseerd in ons rigting. “Maklik vir jou om te sê, Celine, my beursie is saam met daai donnerse skip onder,” lag ek. “Ek is ernstig, ek’s platsak, ek kan nie hier bly nie, ek moet teruggaan. Iets gaan doen. Red wat te redde is. Janine gooi dalk ’n boei uit, maar

ek twyfel. Hulle sal my nie nou sommer weer aan boord neem nie, ek was reeds op dun ys. Genade, hoe's daai vir skeepsmetafore. Jy en jou verdomde Titanic!"

"Jy kan altyd hier kom waitress," spot hy.

Ek gooi die pakkie sigarette in sy rigting. "Jy! Jy moet vir jou lekker hou." Ek is dankbaar vir die gemoedelike stemming. Sy somberheid van die afgelope paar dae het 'n demper op ons gesprekke geplaas, ons verhouding broos.

"Jou storie is altyd waar jy is, Julia, onthou net dit. 'n Wit duif op jou skouer wat altyd sy weg vind terug na jou toe, maak nie saak waar jy jou bevind in die wêreld. Die uitdaging vir jou is om te wees waar jou storie is."

"Ek sal moet mooi dink oor daai een."

"Ontvanklikheid. Be true to yourself and be true to the story. Moenie een oomblik jou waaksaamheid verloor nie, let go nie. Want dan vlieg die wit duif in die windpomp in!"

"Oukeiiii…." Ek verstaan steeds nie sy metafoor nie.

"Dis maklik om verlei te word tot vervlakking," is sy enigste antwoord.

Petro is driftig wanneer ons later uiteindelik gesels, duidelik oorstelp deur die selfbeheersing wat sy nou vir so lank aan die dag moes lê. "Daar is soveel stories en weergawes, en selfs ná al hierdie jare het ek ook geen antwoorde nie. Op 'n manier is ek mos maar 'n inkommer vir hulle. Maar een ding is seker, en dit is dat hulle weet wat hier gebeur het. Dalk nie die jonger generasie nie, hulle is nie soveel gepla nie, maar daar is 'n paar van die ouer garde wat met heelparty geraamtes in die kas sit."

"Wat kan jy my nog vertel, Petro?" Al hierdie dinge weet ek reeds. Ek is keelvol vir die om-en-om spinnery rondom niks.

Sy leun oor die tafel na my, vertroulik. "Díe Evi het 'n verbode liefde geopenbaar."

"Onder andere," antwoord ek, verveeld en dalk net te sarkasties.

Petro merk dit duidelik nie. "Nou sê party dat die vrou die muur stukkend gaan slaan het voordat enigiemand dalk haar ontug kon sien. Nog lank voordat al die ander mense daar kon uitkom en kon begin afbreek."

Ek dink weer aan my fotoreeks, die hele muur intak, behalwe vir die geliefdes wat toe reeds onherkenbaar vermink was.

"Maar dis nie waar dit geeïndig het nie," gaan sy onverpoos voort, "want toe weet sy mos Evi weet. En dis hoekom sy haar toe vermoor het." Sy sê dit asof sy sopas 'n moordsaak opgelos het. "Vermoor het en die lyk laat verdwyn het. En die res was maar te bly dat sy weg is, want met die muur afgebreek, was die hele gebroedsel mos nou weer onskuldig. En ek sê jou, dís hoekom hulle so toeslaan soos mossels. Haat mekaar, maar durf nie een die bek rek oor die ander nie."

"Soos jy sê, Petro, daar is nog geen antwoorde nie. Dit is egter 'n baie interessante teorie. Maar hoe is dit dan dat jy so negatief voel oor die gemeenskap, ek was onder die indruk julle is gelukkig hier? En wie vertel vir jou al hierdie dinge?"

"Almal vertel. Het jy nog nie self agtergekom nie? Almal vertel graag, maar niemand sê iets nie. So deur die jare het ek al al die weergawes gehoor. En hier rond gee die mense nie meer regtig om nie, die lewe gaan aan. En die tye het verander. Met elke nuwe generasie glo hulle al meer dis net 'n storie wat die oumense vertel."

Soos ek ook gedink het, reeds ver veranker in legende.

"En ons is baie gelukkig hier. Ons is net nie deel van die geskiedenis van die plek nie."

Dalk goed so, dink ek sonder om iets hardop te sê.

* * *

My susters stuur ek uit, oraloor waai hulle my naam. Kom, kom en vat haar huis toe, donder hulle stemme deur die ruim. My broers bring een vir een na my, minnaars wat vergeefs probeer om my uit die huis in die bos te lei. Sporadies strompel iemand uit in die straat, duiselig van ekstase met die reuk van jasmyn aan sy lyf.

Die een wat my wou liefhê met sy hart wys my die maan. In my sameweefsel ontsteek die maanstraal lumineus. Jy kom huis toe, my kind, sê die stem. Na my toe, sê die aarde onder

die boom. Maar ek weet ek is nou reeds bo dit alles verhewe, want van maanstraal is ek gemaak en tot maanstraal sal ek terugkeer.

Is dit wat ek met my saamdra? Die smaak in my mond, in my longe, die einste asem wat jy my ingeblaas het, is dit die wegwyser na waarheen ek moet terugkeer? Die laaste skakel wat my waarlik eenmaak met die kosmiese. Dan kies ek daardie pad en volg ek daardie spoor. Dít is die lewe wat ek kies. Eindeloos.

Van hierdie lewe word ek geleidelik bevry. In my longe ontsteek die branding, versprei deur my lyf. My hart versmelt tot yster. Ek ontplof, 'n supernova, my lewe skitterend verstrooi deur die ruim.

* * *

"Jy moet eendag bietjie uitry daar na my toe. My pad is altyd geskraap en ek hoor Hennie het toe die parte gekry, daai Beetle is so te sê weer splinternuut," nooi mooi Adoons my uit, "Of ek kan jou kom oplaai as jy 'n tydjie kan afknyp by daai boskrot of die koffiehuis." Hy klink neerhalend. Soos altyd lê hy agteroor met sy elmboë op die toonbank, sy gespierde lyf uitgestrek in my rigting, sy tande wit en egaal. "Dan wys ek jou bietjie my plase."

"Dit klink werklik heerlik en soooo interessant, maar ek is binnekort oppad en sal dit nie in my besige skedule kan inpas nie."

"Feisty! Maar ek hou daarvan, ek hou daarvan."

Tant Riens geniet opsigtelik die gesprek: "Ai jy, Pierre Fourie, los tog nou vir Julia dat ons kan verder gesels. Een van die dae is sy weg en dan sit ek weer net met jou oorlamsheid hier opgeskeep."

"Maar my tannie, sê dan tog vir die skone dame ek sal haar nie byt nie, net as sy vra."

"Pierre! Jou hier voor 'n ou vrou…"

"Ek loop nie voor sy ja sê nie."

Tant Riens kyk vraend na my. Ek beduie na die stoel agter die toonbank: “Gee dan maar vir die man iets om op te sit, lyk my hy gaan baie lank hier wees.”

“Ek staan sommer hier by jou,” antwoord mooi Adoons wat nou die speletjie deeglik geniet, “Dan koop ek vir jou ’n …”

“…Coke, dankie.”

“’n Coke, oukei.” Hy draai na Tant Riens wat ons nou met gevoude arms staan en betrag: “En ’n KitKat, sodat jy ’n break kan vat.”

Tant Riens en ek proes beide van die lag. “Ai, jy darem Pierre, van kleins af nie op jou bek geval nie.” Sy hou die rooi boksie sjokoladestafies na my toe uit: “Wil jy een hê?”

“Lyk my ek het een nodig.”

“Haai Tant Riens, ek het maar ’n hele paar keer op my bek geval toe ek klein was.”

Ek kan dit beswaarlik glo as ek na sy perfekte tande kyk. Fok, maar hy is ’n aanvallige vent! En hy weet dit. En hy weet ek weet dit.

Ek draai vinnig weg: “Tant Riens, gee maar vir my die KitKat, ek hoef immers nie daarvoor te betaal nie.” Ek begin die speletjie geniet, gevlei deur die aandag.

Met ’n dramatiese gebaar betaal hy vir ons koeldrank en die sjokolade. “So, wanneer vat jy ’n break dat ek jou kan kom haal?”

“Hier vat ek hom nou,” antwoord ek met ’n mond vol van die sjokoladebeskuitjie.

“Nee genoeg nou van julle twee se nonsens,” treë Tant Riens tussenbeide. “Loop kry jou ry Pierre Fourie, watse boer lê so in die dorp rond as hy ’n honderd-en-tien plase het?”

“’n Slim Boer, Tant Riens, ’n slim boer,” terg hy terug. “Maar ernstig nou, grappies op ’n stokkie, kan ek jou kom haal een oggend? Dan gaan ons uit plaas toe. Ek sal ander pêlle ook oornooi as jy wil. Met hulle meisies.”

“Pierre, ek… kom ons kyk hoe loop my dinge. Dit is bietjie deurmekaar. Ek kan nie nou beloftes maak nie, ek is nie eers behoorlik seker of ek môre nog hier gaan wees nie.”

“Wat van môre dan?”

“Rain check?”

“Wel, dit beteken ja, maar later, nè?”

“Goed dan Meneer Fourie, ek sal jou laat weet wanneer ek kan kom. Tevrede?”

Weer die glimlag, die volmaakte tande. “Ecstatic!”

“Dit gaan dalk nie gou wees nie, ek moet eers my dinge uitsorteer. En ek kan nie sien dat dit te vinnig gaan gebeur nie.”

“Iets waarmee ek kan help?”

“Nee dankie, niks waarmee jy sal kan help nie. Gaan nou, ek sal jou bel.”

“Ha ha, jy’t nie my nommer nie.”

“Adoons! Tant Riens het mos jou nommer.”

“Oukei. Oukei. Just don’t forget me when I’m gone.”

“Totsiens Pierre.”

Die blink viertrek brul weg in ’n wit stofwolk. Ek sien Muse anderkant die spitspaalheining van die koffiehuis, dwalend, heen en weer soos ’n ingehokte luiperd. Hy loop vinnig straat op wanneer hy sien ek kyk vir hom.

“Ta’Kraai is nie lank ná Tertia oorlede nie,” sê Tant Riens later. “Wat die ou vrou besiel het om juis daardie nag die tak te gaan afsaag, sal net die Here alleen weet. Val haar toe morsdood, die tak. En die arme Evi kry haar die volgende oggend daar.”

Tant Riens is besig om af te sluit terwyl ons gesels. Die winkel is nie baie besig vandag nie, slegs sporadiese kliënte. Nou en dan moet ons eers ons gesprek onderbreek sodat sy iemand kan help.

“Die arme mens was omtrent in ’n toestand by die begrafnis, net daar gestaan en staar sonder om ’n oog te knip. En maer, onse Vader was daai kind maer. Vel en been.”

“Was sy siek?”

“Ag, ons dink maar so, my kind. Daar was soveel stories, niemand weet regtig meer wat was waar en wat was nie. Maar ons vermoed, jy weet. Mense praat mos maar so onder mekaar. En daar wás daai toestroming van al die jongmanne…”

“So dis waar die storie vandaan kom. Die aanvanklike weergawe wat ek in die stad gehoor het, was dat die jongmanne steeds hier rondjol.”

“Maar hulle doen,” knipoog sy en maak haar arms sterkmannetjie.

“O hy, ja wel…”

“Ag, ek sal nou nie weet hoeveel van die manne het sy die deur gewys en hoeveel het sy die poorte voor oopgegooi nie.” Sy bloos toe ek snorklag: “Maar dis tog waar.”

“Het niemand haar dan gaan sien nie? Het sy geen vriende gehad nie?”

“Hulle sê hier aan die einde het sy met die vyeboom gepraat. En met die huis en die maan. Mense van oraloor het maar nog altyd gaan probeer om na die muur te kyk. Sulke goed bly mos nooit geheim nie. En dan kom vertel hulle, vir enigeen wat wil luister, hoe sy praat met die huis en die boom en die maan. Letterlik met die maan gepla toe nou.”

“Die arme mens.”

“Ja, my kind, daar is mos altyd geleentheid om te verander. Maar as jy kies om dit nie ten goede te doen nie, dan moet jy maar vat wat na jou kant toe gegooi word, sê ek altyd. Die vlees beperk die sondaar. Kyk hoe vet was Ta’Kraai. En toe word Evi siek. As jy te veel van ’n ophef maak oor iets, sal iemand jou gou-gou aansê om dit self te gaan doen. En as jy te veel van iemand verwag sal hulle weldra van jou wegvlug en jy sal alleen wees.”

“Ek begin al hoe meer dink sy was net ’n hartseer produk van omstandighede. Alles wat met haar gebeur het, dis verskriklik vir so ’n jong vrou.”

“Ek sal dit nou nie te hard sê nie, maar ek dink nie sy self was so onskuldig nie.”

“Allermins, ’n slagoffer was sy beslis nie!”

Ek stap die kort entjie saam met haar huis toe nadat sy die winkel gesluit het. Sy het aangebied om my met haar motor na die werkswinkel te neem. Hennie het laat weet dat my Volla weer tip-top is.

"En wat het toe van haar geword?"

"Weereens weet niemand regtig nie. Party sê sy's sak en pak weg. Gaan hoereer in die stad soos haar ma, sê hulle. Maar nie een van die jeukerige mannetjies wat haar loop soek het kon haar ooit kry nie. Ander sê weer 'n jaloerse vryer het haar vermoor en haar daar êrens in die onderbos begrawe waar niemand die lyk sal kry nie. Hoog en laag is daar al gesweer dat haar spook op verskeie geleenthede opgemerk is waar dit ronddool tussen die huis en daai ou groot vyeboom. Jy weet, daardie boom moet al donkiejare oud wees."

"Wat dink jy, Tant Riens. Wat het van haar geword?"

"Daar's die van ons wat glo dat sy baie baie siek was. Soos ek gesê het, die vryers het van heinde en verre aangekom. En as 'n mens in ag neem hoe sy gelyk het hier aan die einde, en daai allerverskriklike gehoes, dan dink ek sy't 'n aaklige dood gesterf op haar eie. Alleen. Ek sal nie kan sê wat is en wat nie, maar dalk was sy oppad êrens heen toe die dood haar oorval het, daar waar niemand haar ken nie of niemand haar kon kry nie. Of as hulle het, net nie omgegee het nie."

"En niemand weet nie? Het niemand laat soek nie?"

"Ja, daar is lank gesoek, was op die radio en in die koerante. Niks. Maar jy moet onthou, daar was niemand vir haar oor nie, net Leliefontein se mense. En ek dink nie sy wou in elk geval deur hulle gevind word nie."

"Wat van die huis, haar goed?"

"Daar was verbasend min in die huis. Mense bespiegel dat sy dalk alles in die brand langsaan kon verloor het voordat sy alles kon oortrek. Maak nie vir my lekker sin nie. Maar die bietjie wat daar was, is op 'n staatsveiling verkoop. Jy sal dalk nog êrens op ander plekke van haar goed in huise kry, maar Leliefontein se mense het nie gekoop nie. Hulle het weer net gaan kyk."

Ek kan my oë nie glo toe ek my motortjie sien nie, amper onherkenbaar. Nog nooit het sy so nuut en heel gelyk nie. Die bakwerk en chroom skitter in die ondergaande son. Ek merk die nuwe syspieël, die heel linkeragterlig. Binne is sy blinkgepoets en spog met 'n nuwe heel bol op die ratehefboom. Hennie wys trots die enjin vir my, wat lyk of dit sopas uit die fabriek kom. Ek weet nie wat om te sê nie. Ek is stom, en Hennie vertolk dit as misnoeë in sy handewerk. Hy praat al vinniger en verduidelik al meer wat presies fout was met die enjin:

"Dit was net 'n klein joppie maar dit het lank gevat vir die parte om te kom maar ek gee jou my woord van eer dat die kar nou reg is en nog baie jare sal ry."

"Maar dít alles," beduie ek na die bakwerk en binnekant.

"Hou jy nie van dit nie?" vra hy verbaas.

"Dis nie dit nie, ek's mal daaroor, maar my kar was hier oor hy gevrek het en nie weer wou start nie, nie vir 'n totale restourasie nie. Ek het dit nie verwag nie."

Hy lyk verleë. "Ja, ek het so paar ekstratjies gedoen. Maar dis darem nie duur goete nie, jy sal sien."

"Ek is jammer, dis net dat my hele budget onverwags in sy kanon is en ek het geensins begroot hiervoor nie."

"Regtig, jy betaal net parte en arbeid, dit was vir my lekker om weer bietjie aan 'n ordentlike Beetle te werk. Dis nie eers baie nie, dit was 'n vinnige job. Ons het maar net lank gewag vir die parte om te kom. Dis nou wragtag die enigste ding wat ek nie hier gehad het nie." Hy wys dat ek hom moet volg. Ons loop deur die oliebesmeerde werkswinkel vol trekkers, uit by die groot sink skuifdeure en om die regterhoek. "Dis maar 'n hobby van my, díe goed," beduie hy na waar 'n sesstuks Beetles in verskillende stadia van dekonstruksie staan. "Toe ek nou so lank wag om aan jou Kewer se enjin te kan werk, toe doen ek maar solank al die ander goedjies. Dis oukei, regtig, ek het alles hier gehad."

"Ek voel nou soos 'n totale swaap. Ek weet nie wat om te sê nie, behalwe dat dit een van my most embarrassing oomblikke is." Nugter, en wat ek van weet.

"Dis als in die haak, moenie worry nie. Niks om oor embarressed te wees nie, ek moes jou seker eers gevra het, maar ek het gedog…"

Ek gryp hom om sy skouers en gee hom 'n stywe druk. Hy ruik na pyptabak en olie, 'n sweempie diesel. "Dankie, Hennie, moerse dankie."

"Nee maar dis reg so," stotter hy ongemaklik.

In die nag kom sy na my, mooier as wat ek my voorgestel het. Uit die strale van die maan wat deur my kamervenster skyn, vergestalt Evangeli Theart langs my bed. Ek ken jou, sê ek. Jy ken my nie, antwoord sy. Jy is Evi, ek ken jou. Julle weet steeds niks, sê sy. Die muur, ek

weet wat die muur is, sê ek, die spinnekop en die dominee en die tak op die vrou, die oorvol huis en die vuur, die jeugdige orgie, maar ek weet nie wat die vrou in die boom doen nie. Jy weet niks, sê sy. Is dit jy, vra ek, is jy die vrou wat lê in die mik van die vyeboom. Sy retireer na die venster. Waar is jy, vra ek. Lasciate ogne speranza, voi ch'intrate, sê sy en al wat oorbly is die lig van die maan deur die venster.

## 7.

Hy kyk bekommerd na my: “Ek het dit sien aankom, ’n storie verloop tot niks.”

“Wel, ek het geen antwoorde nie. Ek kan dit tog nie alles baseer net op vrae nie. Ek het my alreeds eenkeer hiermee vasgeloop, ek gaan nie my kop twee keer stamp nie. ”

“En dit net oor ’n droom.”

“Wel, glo wat jy wil. Ek kan dit nie verduidelik nie. Maar sy was daar. Sy gaan nie, wíl nie gevind word nie, Muse. Nie eers in ’n storie nie. Ek verstaan dit nou. Haar hele fight was nie om hier vry te wees nie, dit was sy tog nooit. Alles wat sy was, wat sy gedoen het, was om vry te wees ván die wêreld, nie ín die wêreld nie. Verstaan jy dit?”

“Meer as wat jy kan dink.”

“Ek dink sy was te groots vir ’n fisiese vorm. Om op die aarde gevange gehou te word deur swaartekrag, en om dan op ’n plek soos Leliefontein onder sulke omstandighede te beland, moes absolute hel wees. Genadeloos gejag deur stekende perdebye, die maaiers en vlieë wat toesak op haar elke hartseer traan en bloeiende wond, dink ek sy het gesmeek om die Acheron oor te steek.

“Hierdie emosionele melancholie laat jou faal met jou gawes en talente. Jy doen nie wat jy moet doen nie. En jy weet dit. Jy het nie resolusie nodig nie, die leser allermins.”

“Gaan jy my nou vertel van my intieme skrywersband met Leliefontein? Is dit nie ’n verpligting dat dit die Karoo moet wees nie. Of Durban of Stellenbosch? Dis mos al waar iets gebeur in ons letterkunde.”

“Wie skyt nou in haar eie voordeur?”

“Ironies, nè?”

“Het jy die foto’s gebring?”

“Ja, hier. Wil jy weer daarna kyk?”

“Ek sal die beelde nooit weer kan vergeet nie.”

"Ek ook nie."

"Nou doen iets daarmee, Julia," bars hy uit, "jy kan dit nie net so laat vaar nie."

"Ek weet nie. Ek weet nie wat ek gedink het nie. Hoekom ek gedink het ek 'n roman sou kon skryf, weet die vrou in die maan alleen."

Gefolterd deins hy terug. "Julia, moenie…"

"Dis die waarheid, sonder jou sou ek nooit so lank uitgehou het nie. Ek sou lankal opgegee het. Ek is nie kwaad vir jou nie, ek het dit selfs op 'n stadium begin glo."

"Julia…"

"Ek het dit nou bewys, I'm not worthy of this."

"Hou op," skree hy, "hou net op! Hierdie verfoeilike selfhaat is nou die finale verwerping van die gawe wat aan jou gegee is. Dit is selfvernietigend. Jy vernietig mý."

"Ek sal nie van plan verander nie. Ek kan nie. Hoe gaan ek lewe, waarvan?"

"Van die waarheid. Being true to yourself. True to your story. Van nie vervlak tot mediokriteit tussen die intellektueelgestremde lemmings nie. Daar is tog 'n mate van vryheid in?"

"Jy is net so vasgevang in wat jy glo is reg as wat hulle is. En dis oukei. Daar het ons mos nou gesien wat werklike vryheid is. Dis letting go." Ek hou die pak foto's na hom uit.

Tant Riens was verbete toe ek haar gaan groet het: "Ag, verbrand die vervloekte goed. Ou Salie sal dit tog nie weer wil terughê nie, as hy dit ooit nog onthou. Dit is net 'n spul hartseer en ellende."

Muse krimp ineen toe die groot silwer viertrek langs my Volkswagen stilhou. "Ek's klaar, is jy reg? Jy gaan my plaas love," bulder Pierre. "Plase!" korrigeer hy homself en skater. Ek volg die mooi man in sy duur motor. In my truspieël sien ek Muse vervorm, die horingkop en skerp ken, die kloue en die swiepende stert, 'n horrelpoot. Horribile visu! Saam met die brandende foto's verdamp hy êrens in die stofwolk agter my Volla.

In die vroeë oggendure word ek wakker in die arms van die mooi man in sy mooi bed in sy mooi huis. Ek het nog nie veel geslaap nie, jare se inhaal vat tyd. Ek is seer, maar dadelik lus

as ek kyk na sy perfekte torso, die roede skuins oor sy lies. Hy kreun sag as ek liggies streel oor sy eikel.

Ek los die mooi man slapend in sy bed. Die huis is enorm en modern, voorstedelik. Dit kan enige plek wees. Die mure in die studeerkamer is behang met foto's, talle buitelandse reise, ski-vakansies. En jagtrofeë. Die boekrakke pragtig ingerig met gelyksoortige condensed versions in verskillende kleure, onaangeraak. 'n No-smoking plaatjie op die lessenaar. Op die koffietafel kry ek 'n bottel Cognac.

Met die bottel Bache Gabrielsen op my lippe en 'n gloeiende Crown in my hand stap ek deur die huis, soek ek weer die kamer waar die mooi man se lyf vir my wag.